# JAARVERSLAG
## 2017/2018



AGRI SA

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Agri SA | Privaatsak X180 | Centurion | 0046

Inkwazi Kantoorpark | Blok A | Embankmentweg 1249 | Zwartkop X7

**Telefoon** +27 (0)12 643 3400
**Faks** +27 (0)12 663 3178
**Webwerf** www.agrisa.co.za
**E-pos** agrisa@agrisa.co.za

**Agri SA 2017/2018-JAARVERSLAG**
**Kopiereg 2018 © Agri SA**

# INHOUDSOPGAWE

**VISIE EN MISSIE VAN AGRI SA** ..... 4

**VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT** ..... 6

**OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR** ..... 8

**OORSIG VAN AGRI SA SE TRANSFORMASIE-INISIATIEWE** ..... 16

**FOTO's** ..... 18

**KONGRESVERSLAG 2017** ..... 21

**SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID**
Arbeid en Ontwikkeling ..... 34
Ekonomie en Handel ..... 37
Grond ..... 55
Landelike Veiligheid ..... 60
Natuurlike Hulpbronne ..... 69

**AGRI SECURITAS TRUSTFONDS** ..... 77

**PERSONEEL** ..... 82

**ORGANOGRAM AGRI SA** ..... 83

**IN MEMORIAM** ..... 84

**ERETOEKENNINGS** ..... 85

**SAMESTELLING VAN DIE KONGRES** ..... 86

**STRUKTURE WAARIN AGRI SA VERTEENWOORDIGING GENIET** ..... 87

**FINANSIËLE STATE** ..... 90

# VISIE

Eenheid oor landbou

# MISSIE

Agri SA bevorder die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleid en die implementering daarvan.





# VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT



*Dan Kriek*

**Die werksaamhede van 'n landboubelange-organisasie soos Agri SA is werklik omvangryk en uitdagend van aard. Die reikwydte en invloedsfeer van die organisasie oorspan vele terreine van die samelewing.**

Die landbousektor bevind homself midde-in die belangrikste vraagstukke en uitdagings van ons ontwikkelende demokrasie. Die ontwikkelingsdoelwitte van Suid-Afrika sentreer rondom die driedubbele uitdaging van armoede-verligting, regstelling van ongelykheid en werkskepping. Die verwesenliking van ons grondwetlike ideale en die skep van inklusiewe ekonomiese groei bly die uiteindelike mikpunt.

Die afgelope jaar sal onthou word as een van waarin vele kontroversiële aangeleenthede in die publieke en sosiale diskoers op die spits gedryf is. Die volgehoue pogings tot effektiewe droogtehulp moes noodgedwonge eindig in 'n ondersoek rondom moontlike korrupsie en wanaanwending van fondse. Agri SA het in vennootskap met ADS en Landbouweekblad 'n grondoudit gepubliseer ten einde 'n bydrae tot sinvolle ontwikkeling van grondhervormingsdoelwitte daar te stel.

Die veiligheid van landelike bewoners, óf eerder die gebrek daaraan, is tydens Swart Maandag onder die ganse samelewing se aandag gebring. Die implementering van 'n nasionale minimumloon is nou 'n werklikheid en sal ongetwyfeld uitdagings aan winsgewendheid, produktiwiteit en werkskeppingsdoelwitte stel. Die ANC se besluit om die beginsel van onteiening sonder vergoeding voor te staan en artikel 25 van die Grondwet te wysig ten einde dié beginsel te verwesenlik, het ongetwyfeld vir die grootste opslae gesorg. Die negatiewe beleggingsentiment wat noodwendig ontstaan het, is steeds besig om te verdiep.

Die droogtesiklus waarin Suid-Afrika hom bevind het nie sy wurggreep op die westelike dele van ons land laat vaar nie. Ongekende uitdagings moes deur die landbousektor trotseer word. Besproeiingsboere in die intensiewe bedrywe van die Wes- en Oos-Kaap is veral hard getref. Veeprodusente is steeds met die werklikheid van kuddevermindering en duur droogtevoer gekonfronteer. Die besef dat ons steeds op mekaar aangewese is vir droogtehulp, is beide 'n bron van kommer, maar ook een van groot dankbaarheid.

Die byna onwerklike vooruitsig dat 'n stad soos Kaapstad sonder water sou opeindig, was vir groot dele van die jaar 'n onrusbarende moontlikheid. Die goeie reënneerslae in die Wes-Kaap, met gepaardgaande styging in damvlakke, was 'n welkome verandering ná 'n tydperk van diepe kommer. Die toekomstige bestuur van ons waterhulpbronne sal ongetwyfeld een van Agri SA se hoof-uitdagings wees en sal 'n groot klem op tegniese sowel as regstegniese kundigheid plaas. Ons Sentum van Uitnemendheid vir Natuurlike Hulpbronne sal instrumenteel en invloedryk in die ontwikkeling van langtermyn-waterstrategieë wees.

> "Die dringende soeke na ordelike en ekonomies volhoubare grondhervormingsmodelle het 'n nuwe tydvak betree."

Die dringende soeke na ordelike en ekonomies volhoubare grondhervormingsmodelle het 'n nuwe tydvak betree. Toonaangewende verslae soos die High Level Report van mnr Kgalema Motlanthe, sowel as die Agri SA Grondoudit in vennootskap met ADS en Landbouweekblad, het die lig gesien. Beide dokumente kan tesame met Agri SA se holistiese grond- en finansieringsplanne gebaseer op die Nasionale Ontwikkelingsplan, as rigtinggewend vir die voortslepende gronddebat beskou word.

Agri SA se Transformasieverslag was 'n uitbeelding van die toewyding van ons bedryfsorganisasies en korporatiewe lede tot volgehoue transformasie in die landbousektor. Die ooglopende tekortkoming in die gronddebat is die gebrek aan uitbreiding van eiendomsreg vir nuwe en kommunale boere. Die sleutels tot die volhoubare vestiging van nuwe

boere is ongetwyfeld pasgemaakte finansiering ondersteun deur 'n ontwikkelingsfonds. Die landbousektor beskik oor 'n oorvloed kennis en vaardighede om al hierdie elemente in 'n agri-ontwikkelingsagentskap saam te vat. Ons het in werklikheid nie nog planne nodig nie, maar wel beter implementering en implementeringsvennote.

Die privaatsektor gaan ongetwyfeld 'n groter mate van verantwoordelikheid vir grondhervorming en transformasie moet aanvaar. In die soeke na oplossings sal ons die samelewing, sowel as die regering, moet oortuig dat ons die morele en grondwetlike noodsaaklikheid van volhoubare grondhervorming verstaan en ondersteun. Pogings om die regering van die dag as implementeringsvennoot by te staan, sal verskerp moet word. Die skep van vertroue tussen ons en die ANC-regering is 'n kritiese bestanddeel vir toekomstige sukses.

Die landbousektor lei die ekonomie. Die ekonomiese groeisyfers wat deur die landbousektor gedurende 2017 behaal is, ten spyte van talle uitdagings, kan as niks minder as indrukwekkend beskou word nie. Die veerkragtigheid van die sektor om terug te bons na die uitmergelende droogtetoestande is 'n bewys van die gehalte van ons boere. Die boere van ons land is inderdaad 'n nasionale bate. Die groot graanoeste het natuurlik nie tot beter kontantvloeiposisies vir al ons produsente gelei nie en is ons steeds in 'n delikate ekonomiese herstelfase.

Artikel 25 van die Grondwet is die hoeksteen van voedselsekuriteit in Suid-Afrika. Die waarde van die grond waarop geproduseer word, dien as sekuriteit vir die finansiering van produksiemiddele, verdere beleggings in tegnologie en skep van infrastruktuur. Die keuse van die ANC-regering om wysigings aan artikel 25 van die Grondwet aan te bring, het reeds verreikende gevolge vir beleggersekerheid en vertroue gehad. Die huidige vlakke van onsekerheid is eenvoudig te hoog om langtermyn-beleggings in die landbou te verseker. Ons sal die huidige stand van sake dringend moet aanspreek om die broodnodige ekonomiese groeipotensiaal van die sektor te ontsluit. Alle boere het grondwetlike beskerming en beleidsekerheid nodig om met vertroue in hul boerderye te belê.

> "Agri SA het homself verbind tot die beskerming van ons Grondwet, sowel as die vind van volhoubare oplossings."

Agri SA het homself verbind tot die beskerming van ons Grondwet, sowel as die vind van volhoubare oplossings.

Die voortgesette groei van ons organisasie is 'n riem onder die hart. Agri SA is tans bykans 70 geaffilieerde organisasies sterk. Die groei van die bedryfskamer en veral die korporatiewe kamer het alle verwagtinge oortref. Ons strategie van waardeketting-integrasie is uiters suksesvol en hoop ons om 'n veel groter impak op beleidsuitdagings te maak.

Die enjinkamer van Agri SA bly steeds ons vyf Sentrums van Uitnemendheid. Beleidswerk wat deur hierdie sentrums gedoen word is omvangryk, indrukwekkend en toonaangewend. Ons beskik oor van die beste kundigheid op elke vlak van beleidsformulering. Ons media-teenwoordigheid is versterk deur 'n teenwoordigheid op velerlei kommunikasiekanale. Agri SA is danksy die personeel wat vir ons werk, 'n uiters professionele en moderne organisasie in diens van die landbousektor.

My opregte dank gaan aan al ons lede, vennote, borge en vriende vir u volgehoue ondersteuning aan Agri SA.

My opregte dank gaan aan kollegas, asook aan almal in die breër landbou familie vir u harde werk en toewyding tot 'n welvarende, getransformeerde en uitnemende landbousektor.

**Eating is an agricultural act – Wendell Berry**



**Dan Kriek**
*President*

# OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR



*Omri van Zyl*

***"The ultimate measure of a man is not where he stands in moments of comfort and convenience, but where he stands at times of challenge and controversy."* – Martin Luther King jr.**

Dié aanhaling beskryf Agri SA se uitdagende rol in die Suid-Afrikaanse samelewing. Soveel te meer in die grondonteieningsdebat. Daar was al moeilike tye in die verlede en daar sal nog moeilike tye voorlê. Maar ons staan sterk.

In die media en die volksmond is daar hoopvol oor Ramaphoria gepraat na Cyril Ramaphosa se verkiesing, eers as ANC-president in Desember 2017 en daarna tot staatshoof vroeg in 2018 ná sy voorganger se onafwendbare bedanking. Almal was weer vol hoop vir 'n nuwe korrupsievrye Suid-Afrika.

Die gronddebat het egter weer vlam gevat en Ramaphosa het op 31 Julie 2018 in sy hoedanigheid as ANC-president hul steun aan die wysiging van artikel 25 van die Grondwet gegee. Markte het reageer en onsekerheid was aan die orde van die dag. Dit het geblyk dat dié Ramaphoria vir eers geblus is.

Agri SA het reeds voor die ANC-verkiesingskonferensie in Desember 2017 begin regmaak vir die onteienings-debat; dit is immers 'n vraagstuk so oud soos ons demokrasie. Agri SA het in sy 2017-kongres die Grond en Omgewingsfonds aangekondig, juis om te help met enige bewusmaking of onder meer litigasie teen onteiening. Deur 2018 het Agri SA die media en belanghebbendes bewus gemaak van die gevare van onteiening sonder vergoeding, maar terselfdertyd in goedertrou samesprekings met die ANC en die regering gevoer.

> "Vandag kan Agri SA met 'n breë bors staan en vertroud wees dat twee belangrike oogmerke behaal is; die publiek en allerlei rolspelers verstaan nou die gevaar van onteiening sonder vergoeding, en ons aanhoudende gesprekke met besluitnemers binne die ANC en die regering het tot die begin van 'n produktiewe gesprek oor eiendomsregte gelei."

Vandag kan Agri SA met 'n breë bors staan en vertroud wees dat twee belangrike oogmerke behaal is; die publiek en allerlei rolspelers verstaan nou die gevaar van onteiening sonder vergoeding, en ons aanhoudende gesprekke met besluitnemers binne die ANC en die regering het tot die begin van 'n produktiewe gesprek oor eiendomsregte gelei.

Een van die uitvloeisels van hierdie gesprekke was die versekering wat gegee is dat grondgrype nie geduld sal word nie. Agri SA se verhouding met die regering was nog altyd gesond, maar die versterkte bande in die laaste paar maande is werklik 'n kwalitatiewe verbetering. Daar is natuurlik nog baie werk wat gedoen moet word en die belange van produsente moet beskerm bly. Dit sal naïef wees om paaiende woorde net so te aanvaar. Maar ten minste praat Agri SA met besluitnemers en skree nie van die kantlyn af nie.

Hoewel die gronddebat soveel aandag trek, is daar ook ander fundamentele uitdagings vir landbou waarna Agri SA ook kyk. Die droogtetoestande in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap het in 2018 voortgeduur. In 2018 het verskeie organisasies, maatskappye, boere, ek en jy ingespring en ons het noodsaaklike voer aan gebiede afgelewer. Ek bedank elkeen hier.

In eie kraal is die veranderinge wat aan Agri SA se grondwet by die 2017-kongres gemaak is, in vanjaar se verslagjaar suksesvol deurgevoer. Van die hooftrekke sluit in die ontbinding van die algemene raad wat met 'n direksie vervang is. Die direksie is verteenwoordigend van die verskillende kamers in Agri SA.

## MARKTE EN DIE EKONOMIE

Die onderstaande inligting hou grootliks verband met 2017, wat beteken dat die aanvanklike impak van die droogte sedert 2015 grootliks in berekening gebring is. Terwyl droogtes 'n wesenlike invloed op landbou-uitsette het, het die landbousektor vanjaar buitengewoon

goed gevaar, gemeet aan amptelike inkomstestatistieke. Inaggenome die impak van die droogte, is die sektor se prestasie prysenswaardig. Netto boerdery-inkomste beloop R101 miljard, wat ongeveer 12% meer is as in die vorige tydperk. Dié toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n skerp styging in inkomste uit diereproduksie.

Gedurende 2017 het die brutowaarde (R137,9 miljard) van diereproduksie met meer as 15% toegeneem, terwyl akkerbouprodukte op R62,9 miljard geraam is – 'n toename van 6% sedert 2016. Die nominale koste van intermediêre goedere en dienste het gestyg met 6,5% in 2017, nadat dit jaarliks gemiddeld 9% oor die afgelope sewe jaar toegeneem het. Hierdie krimpende toename kan die gevolg wees van die droogte gekombineerd met verminderde aanplantings van somergewasse en tuinbouprodukte.

Die eerste helfte van 2017 is gekenmerk deur ernstige droogtetoestande in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap, wat 'n impak op verskeie terreine gehad het, byvoorbeeld kleiner groente- en vrugteoesopbrengste. Die beperkte/geen beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes asook gevalle van voëlgriep het wesenlike uitdagings geskep. Die finansiële implikasies van hierdie terugslae sal mettertyd duidelik word.

Op die internasionale front het Suid-Afrika in 2017 'n netto uitvoerder van landbouprodukte gebly. Gerugsteun deur die depresiasie van die rand teen die belangrikste geldeenhede, het die waarde van Suid-Afrikaanse landbou-uitvoer in 2017 met 6% gestyg tot nagenoeg R103 miljard. Die sektor het 'n positiewe handelsbalans van nagenoeg R27 miljard in 2017

**Agri SA se finansiële posisie**

| Belangrikste bewegings – Staat van finansiële posisie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2018 | 2017 | Beweging | % |
| **Kapitaal en reserwes** | R 216 406 613 | R 220 679 247 | (R 4 272 634) | (1.94%) |
| **Nie-bedryfsbates** | R 45 787 392 | R 42 097 625 | R 3 689 767 | 8.76% |
| **Belegging** | R 168 158 658 | R 177 750 921 | (R 9 592 263) | (5.40%) |
| **Bedryfsbates** | R 10 020 385 | R 5 739 467 | R 4 280 918 | 74.59% |
| **Bedryfslaste** | R 7 559 822 | R 4 908 766 | R 2 651 056 | 54.01% |

getoon, wat kan dui op 'n groter hoeveelheid produkte beskikbaar vir die uitvoermark. Die hoofdrywers van hierdie groei in uitvoer was Nederland, die Verenigde Koninkryk, Mosambiek, China en Zimbabwe.

Ons kapitaalhulpbronne word uitgeput hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike afname in beleggingswaarde van ons portefeulje beleggings, met die gevolg dat ons kapitaalreserwes moes aanwend om die besigheid aan die gang te hou. Ons het ook aftrede-pakkette uitbetaal aan die personeel wat die organisasie verlaat het. Die kombinasie hiervan het 'n tekort veroorsaak.

Wat ander inkomstestrome betref het ons 'n verbetering in vergelyking met vorige jare ervaar, met projek-inkomste en addisionele borgskappe wat teen 'n konstante vlak toeneem. Die toevoeging van ons korporatiewe lede sal help om Agri SA in positiewe syfers te laat beweeg.

## AGRI SA-PROJEKTE

Ons was die afgelope finansiële jaar besig met 'n verskeidenheid projekte met die oog daarop om die boer op grondvlak strategies by te staan. Hierdie projekte word hieronder genoem.

**a) Grondoudit**

Die bevindinge van die grondoudit is op 1 November 2017 bekend-gemaak. Die Agri SA/ADS/Landbouweekblad-grondoudit het wye mediadekking in Suid-Afrika en die buiteland geniet. Die oudit het inligting verskaf oor die demografie van eienaarskap in Suid-Afrika. In Maart 2018 het die regering sy langverwagte oudit bekendgestel, met kritiek wat daarop gevolg het. Agri SA se grondoudit was 'n begin om die feite oor grondeienaarskap in Suid-Afrika op die tafel te sit.

"Die bevindinge van die grondoudit is op 1 November 2017 bekend-gemaak. Die Agri SA/ADS/Landbouweekblad-grondoudit het wye mediadekking in Suid-Afrika en die buiteland geniet."

**b) Smart Agri Risk Management-lessenaar**

In Mei 2018 is die verbintenis tot die Smart Agri Risk Management-lessenaar in samewerking met Senwes herbevestig. Die lessenaar het gekom ná afloop van die droogte om te verseker dat ons die grootste risiko's wat ons bedryf en die ekonomie in die gesig staar, kan aanspreek en versag. Ons benadering tot die risiko-lessenaar is om baie prakties te werk te gaan om te verseker dat ons meganismes ontwerp wat in die praktyk 'n verskil aan boere sal maak.

As deel van die Smart Agri Risk Management-lessenaar beoog Agri SA om 'n Smart Disaster Aid (SDA)-strategie te loods. Laasgenoemde sal op risikobestuur, asook aanpassing by en verligting van risiko in landbou oor die algemeen fokus.

Te danke aan die lessenaar het ons die onteiening sonder vergoeding intyds met 'n weldeurdagte strategie aangespreek.

**c) Water-lessenaar**

Die Agri SA-Waterlessenaar is op 2 Mei 2018 van stapel gestuur. Die lessenaar sal fokus op waterbeleid en wetgewende voorstelle. Die lessenaar sal ook insette aan die Waternavorsingskommissie lewer en pro-aktief alle risiko's in landbou hanteer.

**d) Droogtegeldverkwisting**

Agri SA het 'n klag by die Ouditeur-Generaal en die Openbare Beskermer ingedien oor bedrog wat ons oopgevlek het wat verband hou met die allokasie van geld wat vir boere in die droogte van 2016/17 bestem was. Dis vir ons as organisasie ook belangrik om 'n verantwoordelike organisasie te wees wat die reëls van etiese en morele regverdigheid ten hoogste ag.

**e) Skaliegasontwikkeling**

Agri SA is teen die voorgestelde vestiging van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika gekant. Die Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid neem hier die voortou. Ons hou vol dat daar nie genoeg inligting beskikbaar is oor of so 'n bedryf ons waterbronne kan besmet al dan nie. Agri SA sal voortgaan om maatskappye wat in skaliegasontginning wil doen, teen te staan.

**f) Transformasie-hub**

Agri SA se verteenwoordigers sal voortgaan om 'n rol te speel om te verseker dat openbare befondsing doeltreffend aangewend word om transformasie teweeg te bring. Die hoofdoelwit is om akkurate en opgedateerde data oor transformasie by te hou en om projekte te implementeer wat vroue en die jeug werklik bemagtig – werkbare projekte wat sigbare resultate oplewer.

Ons het ons transformasieverslag bekendgestel by ons bedryfs- en korporatiewe-konferensie – wat uiteengesit het watter transformasie en ontwikkelingsaktiwiteite ons affiliasies mee besig is. Vir die eerste keer het ons 'n gekonsolideerde weergawe gekry van waarmee die sektor besig is – kortliks bestee ons jaarliks R331 miljoen en is betrokke by 108 307 boere.

"Vir die eerste keer het ons 'n gekonsolideerde weergawe gekry van waarmee die sektor besig is – kortliks bestee ons jaarliks R331 miljoen en is betrokke by 108 307 boere."

**g) Operasie Phakisa**

Agri SA is een van 161 deelnemers wat aan die vyfweeklange Agri Phakisa-werkwinkel deelgeneem het. Agri SA in samewerking met die departement van landbou, bosbou en visserye asook die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming is besig met die beplanning van loodsprojekte op grondvlak. Sentraal tot die opdrag was om voedselsekerheid vir alle Suid-Afrikaners en werkgeleenthede as die hoof-uitkomste te verseker.

**h) Grondberaad in samewerking met Landbouweekblad**


Die grondberaad het uitstekend verloop. Honderde rolspelers het die geleentheid in Bela-Bela in Limpopo bygewoon. Konstruktiewe gesprekke is gevoer en daar is waarlik optimisme vir die toekoms en transformasieprojekte in die lug.

## BEMARKING, KOMMUNIKASIE EN BEELDBOU

Agri SA se skakeling met sy lede en belanghebbendes is in 2018 op 'n nuwe fondasie geplaas om te verseker dat die beeld van Agri SA so effektief as moontlik gebou word. As deel van die snel-veranderende kommunikasiewêreld, veral wat digitale

en sosiale media betref, werk die kommunikasie- en beeldboufunksie naby aan die uitvoerende bestuur van Agri SA om te verseker dat die boodskap na buite konsekwent bly.

Agri SA se kommunikasie en beeldboukomitee is gedurende 2017 ontbind. Bemarking, kommunikasie en beeldbou word deur Agri SA se direksie oorsien en daar word direk aan die uitvoerende direkteur hieroor gerapporteer.




Bron: Meltwater

**Kommunikasiestrategie**

Agri SA se kommunikasiestrategie is oorhoofs om ons boodskap buite die tradisionele gehoor te groei, maar terselfdertyd hoë kwaliteit en relevante inligting aan ons ledebasis te verskaf.

In kommunikasie is dit van uiterste belang om die terme van die debat te stel, anders volg jy. Daarom spits Agri SA hom toenemend toe om nie net die verantwoordelike stem te wees nie, maar ook om nuwe en innoverende punte die land in te stuur. Agri SA en sy filiale skep juis voortdurend oorspronklike inhoud deur hul daaglikse omgang rakende beleid en ander prioriteit-aangeleenthede wat produsente graag wil hoor. Buiten ons persverklarings wat normaalweg die grootste media-huise bereik, gebruik Agri SA ook nou al meer ad-hoc-navorsingsverslae om pro-aktief die voller prentjie van ons kennis weer te gee.

Elke moontlike media-kanaal word gebruik om met die breër Suid-Afrikaanse publiek te skakel. In daardie opsig span Agri SA sy sosialemedia-kanale al hoe meer in om die nodige inligting vinnig uit te kry.

> “Elke moontlike media-kanaal word gebruik om met die breër Suid-Afrikaanse publiek te skakel. In daardie opsig span Agri SA sy sosialemedia-kanale al hoe meer in om die nodige inligting vinnig uit te kry.”

**Bemarking- en befondsingstrategie**

As ’n gesiene gesag in landbou wat geken word vir sy weldeurdagte sienings, is Agri SA in die gunstige posisie om al hoe meer deur organisasies genader te word wat met ons goeie werk wil assosieer.

Agri SA se bemarkingstrategie is om die bestaande netwerk-fora soos die kongres, ad-hoc besprekings, tydskrif en digital media in te span. Daardeur kry belangstellendes binne die landbou-waardeketting die geleentheid om hul eie profiel te lig en ’n waardevolle gebaar te maak rakende hul verbintenis tot Suid-Afrikaanse landbou.

**Mediablootstelling**

Meltwater monitor Agri SA se media-blootstelling: gedruk, radio, TV en sosialemedia. Die kommunikasiespan stel op ’n weeklikse basis moniterings-verslae saam. Uit die verslae is dit duidelik dat Agri SA as ’n gesag-hebbende kommentator oor ’n wye reeks van landbou-verwante onderwerpe geag word.

Agri SA se blootstelling op Facebook, Instagram, Twitter en LinkedIn het gedurende die verslagjaar gegroei. Sosialemedia is ’n vinnige manier om met ’n groot gehoor te skakel en Agri SA bou voort om sy gehoor te groei.

**Webblad en sosialemedia**

Agri SA se webblad is ’n goed funk-sionerende, intyd-platform waarop verskeie Agri SA-dokumente en bedryfsnuus gedeel word.

Gedurende die verslagjaar is die webblad herontwerp en het die kommunikasiespan beheer geneem oor die dag-tot-dag-bestuur van die webblad. Agri SA Facebook-, Twitter- en Instagram-profiele word op sekere bladsye van die webblad gepromoveer. ’n Geslote ledeportaal word in die vooruitsig gestel wat toegang bied aan geregistreerde lede-organisasies om geselekteerde inligting te bekom.

Agri SA se sosialemedia platvorm aktiwiteite was vantevore deur 'n onafhanklike kontrakteur hanteer. Vandat direkte beheer geneem is oor dié platforms is die inhoud aangepas om Agri SA se boodskap sterker uit te dra, volgelinge op die platforms het gegroei en beheer word ook uitgeoefen op die tye van plasings wat die reikwydte daarvan vergroot.

Die sosialemedia-platforms, Facebook, Twitter en Instagram word direk deur die kommunikasiebeampte bestuur en groei maandeliks, wat in ooreenstemming is met die strategie van die kommunikasie-afdeling.

| Platform Junie 2018 | Aantal Agri SA-volgelinge |
|---|---|
| **Facebook** | 22 177 |
| **Twitter** | 12 200 |
| **Instagram** | 3 178 |
| **LinkedIn** | 5 917 |

**_Agri_ waarby ingelyf Die Boer/ The Farmer**

Die tydskrif *Agri* is Agri SA se tweemaandelikse tydskrif. Dit verskaf inligting oor beleid, wetgewing en programme wat vir landbouers van belang is. Dit verskaf ook raad, voorligting en nuus oor aktuele gebeure aan ongeveer 28 500 boere, wat deur die onderskeie affiliasies lede van Agri SA is.

Die tydskrif word regstreeks versend en word ook as 'n elektroniese blaaiboek op Agri SA se webblad gepubliseer. *Agri* se sirkulasiesyfers word op 'n halfjaarlikse basis deur die Audit Bureau of Circulations (ABC) geouditeer.

**Parlementêre skakeling**

Daar is 30 wetsontwerpe gedurende die tydperk onder oorweging deur die parlement gevoer. Hiervan was 10 van die wetsontwerpe van direkte belang vir die landbousektor. Dit sluit in die Restitusie-wysigingswetsontwerp, Wysigingswetontwerp op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde, die Wetsontwerp op die Minimumloon en die Wysigingswetsontwerp op die Nasionale Omgewingsbestuurswet.

Agri SA se parlementêre verteen-woordiger het komiteevergaderings bygewoon en parlementêre verslae is op 'n gereelde grondslag aan Agri SA deurgestuur. Daar is gerapporteer oor onderwerpe soos die strategiese planne en jaarverslae van staatsdepartemente en -instellings, die beheer van veesiektes, vordering met die restitusie-proses, die relatieweregte-loodsprojekte, die begrotings van die departemente van landbou, bosbou en visserye en die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming, die droogte in die Wes-Kaap en die finansiële probleme van die departement van water en sanitasie.

> "Agri SA se parlementêre verteen-woordiger het komiteevergaderings bygewoon en parlemen-têre verslae is op 'n gereelde grondslag aan Agri SA deurgestuur."

**Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie**

Die Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie word deur Agri SA onderskryf. In 2017 was dit die 14de jaar dat Toyota SA dié kompetisie geborg het met 'n Toyota-bakkie as hoofprys.

Agri SA is verantwoordelik vir onder meer die koördinering van die kompetisie tussen Toyota SA en die provinsiale affiliasies van Agri SA. Agri SA beskou die kompetisie as van groot waarde, omdat jong rol-modelle vir voornemende toetreders geïdentifiseer word, wat noodsaaklik is om die toekomstige dinamiek van die sektor te verseker.

Tydens 'n glansryke geleentheid by Klein Kaap in Centurion in Oktober 2017 is Jaco Strauss, 'n gewasseboer in die Vaalhartsdistrik in die Noord-Kaap, as wenner aangewys.

Die kompetisie bestaan sedert 2004 en die jaarlikse wenners was soos volg:

- 2004: Jan Grey, Agri Mpumalanga
- 2005: Johan Furstenburg, Agri Limpopo
- 2006: Pieter Nortje, Agri Oos-Kaap
- 2007: Robert De Villiers-Graaff, Agri Wes-Kaap
- 2008: JB van den Berg, Vrystaat Landbou
- 2009: Tony Da Costa, Agri Gauteng
- 2010: Jan Scheepers, Vrystaat Landbou
- 2011: Gog van der Colf, Agri Noord-Kaap
- 2012: Richard Ablort-Morgan, Agri Oos-Kaap
- 2013: Attie Stoltz, Agri Noord-Kaap
- 2014: Sakkie van Zyl, Agri Noordwes
- 2015: Anthony Goble, Kwanalu
- 2016: Jacques Beukes, Agri Wes-Kaap
- 2017: Jaco Strauss, Agri Noord-Kaap

**Ander skakelaksies**
Die Direktoraat Korporatiewe Skakeling was verantwoordelik vir die volgende aksies/geleenthede wat deur die loop van die jaar plaasgevind het:

- Koördinering van inligtingsgeleenthede en besoeke van internasionale en plaaslike gaste;
- Agri SA se jaarkongres, Bedryfskamer- en Korporatiewe Kamer-konferensie asook Nampo Oesdag;
- Agri SA se korporatiewe klerereeks;
- Koördinering van Agri SA se jaarverslag;
- Saamstel en verspreiding van Agri SA se maandelikse nuusbrief;
- Joernalistieke kompetisie in samewerking met Landbouskrywers SA en Agri Securitas Trustfonds; en
- Bywoning van landbougerigte uitstallings en geleenthede.

**Nuwe personeel**
In 2018 moes Agri SA personeellede groet wat nuwe loopbaanrigtings gekies het. Annemi Mennen, Leanne George, Yolisa Mfaise en Hamlet Hlomendlini – ons wens hulle alles van die beste toe! Die personeelkorps staan tans op 30 permanente werkers.

In die vakante poste is die bes moontlike talent wat in die mark beskikbaar was, aangestel. Die volgende persone is aangestel:

- **Melissa Tighy**
*Kommunikasiebeampte*
BA Geesteswetenskappe
BPhil Joernalistiek
Senior joernalis

- **Aloise Fullex**
*Bemarkingsbestuurder*
BCom Bestuurswetenskappe
BCom Honneurs in Bemarking en Sakebestuur

- **Mihlali Xhala**
*Leerlingskap (Korporatiewe Sake en Bemarking)*
BA Sosiale Dinamika
Hons. Politieke Wetenskap

- **Nel Coetzee**
*Leerlingskap (Ekonomie en Handel)*
BCom Landbou Ekonomie
Sertikaat in Digitale Bemarking

- **Moleboheng Sekonyela**
*Leerlingskap (Arbeid en Ontwikkeling)*
BTech in Menslike Hulpbronnebestuur

- **Yolandi van der Merwe**
*Leerlingskap (Uitvoerende direkteur)*
BCom Agri-besigheidsbestuur

Jacob Ledwaba het aan die einde van 2017 afgetree en is opgevolg deur Isaac Mkhize. Phumi Seopa is permanent as skoonmaker aangestel. Jolanda Andrag is aangestel as sosio-ontwikkelingsamptenaar in die Transformasie Hub, ná voltooiing van haar internskap. Gregory Smith is ook ná afloop van sy internskap permanent as navorsingsassistent aangestel. Die besluit is ook geneem om die menslikehulpbronne-bestuursfunksie na Jahni de Villiers te verskuif, tesame met die bestuur van die Arbeid en Ontwikkeling Sentrum van Uitnemendheid.

Deur die finansiële ondersteuning van die Sasol Trust kon Agri SA drie internskappe skep, een elk by Arbeid en Ontwikkeling, die uitvoerende direkteur se kantoor asook Ekonomie en Handel.

## NUWE KORPORATIEWE LEDE

Die deel van ons strategie wat waardekettingintegrasie ondersteun, sowel as die toevoeging van nuwe korporatiewe lede, was uiters suksesvol. Agri SA se korporatiewe ledebasis staan tans op 36 lede. Agri SA het ook drie addisionele bedrywe by ons uitgebreide organisasie gevoeg.

## REKENINGKUNDIGE BELEID

Geen veranderinge is aan die rekeningkundige beleid met betrekking tot vaste bates en die afskryf daarvan gedurende die verslagjaar aangebring nie en daar word voldoen aan die internasionale standaarde sedert Desember 2016. Dit beteken alle bates moet waardeer word volgens billike waarde by jaareinde. Die Inkwazi-gebou is op 5 Julie 2018 deur HMS herwaardeer, wat 'n billike waarde-aanpassing van R 3 768 630 tot gevolg gehad het.  Waardevermindering word afgeskryf oor die verwagte leeftyd van die bates en 'n residu-waarde is gekoppel aan elke bate, wat dan jaarliks hersien moet word.

## VERANTWOORDELIKHEDE

Ingevolge Agri SA se grondwet is die direksie verantwoordelik vir die hou van rekeningkundige rekords. Hierdie komitee is ook verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële state, word hulle ondersteun deur Agri SA se eksterne ouditeure. Laasgenoemde moet 'n onafhanklike mening uitspreek en daaroor verslag doen. Die goedkeuring van die finansiële state berus by die direksie. Finansiële bestuur geskied ingevolge 'n bylae tot Agri SA se grondwet onder "Delegering van Magte".

## OUDITEURE

Agri SA se ouditeure is die Ashton CA (SA) Group.

Die geouditeerde finansiële state is op 18 Julie 2018 aan die direksie voorgehou en goedgekeur. Ingevolge die bepalings van Agri SA se grondwet word die verkorte finansiële state aan die kongres voorgehou.

## ERKENNING

Ons span, wat bestaan uit Agri SA-personeel, ons direksie en die Sentrums van Uitnemendheid, het hul uitstekend gekwyt van hul taak in die bestuur van en beplanning vir bystand. Baie dankie vir al die onbaatsugtige werk wat almal in ons organisasie doen.

Ek wil ook graag my dank betuig aan al ons lidorganisasies wat in hierdie tyd behulpsaam was met advies, finansiële verligting en inligting om ons lede en kliëntebasis te beskerm en te groei. Ons het almal bygedra om Agri SA se handelsmerk binne Suid-Afrika en internasionaal te versterk en ek glo ons handelsmerk is tans sterker as ooit tevore.

## MEDELYE MET HENK VAN WYK SE AFSTERWE

Laastens wil ek 'n huldeblyk opdra aan Henk – Henk is onverwags oorlede en sy afsterwe het ons almal diep geraak. Henk, met sy humor en vinnige glimlag, sal ons vir altyd mis – ek sal sy persona veral mis – Henk as ons aan jou dink glimlag ons – jy was geliefd en ons sal jou mis.

**Omri van Zyl**
*Uitvoerende direkteur*
*Agri SA*





# OORSIG VAN AGRI SA SE TRANSFORMASIE-INISIATIEWE



*Christo van der Rheede*

**Agri SA was die afgelope jaar aan die voorpunt van verskeie transformasie- en ontwikkelingsgerigte inisiatiewe. Verder speel Agri SA 'n leidende rol in die AgriSETA, die Agri Phakisa-inisiatiewe, die AgriSEB-raad en in verskeie ander private en publieke sektorgedrewe platforms ten einde 'n globaal mededingende en inklusiewe landbousektor te vestig.**

'n Transformasie-verslag is ook die afgelope jaar bekend gestel waarin die bydraes van verskeie provinsiale, bedryfs- en korporatiewe organisasies gemeld word. R331 miljoen is bestee en 108 307 opkomende boere het hieruit voordeel getrek in die vorm van finansiële bystand, opleiding en vaardigheidsontwikkeling, monitering, informasie-oordrag, herkapitalisering en fasilitering van marktoegang.

Vele projekte wat deur kommersiële boere in samewerking met opkomende boere, hul werkers en landelike gemeenskappe van stapel gestuur word, is ook besoek. En wat 'n openbaring is dit nie!

In die Vaalhartsgebied waar boere pekanneute produseer, is plaasskole wat deur die provinsiale departement gesluit is, in bekostigbare privaatskole omskep. So word kwaliteit onderrig vir plaaskinders in verafgeleë verseker. In die Bonnievale-gebied is 'n hoërskool vir plaaskinders gebou in vennootskap met die WKOD, die boere in die gebied en die Jakes Gerwel Stigting.

Tydens die Waitrose Stigting se jaarvergadering is verslag gedoen oor die bou van kleuterskole, sportgeriewe, rekenaargesteunde wiskunde-onderrig vir plaaskinders en vele ander bemagtigingsprojekte op plase. Sterk vennootskappe bestaan ook tussen boere en organisasies soos Hlokomela wat MIV/Vigs-opvoeding en gesondheidsbehandeling bied en Farr SA wat alkoholmisbruik en fetale alkoholsindroom op plase en landelike gebiede bekamp.

Vele boere sluit ook volhoubare vennootskappe met hul werkers. Op die plaas Achtervlei in die Wes-Kaap lewer die plaas se konfytfabriek kwaliteitprodukte aan van die voorste kleinhandelgroepe. En dis te danke aan een van die werkers se negentigjarige ouma se voorslagresepte.

In die Eksteenskuilgebied naby Keimoes produseer sowat 100 opkomende boere nou uitvoergehalte rosyne op sowat 520 hektaar. Dit is in vennootskap met die Droëvrugte Tegniese Dienste, die Jobs Fund, InnofruitSA en talle ander landbou-rolspelers. Dié gemeenskap se jaarlikse inkomste het met R26,4 miljoen gestyg en hul huishoudelike inkomste met R6,6 miljoen. 'n Stille getuienis van hoe wen-wen-vennootskappe tussen boere en ander rolspelers welstand bevorder en mettertyd ook groter welvaart skep.

By Agri SA is ons ook bevoorreg om talle funksies by te woon waar ons beste kommersiële en opkomende boere en plaaswerkers jaarliks vereer word. 'n Deurlopende tema is hul bydrae tot die verbetering van andere se lewensomstandighede. Dit geld ook vir die ontwikkelingswerk wat deur al die verskillende provinsiale, bedryfs- en korporatiewe entiteite jaarliks op plase en in landelike gebiede uitgebou word.

Terwyl dié oordrag van vaardighede en kennis, hulpverlening met finansiering, marktoegang en mentorskap gemeet kan word in terme van rand en sent en op inkomstestate en op SEB-verslae reflekteer, meet ons nie die bydrae tot gesonde welstand in gemeenskappe nie. Dit behels verbetering in lewensomstandighede, die herstel van mense se menswaardigheid en die ontwikkeling van mense se vermoëns om in hul eie behoeftes te voorsien.

> "Dit is van kritieke belang om groeiende armoede, werkloosheid, verdeeldheid en verval in landelike gemeenskappe teen te werk."

Dit is van kritieke belang om groeiende armoede, werkloosheid, verdeeldheid en verval in landelike gemeenskappe teen te werk. In die gees van die wen-wen-vennootskap wat in 1994 gestalte gekry het, het ons nie veel van 'n keuse nie. Dit bied die bloudruk vir diverse

gemeenskappe om in vennootskap tot wedersydse voordeel te tree.

Die plaaswerker-behuisingskonsep of 'Smart Village'-inisiatief wat Agri SA tydens die Agri Phakisa-proses gekonseptualiseer het, het ook die afgelope jaar momentum gekry. Ons hou duimvas dat die regering die befondsing vir die projek sal beskikbaar stel. Heelwat landbouers staan gereed om grond vir dié doel beskikbaar te stel en om die leiding te neem om landbousones daar te stel waarbinne agropreneurskap kan gedy, werkgeleenthede en ook welvaart geskep kan word. Sentraal tot dit is die bevordering van plaaslike landbougemeenskappe se fisiese en geestelike welstand.

> "Dankie aan alle landbouleiers en alle ander rolspelers vir julle leiding en insette om 'n volhoubare en inklusiewe toekoms vir die landboubedryf te help skep!"

Dankie aan alle landbouleiers en alle ander rolspelers vir julle leiding en insette om 'n volhoubare en inklusiewe toekoms vir die landboubedryf te help skep! Goed beplande en kommersieel volhoubare transformasie-inisiatiewe is 'n belegging in die toekoms. Kom laat ons met groter ywer hierdie taak in die nuwe jaar aanpak en die pas aangee! Want landbou is baie meer as net 'n beroep, dis ook 'n roeping!



**Christo van der Rheede**
*Adjunk-uitvoerende direkteur*
*Agri SA*



## DIREKSIE



**Dan Kriek**
*President*



**Pierre Vercueil**
*Adjunk-president*



**Phenias Gumede**
*Adjunk-president*



**Cornie Swart**
*Direkteur*
*Algemene Sakekamer*



**Henk van Wyk**
*Direkteur*
*Algemene Sakekamer*



**Douglas Stern**
*Direkteur*
*Algemene Sakekamer*



**Jaco Minnaar**
*Direkteur*
*Bedryfskamer*



**Niël Joubert**
*Direkteur*
*Bedryfskamer*



**SK Makinana**
*Direkteur*
*Bedryfskamer*



**Gerhard Diedericks**
*Direkteur*
*Korporatiewe Kamer*



**Charl Senekal**
*Direkteur*
*Korporatiewe Kamer*



**Nic Bronkhorst**
*Direkteur*
*Korporatiewe Kamer*



**Omri van Zyl**
*Uitvoerende Direkteur*



**Dr Kathy Hurly**
*Nie-uitvoerende*
*Onafhanklike Direkteur*



**Dr Charlotte Nkuna**
*Nie-uitvoerende*
*Onafhanklike Direkteur*

## KAMER BESTUUR



### ALGEMENE SAKEKAMER

VAN LINKS NA REGS

**Douglas Stern,** *Addisionele lid*
**Cornie Swart,** *Voorsitter*
**Henk van Wyk,** *Ondervoorsitter*

### BEDRYFSKAMER

VAN LINKS NA REGS

**Dr Kathy Hurly,** *Ondervoorsitter*
**Dr Piet Prinsloo,** *Voorsitter*
**Niël Joubert,** *Addisionele lid*



## KORPORATIEWE KAMER



**Gerhard Diedericks**
*Voorsitter*



**Charl Senekal**
*Ondervoorsitter*



**Nic Bronkhorst**
*Addisionele lid*



# KONGRESVERSLAG 2017

## TYE VAN KONGRES-SESSIES

Donderdag, 12 Oktober 2017
07:30 tot 17:00

Vrydag, 13 Oktober 2017
08:30 tot 12:30

> "Agri SA se strategiese vennootskappe is noodsaaklik vir 'n suksesvolle Suid-Afrika"

## TEMA

**Agri SA se strategiese vennootskappe is noodsaaklik vir 'n suksesvolle Suid-Afrika**

## PLEK

Pelindaba-lokaal, Misty Hills Country Hotel, Konferensie-sentrum & Spa, Drift Boulevard, Muldersdrift.

## REGISTRASIE

Afsonderlike registrasiepunte is vir die Algemene Sakekamer, Bedryfskamer, Korporatiewe Kamer en gaste beskikbaar gestel.

Veranderings in die samestelling van afvaardigings is skriftelik vóór of tydens registrasie gekommunikeer.

Afgevaardigdes het hul stembriewe tydens registrasie ontvang en daarvoor geteken. Verlore stembriewe is nie vervang nie.

Vir interaktiewe deelname tydens die kongres het afgevaardigdes tydens registrasie interaktiewe handstukke ontvang en daarvoor geteken.

Die kongres is deur 111 afgevaardigdes en 172 gaste bygewoon.

## KONGRES-AGENDA

## DAG 1

### OPENINGSESSIE

Skriflesing en gebed – Professor Stephan Joubert.
Die Volkslied is hierna deur die kongres gesing.

### Konstituering van die kongres

Die uitvoerende direkteur, Omri van Zyl, het die konstituering van die kongres waargeneem. Hy het bevestig dat 'n kworum teenwoordig is en dat alle grondwetlike verpligtinge nagekom is om met die kongres te kon voortgaan.

Die volgende orde-reëlings is deur hom getref:

- Die volgorde van besprekings is deur die voorsitter bepaal;
- Persone wat nie afgevaardigdes was nie, kon insette lewer met die voorsitter se toestemming;
- Deelnemers aan die besprekings is beperk tot 'n spreekbeurt van vyf minute;
- Sprekers is versoek om hul toesprake skriftelik by die administrasiekantoor in te dien, verkieslik voor of direk ná 'n aanbieding;
- Vir media- en verslagdoeningsdoeleindes is versoek dat insette by die administrasiekantoor ingehandig word; en
- Die verkiesingsproses sal behartig word deur Agri SA se ouditeure, The Ashton CA(SA) Group en Willie Jacobs.

> "Die kongres is deur 111 afgevaardigdes en 172 gaste bygewoon."

### Verwelkoming

Verwelkomings is deur die adjunk-president Dan Kriek gedoen. Afgevaardigdes, ander verteenwoordigers van affiliasies, sprekers, afgevaardigdes van verskeie staatsdepartemente, verteenwoordigers van portefeuljekomitees, verteenwoordigers van statutêre liggame, verteenwoordigers van ambassades, afgevaardigdes van ander landbou-organisasies, oud-presidente van Agri SA, gaste en die media is verwelkom.

- Spesiale verwelkoming word gerig aan Rachel Jafta, voorsitter: Media24 en die gasspreker, Senzeni Zokwana, minister van landbou, bosbou en visserye, asook Hein Wagner, wat die kongres op die tweede dag toespreek, oud-presidente Japie Grobler, Lourie Bosman asook ander sprekers soos genoem in die kongresprogram. Agri SA het besondere waardering vir die onderskeie programdirekteure en paneellede wat tydens die onderskeie sub-temasessies sal optree;
- Oudregter Antonie Gildenhuys en Annette Steyn van die DA word spesiaal verwelkom;
- 'n Spesiale woord van verwelkoming word aan korporatiewe lede gerig wat hulle eerste Agri SA-kongres bywoon;
- Verskonings is aangebied vir oud-presidente, asook voormalige kamervoorsitters. Verskoning word ook aangebied vir dr Theo de Jager, president van die World Farmers' Organisation (WFO), wat tans in Rome is vir vergaderings; en
- Hy gaan voort en bedank alle

borge en verwys na die logo's van die borge in die kongresprogram asook hulle boodskappe. Hy versoek kongresgangers om te let op borge se uitstallings en om uitstallings te besoek. Dit is belangrik dat die landbou hom moet assosieer met maatskappye soos dié wat bereid is om Agri SA te ondersteun.

Die logo's van die onderskeie borge is deurlopend vertoon:

**Platinumborg en borg van die informele funksie:**
Santam Landbou.

**Goueborge:** AgriSETA, GWK, Land Bank en Monsanto.

**Silwerborge:** Absa AgriBesigheid, Batsa, Nedbank, NWK, Obaro, Old Mutual Insure Agri, Pannar, Sanlam, Senwes, Standard Bank, Statistieke SA, KAP Industrial Holdings, VKB en Voermol.

**Bronsborge:** Bayer, DuPont Pioneer, FNB, Omnia, OVK, Nissan, Nyeleti Consulting, Sonfin, Syngenta, The Ashton CA (SA) Group en Woolworths.

Dan Kriek het ook Agri SA se vennote, naamlik CrisisOnCall, Nissan SA, Sanlam, AliSom, Sonfin en T&E FinOps bedank vir hulle lojale ondersteuning wat Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds van die maatskappye die afgelope jaar ontvang het. Hy verwys ook na hulle boodskappe soos vervat in die kongresprogram en versoek kongresgangers om ook hulle uitstallings te besoek en uit te vind wat hulle kan bied.

## GASSPREKER

### Rachel Jafta, Voorsitter van Media24 - *Vervang jou vrese met hoop*

"Ons leef in 'n VUCA-wêreld gekenmerk deur voortdurende, vinnige veranderinge en onsekerheid. VUCA is 'n akroniem wat gebruik word om die wisselvalligheid, onsekerheid, kompleksiteit en dubbelsinnigheid van algemene toestande en situasies te beskryf en daaroor te beraadslaag. Grense tussen dissiplines word toenemend vaag en niemand is meer in die gemaksone waar hy 30 jaar gelede was nie. Niks is meer duidelik omlyn nie en daar is verskillende perspektiewe oor dieselfde voorstel. Mense soek na oplossings om binne hierdie VUCA-wêreld te oorleef."

Volgens Jafta is dit hoofsaaklik vinnig veranderende tegnologie wat verantwoordelik is vir die VUCA-verskynsel. Tegnologie verander so vinnig dat die meeste regerings agterraak. "Tegnologie maak dit vir ons moontlik om mense se basiese behoeftes vinniger aan te spreek, byvoorbeeld hulle behoefte aan voedsel. Baie mense het nou ook toegang tot die hoofstroom-ekonomie. Die digitale era het ons in staat gestel om onderwys te voorsien aan baie mense wat voorheen nie sulke geleenthede gehad het nie."

Jafta meen dat 'n begrip van die voordele van tegnologie een manier is waarop die VUCA-wêreld aangespreek kan word. Kunsmatige intelligensie, byvoorbeeld, sal 'n geweldige verskil maak aan hoe mense leef en sake doen in die toekoms. Sy glo dat, danksy tegnologie, die nuwe opkomende ekonomie 'n groot bydrae sal lewer tot die nasionale ekonomie. Sy glo ook dat vroue 'n onderskatte hulpbron is en dat, indien hulle behoorlik geïntegreer word in die ekonomie, hulle 'n groot bydrae kan maak.

"Suid-Afrikaanse boere word hoog geag oor die wêreld heen. Doen wat jy die beste kan doen en pak VUCA as 'n verenigde front aan. Vervang jou vrese met hoop."

## PRESIDENTSREDE

### Johannes Möller, Agri SA - *Agri SA moes verander en aanpas*

Te midde van al dié uitdagings en vinnig veranderende konteks moes Agri SA hom posisioneer vir toekomstige groei en ontwikkeling. Namate die wêreld – en ook Suid-Afrika – verander het, het ons ook verander, het Johannes Möller in sy presidentsrede by die kongres gesê.

> "Te midde van al dié uitdagings en vinnig veranderende konteks moes Agri SA hom posisioneer vir toekomstige groei en ontwikkeling."

"Die strategiese redes vir die veranderinge by Agri SA sluit in meer vaartbelynde dienslewering aan ons lede en boere, 'n beter vermoë om aan te pas by en te oorleef in 'n vinnig veranderende omgewing en om meer doeltreffend te reageer op veranderings in die beleidsomgewing. Ons gaan egter voort met ons kernbesigheid van beleidbeïnvloeding en finansiële lewensvatbaarheid."

Volgens Möller het Agri SA meer oplossing-gedrewe geword in sy benadering tot hulpverlening aan affiliasies, lede en boere. “Ons droogtehulpverlening getuig hiervan. Strategiese vennootskappe is nou belangriker as ooit tevore. Ons kan nie ons probleme alleen aanpak nie. Ons moet aanhou om met die regering sowel as die privaatsektor te skakel.”

Möller het gesê dat, as deel van die verfyning van Agri SA se strategie en transformasie-inisiatiewe, het die organisasie se personeel uitgebrei met top-aanstellings aan die hoof van elk van die vyf sentrums van uitmuntendheid. “Die herposisionering van ons handelsmerk is ’n sleutelelement vir oorlewing in ons stormagtige plaaslike beleidsomgewing.”

Ná twee jaar van intensiewe navorsing en beraadslaging met alle belanghebbendes in die organisasie, is Agri SA se handelsmerk geherposisioneer ter bevordering van ons voortgesette strewe na ’n organisasie vir die boer, in besit van die boer. Ons organisatoriese herstrukturering sluit in ’n kleiner direksie. Ons het sowat 68 Algemene Raadslede gehad en daar is nou 14 direkteure. Die provinsiale, bedryfs- en korporatiewe kamers voorsien die direksie van leiding, terwyl die sentrums van uitnemendheid opdragte sal oorweeg en uitvoer. Die sentrums sluit in Arbeid en Ontwikkeling, Ekonomie en Handel, Landelike Veiligheid, Grond en Natuurlike Hulpbronne, het hy gesê.

## GASSPREKER

### Mathews Phosa - *Grondreëls vir gesonde vennootskappe*

Kommersiële landbouprodusente in Suid-Afrika het vennootskappe nodig – vertikaal om deel te neem in die agro-industriële waardeketting, sowel as horisontaal met ander produsente om markkontrakte te sluit en insetkoste te verminder. Hierdie vennootskappe moet egter billik wees, asook wedersyds gunstig en werkbaar vir alle partye.

Hy het die volgende kenmerke vir gesonde vennootskappe uitgelig:

**Goeie beheer:** Met enige vennootskapreëling in die landbousektor of enige ander



besigheidsektor is dit noodsaaklik dat daar aan al die toepaslike fidusiêre en statutêre vereistes voldoen word. Goeie beheer bevorder ook deursigtigheid en verseker dat een vennoot alleen nie besluite neem wat die ander vennote se produksie, winsgewendheid of prysing raak nie.

**Toets en verifiëring van sleutel-inligting:** Waar partye betrokke is by onderhandelings om sleutelfeite en -syfers soos insetkoste en prysing onafhanklik te verifieer en om te verseker dat alle inligting wat gebruik word om aandeelpersentasies te ontwikkel korrek is en dat die vennootskapreëling en die finansiële verantwoordelikhede van alle vennote lewensvatbaar is. Dit mag nie ontaard in 'n situasie waar een of ander party oneerlik is en waar sodanige partye veronderstellings maak wat nie korrek is nie.

**Onafhanklike en neutrale fasiliteerder:** Nog 'n goeie strategie wanneer 'n vennootskapreëling oorweeg word, veral met 'n entiteit, boer of liggaam met wie jy vertroud is, is om gebruik te maak van die dienste van 'n bedryfsorganisasie of prokureur, ouditeur of iemand wat albei partye kan aanvaar as eerlik en goed ingelig oor die produk of projek wat ontwikkel word.

**Gemene faktore, visie en missie:** Vir partye wat nie uitgebreide kennis het nie is dit altyd 'n goeie idee om tyd te bestee om gemeenskaplikhede te vind. Wat is die voorkeure en afkere van die ander party of groep?

**Buigsaamheid en inkrementele onafhanklikheid:** Wat die vestiging van 'n gesamentlike onderneming of ander vennootskapvorm betref, het Phosa voorgestel dat die partye redelik buigsaam moet wees aangesien geen party in die begin perfekte insig het nie. Sodanige buigsaamheid kan verband hou met aandeelhoudingpersentasies, rolle en verantwoordelikhede, asook aangeleenthede soos vergaderings en kommunikasie. In gevalle waar 'n gevestigde kommersiële boer en 'n opkomende boer 'n vennootskapsooreenkoms aangaan, kan die opkomende boer moontlik tyd nodig hê om groter verantwoordelikheid te aanvaar en meer werk te aanvaar, of selfs meer aandele in die sakeonderneming te bekom namate die besigheid vorder en hul kapasiteit ontwikkel.

**Billike waarde vir die vennote se rol:** Daar moet ooreengekom word oor waardes wat geheg word aan die verskillende rolle en hulpbronne wat die partye na die vennootskap bring. Weer eens is dit 'n goeie idee om 'n onafhanklike party te nader om 'n besluit te fasiliteer oor hoe die waardes wat die verskillende partye na die vennootskap bring, geallokeer sal word.

**Deursigtigheid:** Soos in die geval van enige verhouding, is dit beter om 'n vennootskap te ontwikkel op grond van algehele openlikheid en deursigtigheid, wat dan ook die fondament sal vorm vir wedersydse respek en samewerking.

## GOEDKEURING VAN DIE GEWYSIGDE GRONDWET

Die uitvoerende direkteur het kortliks toeligting gegee oor die voorgestelde gewysigde grondwet, waarna die voorsitter die kongres se goedkeuring versoek het vir die volgende:

- Goedkeuring van die gewysigde grondwet soos beskikbaar gestel aan stemgeregtigdes.

Die gewysigde grondwet word deur die kongres goedgekeur.
Ná die goedkeuring van die grondwet word die kongres versoek om die volgende goed te keur:

- Om 'n ondersoek te laat doen na die belasting, finansiële-, personeel- en derdeparty-kontrak-implikasies van omskakeling na 'n nie-winsgewende maatskappy en die beste wyse om dit te bewerkstellig;
- Registrasie van die nie-winsgewende maatskappy;
- Finalisering van die Akte van Oprigting;
- Neem van die nodige stappe om die maatskappy operasioneel te kry;
- Die aanwys van die oprigters van die maatskappy; en
- Die stigting van 'n entiteit om hofsake te dryf.

Die voorgestelde ondersoeke word deur die kongres goedgekeur.

## VERKIESING VAN PRESIDENT

Die kongres word gevra om nominasies te doen vir die amp van president.

## AGRITOERISME-NAVORSING

Christel van Zyl, 'n student aan die Noordwes-Universiteit wat navorsing doen oor Agritoerisme, word versoek om toeligting oor haar navorsing te gee.

# TEMA 1

### VENNOOTSKAPPE NOODSAAKLIK OM RISIKO'S VIR BOERE TE NEUTRALISEER

Hierdie sessie het gefokus op die behoefte vir multi-belanghebbervennootskappe om ernstige risiko's in die landbou te identifiseer en daarop te reageer.

## Slim ramphulp

Johannes Möller, president van Agri SA

### Agri SA kyk na dié oplossings

As deel van Agri SA se herstrukturering, soek die organisasie na oplossings om sy diens aan boere en lede meer vaartbelyn te maak. Nog ’n dringende kwessie is die befondsing van opkomende boere en grondhervorming. Agri SA het in samewerking met Barclays en die Land Bank ’n befondsingsmodel met verskeie opsies ontwikkel.

Van dié oplossings is die volgende:

### Risikobestuur-lessenaar

Die Agri Risiko-lessenaar, wat onder die Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid val, is tydens vanjaar se Nampo Oesdag geloods. Hierdie inisiatief word deur Senwes befonds. Agri SA het ook deelgeneem aan ’n feitesending na die VSA se National Drought Mitigation Centre aan die Universiteit van Nebraska, asook die Northern Rockies Coordination Centre Incident Command Centre.

### Slim rampbestuur-oplossing

As deel van die Agri Risiko-lessenaar beoog Agri SA om ’n Smart Disaster Aid (SDA)-strategie te loods. Laasgenoemde sal op risikobestuur, asook aanpassing by en verligting van risiko in landbou oor die algemeen, fokus. In die toekoms sal dit uitgebrei word om sektor-spesifieke risiko’s in oënskou te neem. Sleutelkomponente van die SDA-strategie sluit in: Die stigting van ’n rampfonds, benutting van openbare-private-vennootskappe (PPP’s), asook ’n multi-risiko landbouversekeringstelsel en infrastruktuur om rampverligting-veldtogte te ondersteun.

### Befondsingsmodelle

Nog ’n dringende kwessie is die befondsing van opkomende boere en grondhervorming. Agri SA het in samewerking met Barclays en die Land Bank ’n befondsingsmodel met verskeie opsies ontwikkel. Met voldoende regeringsubsidies sal hierdie opsies ’n beduidende impak hê. Die opsies sluit in kapitaalsubsidies in die vorm van ekwiteite of gestruktureerde lenings. Hierdie befondsingsmodelle vorm ’n integrale deel van Agri SA se holistiese benadering tot grondhervorming.



## Transformasie-hub

Agri SA se verteenwoordigers sal voortgaan om 'n rol te speel om te verseker dat openbare befondsing doeltreffend aangewend word om transformasie teweeg te bring.
Die hoofdoelwit is om akkurate en opgedateerde data oor transformasie by te hou en om projekte te implementeer wat vroue en die jeug werklik bemagtig – werkbare projekte wat sigbare resultate oplewer. Hierdie resultate moet uitloop op goeienuus-stories in die media.

## Landelike veiligheid

Die sentrum se aktiwiteite word ondersteun deur die polisie, weermag, Nasionale Vervolgingsgesag en die Instituut vir Sekerheidstudies. Met die steun van die regering beoog Agri SA om grondbesettings, plaasaanvalle en ander veiligheidskwessies aan te pak.




Dit is uiters belangrik vir boere om te weet wat hul regte is en hoe om bedreigings doelgerig binne die wetsraamwerk aan te spreek.

**Programdirekteur:** Francois Strydom, uitvoerende hoof: Senwes

**Paneellede:** Prof Andries Jordaan, Agri Risiko-lessenaar
André Roux, spesiale aanstelling by die premier van die Wes-Kaap vir droogtehulp-koördinering
Jaco Minnaar, voorsitter: Graan SA ('n Boer se perspektief)

## Bespreking

Boere het multi-belanghebber-vennootskappe nodig om ernstige risiko's in die landbou te identifiseer en daarop te reageer.

"Ons moet weet wat die situasie op enige tydstip regoor die land is. Daarvoor is boere se samewerking noodsaaklik en moet hulle ons deurlopend van die regte inligting voorsien.

"Hoewel ons die risiko's moet identifiseer, moet ons ook die geleenthede raaksien," het Francois Strydom, gesê. Hy het die blaam van onsekerheid en die gebrek aan beleggings in die landbousektor op regeringskorrupsie en beleid-onsekerheid geplaas. "In plaas daarvan dat die regering die regte dinge doen en die regte klimaat vir beleggings skep, is dit gemeenskapsorganisasies wat die wa deur die drif moet trek.

"Ons moet met die regte vennootskappe dié disfunksionaliteit regruk. Ons moet met die regte vennootskappe ons gemeenskappe bou en jong, eerlike leiers kweek. Ek glo egter dat ons nie moet afbreek nie, maar liewer die goed wat verkeerd is, regmaak," het Strydom gesê.

## Ramphulp

Prof Andries Jordaan het gesê Agri SA het dié lessenaar tot stand gebring om die risiko van rampe beter te verstaan en dit beter te bestuur. "Ons kyk na maniere om die risiko te verminder en om ramphulp meer veerkragtig te maak. Ons wil die voorbereiding op rampe, en die reaksie daarop, verbeter en so ook die herstel en heropbou daarna."

Jordaan het daarop gewys dat rampe baie wyer as net droogtes en vloede beskou moet word. Daar is ook veldbrande, sprinkane, tornado's, diere- en plantsiektes en vele meer. "Ons moet die regering ook oortuig dat, om ramphulp beter te bestuur, ook in sy belang is."

Jordaan het beklemtoon dat 'n behoorlike databasis noodsaaklik is om die Agri Risiko-lessenaar te laat slaag. "Ons moet weet wat die situasie op enige tydstip regoor die land is. Daarvoor is boere se samewerking noodsaaklik en moet hulle ons deurlopend van die regte inligting voorsien." Daar word na die ontwikkeling van 'n toep gekyk om dié proses vir boere makliker te maak.

**Beter koördinering**

André Roux het gesê daar moet eers 'n behoorlike stelsel in plek wees voordat fondse aan rampslagoffers toegeken word. Die regering se begrotingstelsel veroorsaak dat ramphulp slagoffers heeltemal te laat bereik. In die Wes-Kaap het hulle geleer dat die gebrek aan koördinasie, veral op distrikvlak, 'n groot probleem is. Die proses moet ook meer deursigtig wees.

> "Die regering se begrotingstelsel veroorsaak dat ramphulp slagoffers heeltemal te laat bereik."

Dit is ook belangrik om verskaffers se samewerking te kry. Verskaffers moet ook verkieslik binne 30 dae betaal word. Daar moet ook duidelike kriteria wees oor wie vir ramphulp kwalifiseer. "As 'n boer byvoorbeeld nie sy weidingskapasiteit nakom nie, moet hy of sy nie vir ramphulp kwalifiseer nie," het Roux gesê.

**Boer se perspektief**

Jaco Minnaar het 'n boer se perspektief belig en risiko's soos grondhervorming, onvoorspelbare weerpatrone en die stand van die ekonomie uitgesonder.

Hy het gesê dat vennootskappe nodig is om die risiko's te neutraliseer en dat boere deesdae nie sonder vennote kan boer nie.

Graan SA het byvoorbeeld reeds vennootskappe met navorsings-instansies om meer van sekere risiko's te wete te kom. "Daar is ook omdraaistrategieë vir sekere bedrywe soos die koringbedryf nodig en ons het besef dit is noodsaaklik om alle rolspelers te betrek, omdat oorlewing van die bedryf in al die rolspelers se belang is. Vennootskappe gebeur wanneer ons met mekaar praat. Daar moet ook groei en sukses vir alle vennote wees om 'n vennootskap te laat slaag," volgens Minnaar.

Verskeie afgevaardigdes het die geleentheid gehad om hul menings oor die aangeleentheid uit te spreek en aanbevelings daaroor aan die kongres te maak.

**Mooketsi Ramasodi, Waarnemende direkteur-generaal van die departement van landbou, bosbou en visserye**

Mooketsi Ramasodi het namens die minister van die departement van landbou, bosbou en visserye, Senzeni Zokwana, verskoning aangebied dat hy nie die kongres kon bywoon nie. In sy toespraak het hy gesê dat vennootskappe tussen die privaatsektor en die regering 'n oplossing is vir baie van die probleme wat ondervind word. Hy het verder verwys na dit waarmee die departement besig is, naamlik die Landbousektorplan, Nasionale Ontwikkelingsplan, die Negepuntplan en Phakisa.

## OORHANDIGINGS AAN AGRI SECURITAS TRUSTFONDS

OFM, Afgri, NWK en Senwes het 'n skenking aan die Agri Securitas Trustfonds gemaak. Dirk Kok van OFM en die vennote se verteenwoordigers het 'n tjek aan die voorsitter van die Trustfonds, Japie Grobler, oorhandig.

Magda du Toit het namens Monsanto 'n skenking aan die Trustfonds gemaak.

"Bikers against farm attacks" het 'n byeenkoms gehou om fondse vir die Trustfonds in te samel en Ben Stander, die voorsitter van die reëlingskomitee, het 'n skenking gemaak.

Gerhard Diedericks het namens Santam Landbou 'n skenking aan die Trustfonds gemaak.

Willem van Zyl het namens Sanlam 'n skenking aan die Trustfonds gemaak.

## VERKIESING VAN ADJUNK-PRESIDENTE

Die uitvoerende direkteur het die kongres versoek om tydens middagete hulle nominasies te doen vir die amp van eerste adjunk-president en daarna die nominasies vir die tweede adjunk-president te doen nadat die eerste adjunk-president verkies is.

**Uitslag van die presidentsverkiesing**

Dan Kriek word as president van Agri SA verkies.

## MIDDAGETE

Oubaas Malan het 'n tafelgebed gedoen, waarna middagete in die Boma en Summer House-lokaal bedien is.

## TEMA 2

**VENNOOTSKAPPE OM DIE HUIDIGE WATERKRISIS IN SUID-AFRIKA TE NEUTRALISEER**

Hierdie sessie het gefokus op die kritieke rol wat water speel in die toekoms van die landbou en Suid-Afrika as 'n nasie.

**Programdirekteur:** Janse Rabie, hoof: Natuurlike Hulpbronne – Agri SA

**Paneellede:** Dr Antonie Gildenhuys, afgetrede regter: Grondeisehof
Johan van der Berg, bestuurder: Gespesialiseerde Oesversekering by Santam
Charl Senekal, Senekal Boerdery ('n boer se perspektief)
Isa Thomson, hoofingenieur: Departement van water en sanitasie

Isa Thomson het gesê Suid-Afrika het nét soveel water en namate die bevolking groei, neem dié druk op die beskikbare water toe. Daar gaan eenvoudig nie meer water vir besproeiing beskikbaar wees nie. Al is Suid-Afrika een van die 30 droogste lande ter wêreld, is die land op die voorpunt van besproeiingsontwikkeling en -navorsing.

> "Suid-Afrika het nét soveel water en namate die bevolking groei, neem dié druk op die beskikbare water toe. Daar gaan eenvoudig nie meer water vir besproeiing beskikbaar wees nie."

Thomson het deelgeneem aan 'n sessie wat die kritieke rol wat water in die toekoms van landbou gaan speel, onder die soeklig geplaas het. "Ons kan eenvoudig nie meer water maak nie. Daarom moet die beskikbare water regverdig tussen alle rolspelers verdeel word. Ons sal die beskikbare water moet rek en beter benut," het sy gesê.

Daar word heelwat goeie navorsing deur instellings soos die LNR en sommige staatsdepartemente gedoen oor hoe om water beter te benut, maar sy neem dié instansies kwalik omdat hulle die resultate nie beter aan watergebruikers soos boere kommunikeer nie, het Thomson gesê. Sy het ook gesê dat boere beter na die omgewing moet omsien deur onder meer te sorg dat minder chemikalieë in riviere beland.

### Siklusse

Die weerkenner Johan van der Berg het gesê dat, hoewel dit uiters moeilik is om die klimaat te voorspel omdat daar soveel veranderlikes is, daar tog tendense is, maar Suid-Afrikaners beplan te min daarvolgens. Daar is byvoorbeeld duidelike siklusse van droogtejare en van goeie reënjare. Hy het gesê dat huidige klimaat-afwykings in die Suidelike Halfrond dalk nie so erg is as wat algemeen aanvaar word nie. Die eerste helfte van die vorige eeu was byvoorbeeld baie droër as wat tans die geval is.

Hy het voorgestel dat die opbergingskapasiteit van Suid-Afrika se damme vergroot moet word. "Moenie dink dat, as 'n dam vol is, dit nie weer gaan leeg word nie. Die enigste tyd wanneer 'n mens iets aan 'n droogte kan doen, is wanneer daar nie droogte is nie."

### Besproeiingskemas

Charl Senekal het gesê dat Suid-Afrika se boere min water van die regering ontvang in vergelyking met ander lande. Hy het aanbeveel dat die regering meer besproeiingskemas soos dié by Vaalharts bou, wat in die vorige eeu 'n groot rol gespeel het om arm Afrikaners op te hef. "Sulke skemas kan vandag 'n groot rol speel om ontwikkelende boere te vestig," het hy gesê. Hy het ook aanbeveel dat Suid-Afrikaanse boere meer drupbesproeiing toepas, aangesien dit minder water gebruik en opbrengs verhoog.

### Pas wet toe

Oudregter Antonie Gildenhuys het op die probleem van onregmatige wateronttrekking gewys en dat oortreders skotvry daarvan afkom omdat Suid-Afrika se goeie waterwet nie toegepas word nie. "Dit vat heeltemal te lank vir oortreders om voor die hof te verskyn wanneer hulle wel vasgevat word. 'n Vinnige hofverskyning en 'n vinnige vonnis sal as afskrikmiddel dien, nie net vir water-oortredings nie, maar vir alle misdaad in die land," het hy gesê.

Gildenhuys het voorgestel dat die huidige watertribunaal met 'n waterhof vervang word wat in watersake spesialiseer. Hy is ook teen die sentralisasie van watersake by 'n nasionale staatsdepartement. Die waterwet het juis ten doel dat plaaslike gemeenskappe betrokke moet raak. Boere het dus die reg om betrokke te raak by die bestuur van watersake, het Gildenhuys gesê.

### Wat kan boere doen?

Volgens Gildenhuys kan boere op verskeie maniere by beter waterbestuur betrokke raak deur byvoorbeeld toe te sien dat

opvangsgebiede nie agteruit gaan nie en dat waterbesoedeling verminder word. Hulle moet ook toesien dat die wet toegepas word. "Julle hoef nie met die hoed in die hand na die regering toe te gaan nie. Die regering moet bloot sy werk doen en die wet toepas."

Hy het ook voorgestel dat 'n groep boere byvoorbeeld self 'n opgaardam bou en private finansiering daarvoor bekom. Hulle kan dan die lening terugbetaal deur middel van heffings wat op die gebruik van die water gehef word.

Gildenhuys het voorts gesê dat hy baie bekommerd is oor die ondeursigtige proses wat die uitreik van waterlisensies betref. 'n Onafhanklike statutêre organisasie wat dié taak behartig, sou die ideaal wees. So 'n organisasie moet onafhanklik van die regering en politieke partye wees.

Verder kan baie meer gedoen word om watervermorsing te bekamp. Suid-Afrika het sowat 8 000 km waterkanale. Daar word bereken dat watervermorsing uit dié kanale tot soveel as 30% kan wees. "As dié kanale opgegradeer word, kan ons baie water bespaar. Dit is iets waarby die privaatsektor ook betrokke kan raak. Boere kan ook baie meer doen om opkomende boere te help om water meer doeltreffend te gebruik," het hy gesê.

Verskeie afgevaardigdes het die geleentheid gehad om hulle menings oor die aangeleentheid uit te spreek en aanbevelings daaroor aan die kongres te maak.

**Kallie Roets van die First Rand-groep oorhandig 'n tjek aan Agri SA se Droogteramp-hulpfonds**

## TEMA 3

**ONTWIKKELING EN TRANSFORMASIE IN DIE LANDBOU DEUR MIDDEL VAN VENNOOTSKAPPE**

Hierdie sessie het gefokus op die transformasie-prerogatiewe en maatskaplike ooreenkomste as die sleutel tot arbeidsverhoudinge en nasionale politieke stabiliteit.

**Programdirekteur:** Kobus Pienaar, bestuurder: Woolworths: Good Business Journey

**Paneellede:** Dr Madime Makoena, voorsitter: AgriSEB-Handvesraad
André Cloete, Nuwe-era-boer
Leon de Beer, hoofbestuurder: Nasionale Wolkwekersvereniging



Transformasie-prerogatiewe en maatskaplike ooreenkomste kan die sleutel tot arbeidsverhoudinge en nasionale politieke stabiliteit wees. Dit was die fokuspunt van 'n sessie wat ontwikkeling en transformasie in die landbou deur middel van vennootskappe onder die soeklig geplaas het.

"Ons werk nie net vir onsself nie, maar vir die hele land se bevolking en ons moet vir ons land se kinders sorg. Wees proaktief en maak 'n verskil. Dis nie 'n kopskuif nie, maar 'n hartskuif. Vat iemand se hand en maak 'n verskil."

Kobus Pienaar, wat die gesprekleier was, het ter inleiding gesê dat transformasie 'n komplekse saak is wat tot baie spanning in die landboubedryf lei. "President Jacob Zuma het byvoorbeeld gesê dat versoening in Suid-Afrika nie moontlik is sonder grondhervorming nie."

### Sien die geleentheid raak

Dr Madime Makoena het gesê dat vennootskappe om transformasie in die landbou te bewerkstellig, noodsaaklik is, maar dit is belangrik dat dié vennootskappe goed bestuur word. "Vennootskappe met kommersiële boere is vir ontwikkelende boere belangrik omdat dit hulle ekonomie van skaal vergroot, marktoegang vir hulle makliker maak en hulle help om vaardighede aan te leer. Kommersiële boere moet SEB nie as 'n straf sien nie, maar as 'n geleentheid om opkomende boere te help. Ons het julle vennootskappe nodig sodat ons boerderye ook 'n sinvolle bydrae tot die ekonomie kan lewer," het Makoena gesê.

### Hoekom steeds hieroor praat?

André Cloete het gesê dat hy verstom is dat boere steeds oor transformasie praat 20 jaar ná die aanvang van Suid-Afrika se demokrasie. "Gaan ons oor 10 jaar steeds hieroor praat en steeds niks doen nie? Ons moet vir die regering ons transformasie-suksesverhale wys en hoe suksesvolle vennootskappe werk. Ons moet die regering by die hand vat en vra dat hulle betrokke raak sodat hulle fondse kan verskaf."

Cloete het gesê dat vennootskappe hom gehelp het om 'n suksesvolle boer te word wat op eie bene staan. "Ons werk nie net vir onsself nie, maar vir die hele land se bevolking en ons moet vir ons land se kinders sorg. Wees pro-aktief en maak 'n verskil. Dis nie 'n kopskuif nie, maar 'n hartskuif. Vat iemand se hand en maak 'n verskil," het Cloete gesê.

### Regering moet sy kant bring

Leon de Beer het gesê dat ontwikkeling eintlik die regering se verantwoordelikheid behoort te wees. "Daar moet 'n gesamentlike benadering tot ontwikkeling wees wat alle rolspelers betrek. Dit moet bedryfsorganisasies insluit." Hy het op die NWKV se suksesvolle transformasieprojekte gewys wat skipbreuk kan lei as die regering nie sy beloofde steun gee nie. "Ek glo dat die sukses van ontwikkelingsgemeenskappe daarin lê dat begunstigdes bemagtig moet word om hulleself te help, hulle lewens te verbeter en voortaan hulle eie lot te bepaal."

Verskeie afgevaardigdes het die geleentheid gehad om hulle menings oor die aangeleentheid uit te spreek en aanbevelings daaroor aan die kongres te maak.

### AGRI SA SE GRONDVELDTOG

'n Video-insetsel oor die grondveldtog is vertoon.

### BOODSKAP VAN BESOEKENDE LANDBOU-UNIES

TLU SA - Louis Meintjes het namens die TLU SA 'n groeteboodskap aan Agri SA gebring.

Commercial Farmers Union of Zimbabwe – Ben Gilpin het namens die CFU 'n groeteboodskap aan Agri SA gebring.

### LAND BANK

Willie Jacobs gee 'n kort boodskap aan die kongres.

### UITSLAG VAN VERKIESING VAN ADJUNK-PRESIDENTE

Eerste adjunk-president:
Pierre Vercueil
Tweede adjunk-president:
Phenias Gumede

### INFORMELE FUNKSIE

Agri SA se informele funksie is vanaf 18:15 gehou in die Carnivore-restaurant, Misty Hills, waar Christo van der Rheede as programdirekteur opgetree het. Die verwelkoming is gedoen deur Agri SA se adjunk-president, Phenias Gumede, terwyl Santam Landbou 'n toepaslike boodskap gelewer het.

## DAG 2

Tom Gouws het die dag begin met Skriflesing en gebed.

### Hein Wagner - motiveringspreker

Hein Wagner het in sy voorlegging gesê dat ongeag groot uitdagings alles moontlik is om te vermag. Ongeag die feit dat hy blind is, probeer hy om al sy drome te bereik en mense beskou

hom as 'n blinde man met uitstaande verwagtinge. Hy het reeds verskeie mylpale bereik en kan tereg die vraag aan ander persone vra: "My excuse is that I am blind, what is yours?" Hy het verder gesê dat hy sy hele lewe bou om drie beginsels wat hy aan die kongres wil voorhou, naamlik waardeer dit wat jy het, glo in jou vermoë en beskou die wêreld uit 'n ander oogpunt. "Change the way you look at things".

## VERKIESING VAN AGRI SA SE KAMERBESTURE EN DIREKSIELEDE

**Bedryfsorganisasies (direksielede):**
Jaco Minnaar
Niël Joubert
Sipiwo (SK) Makinana

***Kamerbesture***
Dr Pieter Prinsloo - Voorsitter
Dr Kathy Hurly – Ondervoorsitter
Niël Joubert – Addisionele lid

**Algemene Sakekamer (direksielede):**
Cornie Swart
Henk van Wyk
Douglas Stern

***Kamerbesture***
Cornie Swart - Voorsitter
Henk van Wyk – Ondervoorsitter
Douglas Stern – Addisionele lid

**Korporatiewe Kamer (direksielede):**
Gerhard Diedericks
Charl Senekal
Nic Bronkhorst

***Kamerbesture***
Gerhard Diedericks - Voorsitter
Charl Senekal – Ondervoorsitter
Nic Bronkhorst – Addisionele lid

## SEREMONIE TER ERKENNING VAN LEDE

Die onderskeie verteenwoordigers van Agri SA se korporatiewe kamer en twee bedryfskamer-organisasies het lidmaatskapsertifikate namens hulle onderskeie organisasies ontvang.

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Organisatoriese strategie – Johannes Möller

Johannes Möller, president, het met behulp van 'n diagram Agri SA se organisatoriese strategie aan die kongres voorgehou.

Die kongres het die voorgestelde strategie goedgekeur.

## MOSIE VAN LEEDWESE

**Die president stel die onderstaande mosie:**

Die kongres betuig graag sy meegevoel aan die naasbestaandes van leiers en lede van Agri SA se affiliasies wat die afgelope jaar heengegaan het. Hy maak spesiaal melding van landbouers, plaaswerkers en hulle gesinslede wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het. Hy versoek kongres om staande 'n mosie van roubeklaag te aanvaar.

**Die volgende mosie van dank is aan die kongres voorgehou:**

Agri SA wil graag 'n mosie van dank aanvaar teenoor ons Hemelse Vader vir die mildelike voorsiening van reën in die noordelike deel van ons land na laasjaar se ernstige droogte. Ons harte en gebede gaan uit na hulle in dele van die land wat tans weer deur ernstige droogte geteister word. Agri SA wil ook almal bedank wat in die tye van nood die afgelope twee jaar bygedra het om hulp te verleen om die situasie meer draaglik te maak. Die tipe bemoediging en hulp inspireer boere om voort te gaan en om onder moeilike omstandighede voedsel en vesel vir die land en sy mense te produseer.

Die mosie word eenparig aanvaar.

## FINANSIËLE STATE

Die kongres het kennis geneem van die finansiële state vir die 2016/2017-finansiële jaar. Dr Jan Visser het toeligting oor die finansiële posisie van Agri SA gegee.

## JAARVERSLAG

Agri SA se jaarverslag is deur die uitvoerende direkteur aan die kongres voorgehou en met dank aanvaar.

## KONGRESBESLUITE

Christo van der Rheede het die besluite wat tydens die kongres geneem is aan die kongres voorgehou. Die besluite is onder die afsonderlike items wat daarop betrekking het ingevoeg.

## TOEKENNINGS

**Tydens die informele funksie is die volgende toekennings in die vorm van oorkondes aan die volgende persone gemaak:**

- Gideon Anderson namens Algemene Sakekamer
- Dr Jan Visser namens Algemene Raad
- Charl Senekal namens Algemene Raad
- Johan Pienaar namens Algemene Raad
- Nic Opperman namens Algemene Raad
- Elize van der Westhuizen namens Algemene Raad

**Toekennings vir beste sprekers word oorhandig aan:**

- Tema 1 - Willem Symington
- Tema 2 - Andries Labuschagne
- Tema 3 - Ann Ligman

## BEDANKINGS

Johannes Möller het sy gelukwensing oorgedra aan ampsdraers wat in hulle onderskeie hoedanighede gekies of herkies is. Hy het hoogwaardigheidsbekleërs, gaste, sprekers, borge, lede van die media, deelnemers en afgevaardigdes bedank vir die bywoning van die kongres.

Dank is aan die personeel van Agri SA gerig wat betrokke was by die reëlings van die kongres. Hy het verder landbouprodusente bedank vir hulle onontbeerlike rol op 'n verskeidenheid van terreine, ook in die belang van Suid-Afrika.

Hy het ten slotte al die persone bedank met wie hy in sy amp as president van Agri SA saamgewerk het, veral lede van die bestuurskomitee en personeel van Agri SA. Hy het die nuwe president, Dan Kriek, sterkte toegewens vir die taak vorentoe en hom die geleentheid gegee om die kongres toe te spreek.

## AFSLUITING

Die kongres is deur Thinus Ferreira met gebed afgesluit.





# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID
## Arbeid en Ontwikkeling



*Neil Hamman*

**Neil Hamman en Renier Snyman dien onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter, met Hendrik Ackermann as addisionele lid. Jahni de Villiers is die hoof van die Sentrum van Uitnemendheid Arbeid en Ontwikkeling.**

Die komitee het 'n nuwe strategie aanvaar wat klem plaas op die formulering van standpunte wat arbeidsverhoudinge in die landbousektor verbeter deur pro-aktief te wees.

**Sektorale vasstelling 13 (plaaswerkers)**
Op 1 Maart 2018 het die minimumloon vir die landbou- en bosboubedrywe met 5,7% gestyg. Die uurlikse loon in die sektor is tans R16,25, dagloon is R146,25 en maandelikse loon is R3 168,73.

**Nasionale minimumloon**
In Februarie 2017 is 'n ooreenkoms by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) onderteken, wat die nasionale minimumloon formeel vasgestel het.

Die ooreenkoms maak voorsiening vir 'n nasionale minimumloon van R20,00 per uur. Landbouwerkers sal 'n minimum van 90% van die nasionale minimumloon betaal word, dit wil sê R18,00 per uur, wat sal styg tot 100% van die nasionale minimumloon binne twee jaar indien navorsing in hierdie verband gedoen is deur 'n nasionale minimumloon-kommissie.

Die res van 2017 is aan die verfyning van die wetsontwerp bestee deur 'n proses by Nedlac en in November 2017 is die wetsontwerp, tesame met die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Arbeidsverhoudingewet, vir openbare kommentaar gepubliseer.

Gedurende Maart en April 2018 is verskeie parlementêre verhore gehou waar Agri SA ook 'n mondelinge voorlegging moes doen om die uitwerking van die nasionale minimumloon op die sektor te verduidelik. Die implementeringsdatum van 1 Mei 2018 is nie gehaal nie en daar is tans geen aanduiding wanneer die nasionale minimumloon in werking sal tree nie, maar werkgewers is aangemoedig om daarvoor gereed te wees

**Verhouding tussen Agri SA en die Kommissie vir Bemiddeling, Versoening en Arbitrasie**
Agri SA het 'n driejaar-ooreenkoms met die Kommissie vir Bemiddeling, Versoening en Arbitrasie (KVBA) onderteken en die werksverhouding sluit verskeie uitreik-inisiatiewe in die landbousektor in, sowel as die uitrol van die KVBA se opleiding-afleggingskema by boerderye wat finansiële druk ervaar. Agri SA is gevra om die KVBA se top-bemiddelaars toe te spreek oor die vooruitsigte vir loononderhandelinge vanjaar.

> "Agri SA is vanjaar gevra om die KVBA se top-bemiddelaars toe te spreek oor die vooruitsigte vir loononderhandelinge vanjaar. "

**Decent Work Country Program onder leiding van die Internasionale Arbeidsorganisasie**
'n Nuwe program word tans onderhandel, en Agri SA lewer insette hieroor deur die toepaslike strukture van Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa).

**Jobs Summit**
Agri SA sal in 2018 deelneem aan Jobs Summit, soos deur die president aangekondig. Die onderskeie komitees is:

- Klein- en mikro-onderneming-ondersteuning;
- Staatsektorprogramme;
- Opleiding en vaardighede;
- Inklusiewe groei, inkomste en transformasie; en
- Ekonomiesesektor-ingrypings.

Die beleidshoof sal deelneem aan die Inklusiewe groei-, inkomste- en transformasiekomitee.

**Voorsorgfonds vir plaaswerkers**
Voorsiening vir aftrede is 'n belangrike element van die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Absa se Landbousektorvoorsorgfonds het weereens aandag geniet gedurende die jaar, en die fondsadministrasie is oorgedra aan Sanlam. Die vergroting van lidmaatskapgetalle bly steeds 'n prioriteit.

**Beleidsvlak: Ontwikkelingswerk**
Die beleidshoof is lid van die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings en Arbeidsraad (Nedlac) se Ontwikkelingskamer en het hierdie jaar op die Omvattende Sosiale Sekuriteit-taakspan gedien, wat fokus op hervorming van die land se aftreevoorsiening, gesondheidsorg en maatskaplike toelae-stelsels om seker te maak dat dit tot voordeel van alle landsburgers is. Geen witskrif is tans ter bespreking nie, maar die taakspan se werk duur voort.

**AgriSETA**
'n Nuwe era is by die AgriSETA ingelui met die verkiesing van Christo van der Rheede as voorsitter van die raad, en herverkiesing van Neil Hamman as raadslid. Die AgriSETA is in die proses om 'n uitvoerende hoofbestuurder aan te stel.

**Landbou-ondernemings-bestuuropleiding**
Agri SA bied ondernemings-bestuuropleiding saam met die Universiteit van Stellenbosch aan. Die kursus sal in 2018 afskop.

> "Agri SA bied ondernemingsbestuur-opleiding saam met die Universiteit van Stellenbosch aan. Die kursus sal in 2018 afskop."

**Maatskaplike aangeleenthede word deur Besigheideenheid Suid-Afrika gehanteer**
Gedurende die verslagjaar het die komitee verantwoordelik vir transformasie en maatskaplike aangeleenthede (Socpol) binne Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) aandag gegee aan:

- Die monitering van die implementering van gewysigde arbeidswetgewing;
- Nasionale minimumloon;
- Kinderarbeid;
- Aanstelling van besigheidsverteenwoordigers op statutêre rade en terugvoering oor die aktiwiteite van sodanige rade;
- Decent Work Country Programme (DWCP)-program;
- Werkloosheid onder die jeug;
- Onderrig en opleiding;
- Maatskaplike sekerheid en voorsiening vir aftrede;
- Swart ekonomiese bemagtiging; en
- Ander transformasie-verwante aangeleenthede.

**Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad**
Die beleidshoof is lid van die Arbeidsmark-kamer (LMC) by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac). Die kamer fokus hoofsaaklik op arbeids- en maatskaplike aangeleenthede. Die LMC poog om konsensus tussen die regering, georganiseerde landbou, georganiseerde arbeid en die sakesektor te bewerkstellig.

**Association for Overseas Partnerships and Technical Training ERHR2-opleidingskursus**
Die beleidshoof is gekies om in Maart 2018 'n tweeweek lange bestuurskursus gerig op menslike hulpbronne en arbeidsverhoudingebestuur deur The Association for Overseas Partnerships and Technical Training (AOTS) in Tokio, Japan by te woon. Slegs 22 kandidate uit 17 lande is gekies en dit het slegs twee mense uit Suid-Afrika ingesluit. Die kursus was baie waardevol in die verfyning van kennis op die betrokke gebied, en die waardetoevoeging sal waarskynlik in die komende jaar begin uitkring.


JOHN DEERE
568

# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

## Ekonomie en Handel



*Henk van Wyk*

**Hierdie Sentrum van Uitnemendheid funksioneer onder voorsitterskap van Henk van Wyk, met Jannie de Villiers as ondervoorsitter en dr Requier Wait as hoof van die sentrum. Hy word bygestaan deur Hamlet Hlomendlini en Martina Benadé.**

**Omvang van werk**

Die sentrum se aktiwiteite hou verband met ekonomiese en handelsaangeleenthede wat ’n uitwerking het op die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van die landbou. Wat ekonomiese sake betref, lewer die sentrum insette en/of kommentaar oor ekonomiese beleid, insetkoste, die dieselterugbetalings vir landboudoeleindes, belastingaangeleenthede, risikobestuur, landbounavorsing, water- en elektrisiteitstariewe asook hersiening van landbouwetgewing. Die sentrum hou ook toesig oor aspekte wat verband hou met padinfrastruktuur, telekommunikasie en tegnologie-ontwikkeling en -oordrag.

Met betrekking tot handel, word aandag gegee aan verskeie beleide, byvoorbeeld handel- en tariefbeleid, landboubemarkingsbeleid en -strategie, asook diverse ooreenkomste, met inbegrip van bilaterale, memoranda van verstandhouding of vennootskapsooreenkomste tussen lande of nasionale organisasies.

### RAMPBESTUUR EN DIEREGESONDHEID

**Slim droogtebestuursplan**

In ’n era gekenmerk deur die geweldige impak van klimaatsverandering, is ’n besigheid-soos-gewoonlik-benadering nie meer voldoende nie. ’n Multi-dissiplinêre benadering tot ramp-/risikobestuur is noodsaaklik. Rampbestuur moet fokus op die integrering van risiko-evaluering, -vermindering, -versagting en -reaksie, sowel as herstel, veral waar dit die landbousektor raak.

Agri SA stel voor dat ’n slim droogtebestuursplan (SDM-plan) ingestel word om die negatiewe impak van rampe op Suid-Afrika se landbousektor te versag.

Die SDM-plan inkorporeer vier sleutelkomponente, naamlik:

- Die daarstelling van ’n rampfonds waar die regering en boerderygemeenskap op ’n 50:50-basis bydra. Aansporings vir privaatsektorbydraes deur middel van belastingkortings kan oorweeg word. Daar moet besluit word oor die bestuur van sodanige fonds, onderhewig aan die beginsels van deursigtigheid en toerekenbaarheid;
- Benutting van openbare-private-vennootskappe;
- Bevordering van ’n multi-risiko landbouversekeringstelsel; en
- Skep van infrastruktuur om ramphulp-inisiatiewe te ondersteun.

Die suksesvolle implementering van die SDM-plan vereis samewerking tussen die regering en die landbou- en privaatsektore asook die ondersteuning van die algemene publiek.

> “Die suksesvolle implementering van die SDM-plan vereis samewerking tussen die regering en die landbou- en privaatsektore asook die ondersteuning van die algemene publiek.”

Agri SA het, in samewerking met die Nasionale Landbou-bemarkingsraad (NAMC), die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP), Agbiz en die African Farmers' Association of South Africa (Afasa), insette gelewer op die tweede verslag van die artikel 7-komitee oor droogte. Een van die insette was Agri SA se slim droogtebestuursplan.

**Droogtehulpverlening deur die regering**

In onlangse jare het droogtes 'n groter uitdaging vir landbou in Suid-Afrika geword. Binne hierdie konteks is dit belangrik om in ag te neem hoe belangrik die landbou vir voedselsekerheid, ekonomiese ontwikkeling en werkskepping is.

Op provinsiale vlak skakel georganiseerde landbou gereeld met sleutelbelanghebbendes om tersaaklike droogte-versagtingstrategieë en -opsies te oorweeg. Ten einde versagtingstrategieë op provinsiale vlak te ondersteun, het Agri SA 'n samewerkingspoging op 'n 'SA Inc dimension'-basis voorgestel om te verseker dat ons die potensiële skade aan die landbou en landelike ekonomieë verminder. Die doel hiervan is om op nasionale vlak aanvullend tot die versagtingstrategieë en -aksies binne elke provinsie op te tree.

Vir hierdie doel sal Agri SA saamwerk met sy lede, agri-ondernemings, die BFAP, kommersiële banke, die Land Bank, oesversekeringsverskaffers, die nasionale rampbestuursentrum, die departemente van watersake en sanitasie, landbou, bosbou en visserye (Daff) en ander tersaaklike staatsdepartemente.

Agri SA beoog om 'n fasiliterende rol te speel om alle belanghebbendes byeen te bring en om 'n verenigde strategie te ondersteun ten einde die uitdagings wat uitgerekte droogtes stel, aan te spreek. Hierdie inisiatief het uitgeloop op die tweede verslag van die NAMC se artikel 7-komitee oor droogte.

> "Agri SA beoog om 'n fasiliterende rol te speel om alle belanghebbendes byeen te bring en om 'n verenigde strategie te ondersteun ten einde die uitdagings wat uitgerekte droogtes stel, aan te spreek."

**Droogtehulpmeganismes en die Land Bank**

Die doel van hierdie vergadering met dié bank was hoofsaaklik om uit te vind watter droogte-hulpmeganismes beskikbaar is om boere in die verskillende provinsies wat deur die droogte beïnvloed is by te staan. Tweedens, gegewe die kommer wat uitgespreek is tydens die vorige sentrumvergadering oor die getal boere landwyd wat steeds sukkel om te herstel ná die vorige droogte, was dit nodig om by die bank uit te vind of hulle steeds daardie boere tegemoet kan kom al dan nie.

Aangesien die droogte oor groot dele van Suid-Afrika voorkom, het die bank, tesame met die Nywerheidsontwikkelings-korporasie (IDC), R400 miljoen in 2016 beskikbaar gestel vir droogtehulp-doeleindes. Volgens die bank is boere 'n geleentheid gegun tot einde Junie 2017 om aansoek te doen vir die res van die fasiliteit. Gegewe dit situasie in die Wes-Kaap, is boere daar die geleentheid gegun om aansoek te doen tot aan die einde van Maart 2018 vir die res van die fasiliteit.

Die Land Bank het ook in 2017 fondse ter waarde van R1 miljard van die Wêreldbank ontvang vir landboudoeleindes. By navraag het die Land Bank Agri SA duidelik laat verstaan dat daardie geld bedoel is vir spesifieke projekte waarby opkomende boere betrokke is in 'n poging om die sektor te transformeer. Dit is nie aan kommersiële boere en boere wat reeds gevestig is beskikbaar nie.

**Nasionale Dieregesondheidsforum**

Agri SA, as lid van die Nasionale Dieregesondheidsforum (NAHF), het verskeie vergaderings gedurende die verslagjaar bygewoon. Die NAHF bestaan uit diereproduksie-organisasies en ander relevante organisasies in die dieregesondheidsbedryf, asook provinsiale organisasies wat lede van Agri SA is. 'n Omvattende agenda is tydens die verslagjaar deurgewerk, met inbegrip van skakeling met die departement van

landbou, bosbou en visserye en kommunikasie met Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) oor die status en opdatering van die beskikbaarheid van entstowwe.

Oor die afgelope vyf jaar het die NAHF oor 'n wye spektrum werk gedoen ter verbetering van die dieregesondheidsbedryf. Suksesstories sluit in die daarstelling van die veeartsenystrategie, vee-identifikasie- en opspoorbaarheidspogings, die vestiging van ondernemersverklarings, die bemarking van diere in die bek-en-klouseer-sone en verpligte gemeenskapsdiens-uitreikingsinisiatiewe.

## BELASTING EN ANDER SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS-AANGELEENTHEDE

### Hersiening van die dieselterugbetalingstelsel

Ná afloop van die vorige begrotingsrede ontvang boere 'n terugbetaling van R3,22 per liter diesel. In 2015 het die minister van finansies in sy begrotingsrede aangekondig dat die stelsel hersien sou word. Agri SA het 'n voorlegging oor die voorgestelde nuwe stelsel aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en die Nasionale Tesourie gedoen. In 2018, ná afloop van omvattende hersiening van die administrasie van die dieselterugbetalingstelsel, sou die Nasionale Tesourie en SAID met geaffekteerde bedrywe en ander rolspelers skakel as 'n volgende stap in die hervormingsproses. 'n Nuwe dieselterugbetaling-administrasiestelsel, in hierdie verband is uiters belangrik vir die lewensvatbaarheid van kommersiële landbou, en Agri SA sal alles in sy vermoë doen om hierdie stelsel vir lede te bewerkstellig en te verbeter.

### Dieselterugbetaling

Gedurende die verslagjaar het Agri SA met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) vergader om boere se kommer oor dieselterugbetalings te bespreek. Die SAID het waardering uitgespreek vir die sleutelrol wat die landbou in ons ekonomie speel. Die sleutelareas wat tydens hierdie vergadering bespreek is, sluit in vertragings met uitbetalings, logboeke en kommunikasie tussen die SAID en boere, of die gebrek daaraan.

Wat betref die gerugte dat die SAID opsetlik hierdie uitbetalings vertraag en konsultante aanstel wat kommissie verdien vir sodanige vertraging, het die SAID gesê hulle vertraag nie opsetlik enige uitbetalings nie. Vertragings word veroorsaak deur die indiening van onvolledige of onvoldoende inligting asook stelselfoute. Dieselterugbetalings is gekoppel aan ander departemente binne die SAID, byvoorbeeld belasting op toegevoegde waarde (BTW) en debiteure. Belastingbetalers moet vertroud wees met hul netto-posisie ten opsigte van dieselterugbetalings en BTW, want dit sal die verwerking van terugbetalings beïnvloed.

Die SAID het kennis geneem van Agri SA se insette en die hoop uitgespreek dat die proses in die toekoms sal verbeter. Hulle het Agri SA ook die versekering gegee dat, indien 'n saak nie opgelos kan word nadat die korrekte prosedure gevolg is nie, die aangeleentheid verder gevoer kan word. Lede kan Agri SA kontak indien hulle probleme ondervind.

### Dieselopname

Nadat 'n aantal klagtes oor vertragings in dieselterugbetalings ontvang is, het Agri SA, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut van Belastingkundiges (SAIT), besluit om 'n opname te doen om die besonderhede van die spesifieke probleme wat deur boere en belastingpraktisyns ervaar word te bepaal. Die hoofdoel van hierdie opname was om te bepaal of die probleme beperk is tot spesifieke provinsies en of dit moontlik 'n meer algemene probleem is. Verder moes die opname die duur van vertragings en die hoofredes daarvoor bepaal asook of en hoe dit aangespreek word. Die resultate van die opname sal gebruik word in deurlopende skakeling met SAID om vertragings in dieselterugbetaling en verwante aangeleenthede aan te spreek. Dit sal ook dien as maatstaf waarteen vordering met die oplossing van hierdie probleme in die toekoms gemeet kan word.

### Koolstofbelasting

Die landbou is sentraal tot die ondersteuning van nasionale voedselsekerheid, volhoubare ontwikkeling asook die versagting van en aanpassing by klimaatsverandering. Tesame met bosbou en ander grondgebruiksopsies, is die sektor uniek deurdat kweekhuisgasse (GHG) verminder kan word deur koolstof uit die atmosfeer te verwyder asook die

vermindering aan GHG-emissies deur die bestuur van grond en lewende hawe. Regverdiging vir en die lewensvatbaarheid van 'n koolstofbelasting- en teenrekeningstelsel word onder-soek teen hierdie agtergrond.

Agri SA het 'n verslag opge-stel oor die implikasies van 'n koolstofbelasting en teenrekeningstelsel vir landbou in Suid-Afrika. Hierdie verslag is aan die departemente van omgewingsake en landbou, bosbou en visserye en die Nasionale Tesourie voorgehou.

> "Agri SA het 'n verslag opgestel oor die implikasies van 'n koolstofbelasting en teenrekeningstelsel vir landbou in Suid-Afrika."

In hierdie verslag word daar soos volg akkoord gegaan:

- Die landbou se bydrae tot die $CO_2$-voetspoor is klein en relatief onbenullig;
- Om die landbousektor se $CO_2$-emissies te meet en te kontroleer, sal uiters moeilik wees as gevolg van onakkurate statistieke en ontoepaslike of onontwikkelde metingsmetodiek; en
- Terwyl die landbou sy $CO_2$-emissies behoort te beperk, kan hy veel meer bereik deur praktyke te volg en te implementeer wat die sekwestrasie van atmosferiese $CO_2$ maksimeer en deur die emissie van koolstof- en stikstofkomponente vanuit die grond tot 'n minimum te beperk.

Soos uitgewys in vorige dokumente konsepwetsontwerpe van die Nasionale Tesourie, is die landbou vrygestel van belasting vir die eerste fase van 2015/2020 maar die verwagting is dat dit in die daaropvolgende fases ingesluit sal wees. Implementering van fase 1 het langer geneem as wat verwag was, dus sal fase 2 waarskynlik nie voor 2025 geïmplementeer word nie. Verder sal die probleme met die meting van landbou waarskynlik nie aangespreek word nie. Aangesien die $CO_2$-emissies van die landbou relatief min is, sal dié sektor belas word op sy direkte emissies in die tweede fase en daarna.

Die landbou kan moontlik voordele geniet deur middel van koolstofkredietskemas aangesien maatskappye wat hul $CO_2$-emissiedrempel oorskry beleggings kan maak in groot landbou- en sosio-ekonomiese projekte. Landboubedrywe behoort hierop te fokus aangesien sodanige projekte kan help met koolstofsekwestrasie en -berging asook die daarstelling van stabiele en volhoubare sosio-ekonomieë. Agri SA sal sy lede op hoogte hou hiervan.

**Onteiening sonder vergoeding**

Die Sentrum van Uitnemendheid het insette gelewer oor die potensiële impak op die Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie van grondonteiening sonder vergoeding, of onteiening teen lae vlakke van vergoeding.

Die belangrikheid van die landbou-bedryf binne die Suid-Afrikaanse ekonomie moet nie onderskat word nie. Alhoewel die bydrae van die sektor tot die land se bruto binnelandse produk (BBP) verskraal het tot minder as 3%, speel die landbou steeds 'n kritiek belangrike rol in die ekonomie in terme van werkskepping, buitelandse valutaverdienste, landelike ontwikkeling en voedselsekerheid.

Grond is 'n baie belangrike inset vir die boerderysektor en dien as sekuriteit vir boere wanneer hulle lenings aangaan. Grond, as een van die kritieke faktore vir produksie en grondbesit, is noodsaaklik vir die volhoubaarheid van die sektor. Onsekerheid rondom eienaarskap van grond behels 'n geweldige bedreiging vir die ontwikkeling van landbougrond en landbou in die land.

Om die prestasie van die sektor te bepaal, word sekere aanduiders geëvalueer, dit wil sê, die volume landbou-uitset, kapitaalbates en -belegging, boerderyskuld, handelsprestasie deur die sektor, pryse wat boere ontvang en boerdery-inkomste. Grondonteiening sonder

vergoeding of onteiening teen lae vlakke van vergoeding kan moontlik swak prestasie van hierdie aanduiders tot gevolg hê, wat dan die landbousektor in duie kan laat stort.


Dit is duidelik dat die landbousektor 'n groot rol te speel het in die ekonomie van Suid-Afrika. Enige onstabiliteit in dié sektor het 'n nadelige uitwerking op ander sektore van die ekonomie en dus ook op ekonomiese groei wat, met 'n koers van minder as 1% per jaar, reeds sukkel. Grondhervorming is belangrik vir ekonomiese transformasie en inklusiewe groei. Dit moet egter geskied op 'n volhoubare wyse wat ekonomiese groei tot gevolg het. Agri SA, veral hierdie Sentrum van Uitnemendheid, sal kommentaar lewer op en deelneem aan enige vorm van beïnvloeding van onderhandelings in die nasionale belang.

**Grondoudit: 'n Transaksie-benadering**

Die kwessie van grondbesit word dikwels geopper as deel van die debat oor grondhervorming en landelike ontwikkeling. Landbougrondbesit is sentraal tot hierdie debat. Hoewel statistieke oor die rassesamestelling van grondbesit onvolledig en beperk is, is baie mense van mening dat grondhervorming misluk het en dat die 'grondmark' die hoofrede hiervoor is. Daar is egter geen duidelike bewys van sodanige markmislukking nie.

In die afwesigheid van statistieke het die beleidsdebat verskuif na idees soos radikale ekonomiese transformasie, grondplafonne en onteiening sonder vergoeding. Hierdie idees is aangeblaas deur die siening dat grondhervorming en die grondmark nie daarin kon slaag om 'n aanvaarbare vlak van grondoordrag aan voorheen benadeelde individue en gemeenskappe te lewer nie.

Binne hierdie konteks beskou Agri SA, as verteenwoordigende



organisasie vir kommersiële boere in Suid-Afrika, die algemene beskikbaarheid van meer volledige en betroubare data oor grondbesit as noodsaaklik vir 'n meer ingeligte openbare gesprek. Agri SA het 'n ooreenkoms met Agricultural Development Solutions (ADS) aangegaan om toegang te verkry tot die ADS/Landbouweekblad se transaksiedata. Hierdie data, wat deur ADS versamel is, vorm die grondslag van 'n verslag wat hierdie sentrum opgestel het. Die doel van die verslag is om 'n meer gedetailleerde aanduiding van die rassesamestelling van grondbesit in Suid-Afrika te verkry.

Om doeltreffende en volhoubare beleidsformulering te verseker, behoort die regering se grondbeleid op feite gegrond te wees. Hierdie grondoudit dien as sodanige grondslag. As deel van die verslag sal Agri SA 'n nuwe, vennootskap-gebaseerde, oplossing-gedrewe strategie ontwikkel ten einde die probleme aan te spreek wat grondbeleidskrywers ondervind.

## INFRASTRUKTUUR, LOGISTIEK EN VERVOER

### Konsep Hersiene Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid

Die departement van vervoer (DoT) het al die geaffekteerde en belangstellende partye genooi om skriftelike kommentaar te lewer op die Hersiene Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid (RWPNTP) van 2017, wat deur die kabinet goedgekeur is. Volgens die departement is die RWPNTP 'n oorkoepelende beleidsdokument wat die departement se beleidsrigting en doelwit met betrekking tot die ontwikkeling van die vervoersektor in ooreenstemming bring met ons nasionale ontwikkelingsraamwerke, die New Growth Path en die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030. Die beleid rig ook die regering se ingryping met die oog op veilige, betroubare, toeganklike, doeltreffende en volledig geïntegreerde vervoer-bedrywighede en -infrastruktuur om die behoeftes van vrag en passasiers ten beste te bevredig.

Agri SA het die regering van Suid-Afrika geloof vir hul erkenning van die vervoerbedryf as een van sy prioriteitsareas vir sosio-ekonomiese ontwikkeling; daarom steun Agri SA die RWPNTP aangesien dit poog om voorsiening te maak vir gelyke en betroubare toegang vir almal op 'n ekonomies- en omgewingsvolhoubare wyse om inklusiewe groei en mede-dingendheid van die land te bevorder. Agri SA glo ook dat 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen stedelike en landelike padvervoerinfrastruktuur-ontwikkeling en die aanverwante voordele in die verskillende kontekste.

Terwyl Agri SA die regering en die DoT erkenning gegee het vir die padvervoerinfrastruktuurplanne, soos uitgelig in RWPNTP, is ons baie bekommerd oor die gebrek aan duidelikheid oor hoe sodanige planne befonds sal word. As rigtinggewende landbou-organisasie in Suid-Afrika, wil Agri SA graag weer eens die regering en DoT loof vir hul beoogde planne om pad- en vervoerinfrastruktuur in die land 'n hupstoot te gee.

### Telkom

Twee probleme wat gedurende die verslagjaar opgeduik het rakende telefoonlyne en waarby Agri SA en spesifiek die Sentrum van Uitnemendheid vir Ekonomie en Handel betrokke geraak het, was die onbedoelde ontkoppelings en kennisgewing van ontkoppelings van Telkomlyne. Onbedoelde ontkoppelings het in die Calvinia-gebied, wat deur 'n "system command" op Telkom se rekenaarstelsel veroorsaak is, plaasgevind. Provinsiale organisasies se lede het kennisgewings ontvang dat hulle Telkomlyne ontkoppel gaan word. Telkom het wel 'n alternatief in plek gestel maar hierdie stelsels het nie oral ontvangs nie - waar 'n sateliettelefoon die enigste alternatief is. Lede was egter besorg oor die koste-implikasies wat hieraan verbonde is.

Agri SA het vergaderings met die diensverskaffer van Telkom – Openserve – gehad om hierdie en ander probleme te probeer oplos. Die sentrum sal ondersoek doen na alternatiewe vir landlyne en lede op hoogte hou.

**Trekkerbestuurslisensies en stadig-bewegende landboumasjinerie**

Agri SA het in die verlede voorstelle aan die departement van vervoer gemaak oor trekkerbestuurslisensies en stadig-bewegende landbouvoertuie op openbare paaie. Agri SA se voorstelle rakende die beweging van swaarvoertuie is nie deur die departement aanvaar nie. Die departement van vervoer het Agri SA egter ingelig dat Regulasie 99 gewysig gaan word. Dit gee toestemming aan 'n bestuurder om 'n trekker te bestuur gebaseer op die kategorie van die bestaande bestuurslisensiekodes, wat dan gebaseer is op die bruto voertuig-gewig (GVM) van die voertuig. In die geval van 'n trekker word die houer van 'n kode B-bestuurslisensie byvoorbeeld gemagtig om 'n trekker te bestuur waarvan die bruto voertuiggewig nie 3 500 kg oorskry nie.

Ná verskeie versoeke van affiliasies het die sentrum egter weer hierdie saak by die departement vir oorweging ingedien. Ná gesprekke wat Agri SA met verteenwoordigers van departement van vervoer gehad het, en waartydens die beweging van swaarvoertuie langs paaie ook bespreek is, het die departement versoek dat meer detail-inligting hieroor aan hulle verskaf word.

Agri SA het konkrete inligting nodig om probleme wat deur lede ondervind word, onder die betrokke staats- en semi-staatsinstellings se aandag te bring. Hierdie Sentrum van Uitnemendheid het 'n kort vraelys saamgestel rakende infra-struktuurprobleme, sodat die departement en ander instansies met wie gepraat word, van meer inligting voorsien kan word.

**Lisensiegelde/Justice Project South Africa**

Na aanleiding van 'n kennisgewing in die staatskoerant in Oktober 2017 aangaande die verhoging van transaksiefooie, het Agri SA die Justice Project South Africa (JPSA) genader rakende die styging in hierdie betrokke fooi vanaf R42 na R70. JPSA is 'n nie-regerings-, nie-winsgewende organisasie wat fokus op die verbetering van padverkeerswetgewing en die afdwinging daarvan. JPSA het gedurende die vergadering voorgestel dat Agri SA 'n skrywe aan die departement van vervoer rig, waarin daar vir 'n korting in hierdie lisensiegeld spesifiek vir die landbousektor gevra word. Hierdie saak is met die departement opgeneem en terugvoering, wanneer ontvang, sal aan affiliasies deurgegee word.

**Padvragstrategie**

Agri SA het die departement van vervoer genooi om 'n voorlegging aan lede rakende die "Road Freight Strategy" te doen. Die visie van hierdie strategie is om 'n doeltreffende regulatoriese en institusionele raamwerk met behulp van internasionale beste praktyk daar te stel. Die doel is om die regte tegnologie en doeltreffende bestuur van hoë standaarde te gebruik om so 'n volhoubare padvragsektor te verseker wat doeltreffende diens aan alle bedrywe bied. Agri SA is ook tydens hierdie geleentheid genooi op deel uit te maak van die Transport Technical Committee van dié departement.

**Eskom se tariefverhoging-aansoek vir 2018/2019**

Ingevolge 'n besluit van die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) in Julie 2017 het Eskom by Nersa in Augustus 2017 aansoek gedoen vir 'n tariefverhoging van 19,9%. Belanghebbendes en geaffekteerde partye, insluitend dié in die landbouwaardekettting soos Agri SA, is versoek om hierop kommentaar te lewer.

Agri SA erken dat, gegewe Eskom se swak posisie, dras-tiese verbeterings nodig is om te verseker dat die land se elektrisiteitsvoorsiening nie onderbreek word nie. Agri SA glo egter nie dat 'n substansiële tariefverhoging die voertuig moet wees waardeur sodanige ver-beterings bewerkstellig word nie.

> "Agri SA erken dat, gegewe Eskom se swak posisie, drastiese verbeterings nodig is om te verseker dat die land se elektrisiteitsvoorsiening nie onderbreek word nie."

Die huidige ekonomiese omgewing en die brose stand van die land se sleutelsektore verg 'n meer beredeneerde benadering tot Eskom se versoek.

Agri SA het dus aanbeveel dat Eskom hul berekenings soos volg aanpas:

- Die depresiasie-afskrywing mag verminder word in die volgende rekeningkundige periode en opwaarts aangepas word wanneer die ekonomie beter presteer, terwyl Eskom beter resultate kan verkry deur middel van groter elektrisiteitsverkope in 'n scenario van verbeterde ekonomiese groei. Dit sal die bedrag wat benodig word vir die volgende jaar verlaag;
- Geïntegreerde aanvraag-bestuur (IDM) is geïnisieer om kliënte te adviseer oor die vermindering van hul elektrisiteitsverbruik en om energie-doeltreffendheidspraktyke te finansier. Dit bied Eskom 'n potensiële kostebesparingsgeleentheid; en
- Onafhanklike kragprodusente (IPP's) mag meer elektrisiteit produseer as die vereiste uitset waartoe Eskom kontraktueel verbind is. Sodanige oorproduksie behoort nie aangekoop te word teen dieselfde hoë tarief wat van toepassing is op die kontraktuele IPP-uitset nie.

In Desember 2017 het Nersa 'n 5,23% elektrisiteitsverhoging aangekondig, teenoor die 19,9% voorgestel deur Eskom.

**Eskom se derde multijaar-prysvasstelling regulatoriese aansuiweringsrekening aansoek van toepassing op jaar 2 (2014/2015), jaar 3 (2015/2016) en jaar 4 (2016/2017)**

Nersa het Eskom se derde multijaar-prysvasstelling (MYPD3) regulatoriese aansuiwerings-rekening (RCA) vir jaar 2 (2014/2015), jaar 3 (2015/2016) en jaar 4 (2016/2017) aansoeke, wat R66,6 miljard beloop, ontvang. Belanghebbendes en geaffekteerde partye, met inbegrip van diegene in die landbouwaardeketting soos Agri SA, is versoek om kommentaar te lewer op die impak van die nutsmaatskappy se prysverhogingsversoeke op die onderskeie sektore.

> "Ná wye beraadslaging en oorweging van die beweerde onreëlmatighede, korrupsie en ondoeltreffendheid binne Eskom, het Agri SA aanbeveel dat Eskom eerder fokus op 'n verbetering van sy korporatiewe beheer- en bestuurstrukture."

Ná wye beraadslaging en oorweging van die beweerde onreëlmatighede, korrupsie en ondoeltreffendheid binne Eskom, het Agri SA aanbeveel dat Eskom eerder fokus op 'n verbetering van sy korporatiewe beheer- en bestuurstrukture. Verder behoort Eskom te fokus op kostebesparing en 'n verbetering in doeltreffendheid eerder as om die Suid-Afrikaanse verbruiker met verdere (RCA-) tariefverhogings te belas. In die huidige omgewing is verbruikers hoogs pryssensitief. 'n Verhoging in elektrisiteitstariewe sal verbruikers bloot aanmoedig om selfs minder elektrisiteit te gebruik of om oor te skakel na alternatiewe opsies soos gas (LPG) en sonpanele.

Agri SA beveel aan dat Eskom se RCA-aansoeke slegs oorweeg sal word waar Nersa 'n volledige noulettendheidstudie voltooi het oor die geldigheid van die syfers wat gebruik is in Eskom se RCA-aansoek om te verseker dat slegs legitieme koste verhaal word via die RCA-proses en dat enige elemente voortspruitend uit onreëlmatighede en korrupsie nie by die aansoek ingesluit word nie.

**Elektrisiteitswet-lisensievrystellings**

Die departement van energie het die pad voorberei om kleiner hernubare energieprojekte in staat te stel om krag op te wek – nie slegs vir hul eie gebruik nie maar ook tot voordeel van bedrywe soos die landbousektor. Die grootskaalse implementering

van sonkraginstallerings het die afgelope jare gehelp om die koste van sonkragtegnologieë te verlaag en koste-mededingendheid te verbeter.

Benewens die duidelike omgewingsvoordele, kan die gebruik van onafhanklike sonenergie bydra tot koste-besparings vir die gebruiker asook die ontwikkeling van 'n plaaslike sonkragbedryf-waardeketting. Daarom het die gebruik van sonkrag spesifiek potensiaal in die landboubedryf. Boere kan hul eie fotovoltaïese(PV)-infrastruktuur installeer om hul koolstofvoetspoor te verminder, terwyl hulle ook elektrisiteitskoste bespaar.

Tot onlangs was die meeste on-afhanklike kragopwekkingsprojekte verplig om te registreer en 'n lisensie te bekom by die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (Nersa). In 'n praktiese sin plaas die registrasie en lisensiëring van alle onafhanklike kragopwekkingsprojekte, spesifiek kleinskaalse projekte, 'n onnodige las op die reguleerder, asook 'n administratiewe en finansiële las op die projekeienaar. Tot dusver het hierdie vereiste boere met PV-installerings daarvan weerhou om by die netwerk in te skakel.

Die konseplisensiërings- en registrasiekennisgewing wat aanvanklik op 2 Desember 2016 ingevolge die Wet op Elektrisiteitsregulering (ERA), 2006 (konsep-vrystellings) gepubliseer is, bevat 'n voorstel dat spesifieke aktiwiteite vrygestel moet word van die lisensiëringsvereiste, byvoorbeeld geïnkorporeerde kragopwekking indien die kapasiteit nie 1 megawatt (MW) oorskry nie. Ingevolge die konsep-vrystellings sal kleinerskaalprojekte (tot en met 1 MW) toegelaat word om ongehinderd voort te gaan sonder om te voldoen aan die lisensiëringsvereiste. Daarom is dit nie verbasend dat boere, met die oog op die inwerkingtreding van die konsep-vrystellings, begin het om te belê in die installering van fotovoltaïese sonpanele op hul eiendom nie.



Die goeie nuus is dat die departement van energie op 10 November 2017 die lisensie- en registrasievrystellingskennisgewing in die staatskoerant (Nr 41237) gepubliseer het. Hierdie aankondiging is deur Agri SA verwelkom. Die vrystelling van lisensievereistes ingevolge die ERA sal boere met bestaande PV-installerings in staat stel om gekoppel te word aan die Eskom-netwerk sonder om aansoek te doen vir lisensies. Dié vrystellings sal boere ook aanspoor om verder te belê in die diversifikasie van hul energievoorsiening deur middel van geïnkorporeerde (embedded) kragopwekking.

**Registrasiereëls vir geïnkorporeerde (embedded) kragopwekkers**

Agri SA is besig om te werk aan sy kommentaar op hierdie registrasiereëls. Ons het insette in hierdie verband gelewer en sal voortgaan om insette te lewer via die Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa)-struktuur. Agri SA en spesifiek die Sentrum van Uitnemendheid vir Ekonomie en Handel het verskeie vergaderings in hierdie verband met Eskom en Nersa gehou.

Die registrasiereëls is hoofsaaklik gemik op geïnkorporeerde kragopwekkers kleiner as 1 MW. Die voorgestelde registrasiereëls is nie van toepassing op installerings groter as 1 MW nie. Die konsultasiedokument oor registrasiereëls (tans kommerwekkend) volg op die lisensiëringsvrystelling- en registrasiekennisgewing (vir aanlegte kleiner as 1 MW) wat op 10 November 2017 uitgereik is. Voordat die lisensiëringsvrystelling is plek was, het sommige boere reeds belê in hernubare energie-aanlegte (byvoorbeeld PV-sonkragaanlegte) met die oog op finalisering van die regulasies. Nadat die regulasies gefinaliseer en 'n registrasiesertifikaat bekom is, kan sodanige geïnkorporeerde kragopwekkingsaanlegte by die kragnetwerk ingeskakel word.

Ingevolge 'n ooreenkoms met die nutsmaatskappy mag die aanleg, ná aansluiting, elektrisiteit by die netwerk invoer, wat dan aftrekbaar van toekomstige gebruik sou wees. Nadat die vrystelling in plek was (10 November 2017), was daar 'n uitstaande vereiste wat verhinder het dat projekte by die netwerk kan inskakel, naamlik die feit dat die spesifieke reëls om registrasie van hierdie projekte te administreer nog nie beskikbaar was nie. Boere wat in aanlegte belê het of graag daarin wou belê was van mening dat die konsultasiedokument oor die reëls vir registrasie sou help om die proses vorentoe te neem.

Tans mag boere nie sodanige stelsels aan die netwerk koppel voordat die reëls vir registrasie gefinaliseer is nie. Sodra die registrasiereëls gefinaliseer is, behoort dit boere wat die proses volg in staat stel om 'n registrasiesertifikaat te bekom. Sodra boere 'n registrasiesertifikaat het, sal hulle toegelaat word om by die netwerk aan te sluit. Agri SA sal vertoë rig om te verseker dat 'n gesonde ekonomiese en kommersiële benadering gevolg word met die finalisering van registrasiereëls.

## HANDEL EN NYWERHEID

**Deelname aan handelsbeleidstrukture**

Agri SA is 'n lid van die Landbouhandelsforum (LHF), 'n organisasie wat by die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) gevestig is. Die LHF is basies 'n drieledige organisasie, bestaande uit verteenwoordigers van die privaatsektor, arbeid en die regering.

> "Die ontleding en beïnvloeding van handel in die algemeen en handelsbeleid wat direk of indirek 'n uitwerking op die landbou het, vorm deel van Agri SA se kernbesigheid."

Die ontleding en beïnvloeding van handel in die algemeen en handelsbeleid wat direk of indirek 'n uitwerking op die landbou het, vorm deel van Agri SA se kernbesigheid. As sodanig, is Agri SA, tesame met sommige van sy bedryfsorganisasies soos Graan SA, die Rooivleis

Produsente Organisasie en die Melkprodusente-organisasie, 'n prominente lid van die LHF – 'n forum wat beide Daff en die departement van handel en nywerheid (dti) gebruik as platform om met die bedryf te skakel en inligting te verskaf oor Suid-Afrika se handelsooreenkomste wat die landbousektor raak.

Hierdie ooreenkomste sluit die volgende in: Trade, Development and Cooperation Agreement (TDCA), EFTA-SACU Free Trade Agreement (FTA), Economic Partnership Agreement tussen die SADC/EPA-lande en die EU en sy lidlande, SACU-Southern Common Market (Mercosur) Preferential Trade Agreement (PTA), Africa Growth and Opportunity Act (Agoa) en SACU-India PTA, SADC-EAC-COMESA Tripartite FTA. Hierdie handelsbetrekkinge word ook bespreek binne die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings en Arbeidsraad (Nedlac), waar Agri SA as lid van Busa verteenwoordig is.

**Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies**
Landboubelanghebbendes van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SOAG) het samesprekings gehou oor sleutelaangeleenthede met betrekking tot die sektor tydens die algemene jaarvergadering van Sacau (Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies), waarvan Agri SA ook lid is.

Die 2018-jaarvergadering is op 16 Mei 2018 in Victoria Falls, Zimbabwe, gehou. Dr Sinare Y Sinare van die landbouraad van Tanzanië is verkies as die nuwe voorsitter van die raad en president van Sacau. Hy vervang dr Theo de Jager, wat afgetree het ná vyf jaar as president van die organisasie. Me Doreen Hlatshwayo van die Swazilandse Nasionale Landbou-unie is verkies tot vise-voorsitter, 'n posisie wat voorheen deur dr Sinare beklee is. Alfred Banda van Farmers Union of Malawi is herverkies tot gewone direksielid, terwyl Phenias Gumede van Agri SA in Suid-Afrika ook by die raad aangesluit het as gewone direkteur. Berean Mukwende van die Zimbabwe Farmers Union het die raad verlaat.

**Internasionale handelsbehoefte-ontleding**
Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid vir Ekonomie en Handel het 'n internasionale handelsbehoefte-ontleding onderneem om vas te stel hoe Agri SA sy lede verder kan ondersteun. Dié ontleding het die sentrum gehelp om 'n idee te kry van die belangrikste internasionale handelskwessies wat bedrywe moes hanteer. Die bedrywe is ook gevra of daar spesifieke internasionale handelskwessies was waar Agri SA behulpsaam kon wees. Indien wel, sou die bedrywe Agri SA om hulp nader.

## WETGEWENDE SAKE

**Belasting op Toegevoegde Waarde**
Gedurende 2018 het die minister van finansies die verwysingsraamwerk gepubliseer vir die onafhanklike paneel van kundiges om die bestaande lys items in Suid-Afrika wat onderhewig is aan 'n nulkoers-belasting op toegevoegde waarde (BTW) te hersien. Die paneel se mandaat is om die huidige lys items te hersien en die doeltreffendste wyse om die uitwerking van 'n BTW-verhoging op die armes en lae-inkomste huishoudings te versag. As deel van sy mandaat het die paneel gevolglik belangstellende partye uitgenooi om skriftelik kommentaar te lewer vir oorweging. Agri SA, as 'n geaffekteerde belanghebbende met 'n mandaat van sy lede, het besluit om 'n skriftelike voorlegging in hierdie verband te maak.

Agri SA se lede is ten volle blootgestel aan belasting- en BTW-verwante wetgewing. Gegewe die moontlikheid dat die huidige lys nulkoers-items uitgebrei kan word, het Agri SA aanbeveel dat die paneel die huidige lys uitbrei met die insluiting van die meeste vleissoorte (insluitend pluimvee, varkvleis en rooivleis) en alle soorte brood (bruin en wit) en meel. Agri SA is van mening dat hierdie items deel uitmaak van die stapelvoedsel van die meeste huishoudings in Suid-Afrika. Uitbreiding van die lys nulkoers-items kan dus help om laer-inkomstehuishoudings wat 'n groter gedeelte van hul besteebare inkomste op voedselprodukte bestee, te akkommodeer.

**Wysigingswetsontwerp op Mededinging**
Agri SA het nie 'n afsonderlike voorlegging oor die Wysigingswetsonwerp op Mededinging gemaak nie. Agri SA is lid van Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa), wat wel 'n voorlegging namens die besigheid-sektor, insluitend Agri SA, gemaak het.

**Nasionale Kredietwysigings-wetsontwerp**
Die Nasionale Kredietwysigings-wetsontwerp is ter tafel gelê vir bespreking by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac), waarvan Agri SA 'n lid is. Die parlementêre portefeuljekomitee het die versoek geweier en aangebied om die insette van Nedlac se sosiale vennote tot die wetsontwerp tydens 'n parlementêre sessie in Februarie 2018 te oorweeg. Ter ondersteuning van die Busa-voorlegging vir hierdie sessie het Agri SA sy lede gevra om kommentaar op die wysigingswetsontwerp te lewer.

## ALGEMENE SAKE

**Mediumtermyn-begroting 2017**
Die minister van finansies, Malusi Gigaba, se mediumtermyn-begrotingsbeleidstelling (MTBPS) maak gebruik van verskeie landbouverwante metafore, soos saai en maai, om klem te lê op ekonomiese inklusiwiteit waar landsburgers aktief saambou aan 'n beter toekoms vir Suid-Afrika.

Met die uitsondering van die landboubedryf se potensiële ekonomiese koppeling met die vervaardigingsektor, gee die minister ongelukkig relatief min aandag aan die landbousektor in die res van sy toespraak. Daar was geen verwysing na die landbou se bydrae tot ekonomiese groei of boere se swaarkry as gevolg van die voortslepende droogte nie. Kommerwekkend is die feit dat die gebeurlikheidsreserwe verminder is tot 'n skrale R16 miljard oor die volgende drie jaar. Dit is onduidelik watter impak dit sal hê op nood-hulp vir krisisse soos droogte en die onlangse voëlgriep-uitbraak.



Minister Gigaba verwys na verskeie maatreëls om vertroue te verhoog en ekonomiese groei te ondersteun. Agri SA is egter bekommerd dat die Wetsontwerp op die Regulering van Landbougrondbesit genoem word as een van hierdie maatreëls. Agri SA en ander kommersiële uitleners en bedryfsbelanghebbendes maan reeds die afgelope ses jaar teen hierdie voorstel. Die voorstelle in die wetsontwerp sluit in beperkings op buitelandse besit van plaasgrond asook plafonne op die besit van plaasgrond.

Agri SA beveel aan dat daar gefokus word op beleid wat beleggers- en verbruikersvertroue verhoog en ekonomiese groei bevorder. Agri SA is ook bekommerd oor die gebrek aan duidelike implementeringsaksies in die minister se toespraak.

**2018 Nasionale begroting**

Die 2018 nasionale begroting is onder baie moeilike omstandighede ter tafel gelê. Die minister van finansies het dit erken, maar die nodige kompromis moes aangegaan word om 'n begroting op te stel wat besteding inkort en inkomste verhoog, asook die potensiële negatiewe impak daarvan op groei te versag.

Vanuit 'n landbouperspektief was Agri SA veral dankbaar dat die minister erkenning gegee het vir die landbou se bydrae tot die land se ekonomiese groei. Soos in die geval van die mediumtermynbegrotingsbeleidstelling (MTBPS) van Oktober 2017, het die landbousektor egter weer eens relatief min verdere aandag in hierdie begroting geniet. Agri SA verwelkom nietemin die versterking van globale marktoegang vir Suid-Afrikaanse landbouprodukte met 'n verdere toewysing van R40 miljoen oor die mediumtermyn- uitgaweraamwerk (MTEF)-tydperk vir die opgradering van infrastruktuur en toerusting vir analitiese dienslaboratoriums.

> "Vanuit 'n landbouperspektief was Agri SA veral dankbaar dat die minister erkenning gegee het vir die landbou se bydrae tot die land se ekonomiese groei."

Agri SA verwelkom die voorstel in die begroting dat befondsing voorwaardelik toegestaan word om die negatiewe impak van droogtetoestande te versag. Die opsie van 'n tydelike verhoging in inname vir die werk-vir-water-program word oorweeg as 'n manier om droogteverwante werkverliese in die landbou te verminder. Daar was egter geen breër oorweging vir befondsing gemik op die landbousektor nie. Agri SA het gehoop dat die positiewe oorweging in die begroting doeltreffend geïmplementeer sou word met die oog op beperking van die begrotingstekort en ondersteuning van ekonomiese groei.

**Besigheideenheid Suid-Afrika**

Besigheidseenheid Suid-Afrika (Busa) is 'n konfederasie van besigheidsorganisasies, met inbegrip van sake- en bedryfskamers, professionele, korporatiewe verenigings en unisektorale organisasies. Busa verteenwoordig Suid-Afrikaanse besighede op makro-ekonomiese vlak en in hoëvlak-aangeleenthede wat 'n impak op nasionale en internasionale vlak kan hê.

Busa se funksie is om te verseker dat besigheid 'n konstruktiewe rol in die land se ekonomiese groei, ontwikkeling en transformasie speel en 'n omgewing skep waar besighede van alle groottes en in alle sektore floreer en mededingend uitgebrei en bedryf kan word.

As lid van Busa word daar van Agri SA verwag om deel te neem aan Busa se subkomitee-aktiwiteite wat relevant vir sy affiliasies is, soos die ekonomiese beleidskomitee (Econpol), wat met 'n hele reeks ekonomiese beleide handel, en die energie-subkomitee, wat kyk na Eskom se verwante aangeleenthede en die algehele ontleding van Suid-Afrika se elektrisiteitsvoorsieningsbeleid. Daar is ook ander tersaaklike kwessies wat binne die Busa-struktuur bespreek word en wat vir Agri SA relevant is, byvoorbeeld die voorstelle ten opsigte van die Wysigingswetsontwerp op

Mededinging, die Nasionale Kredietwet en aangeleenthede wat verband hou met grondhervorming en/of onteiening sonder vergoeding.

**Benoemings Land Bank**
'n Uitnodiging om kandidate te benoem om in die Land Bank-direksie te dien is in die staatskoerant gepubliseer. Agri SA het hierdie kennisgewing vir insette aan sy affiliasies gesirkuleer.

**Statistiese oorsig**
Die statistiese oorsig, met sleutelinligting wat deur Agri SA saamgestel word en waarin landbou-gebaseerde inligting saamgevat word, is gedurende die jaar voltooi en aan alle boereleiers en uitvoerende personeellede voorsien. Die doel van hierdie aanwysers is om 'n breë oorsig van die finansiële posisie van die landbousektor, hoofsaaklik vir 2017 in vergelyking met die vorige jaar, te bepaal. Basiese statistieke is deur die direktoraat vir statistieke en ekonomiese ontleding van die departement van landbou, bosbou en visserye verskaf.

## INTERAKSIE

**Nasionale Tesourie**
Agri SA en die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) het samesprekings met die Nasionale Tesourie gehad om meer uit te vind oor die sloering van die vereniging se aansoek om die verlenging van die ramprojek en dus die finansiering wat daarmee gepaard gaan. Die NWKV het 'n baie suksesvolle projek wat die jaarlikse verspreiding van ongeveer 3 000 goeie wolramme as teelmateriaal in die kommunale gebied in die Oos-Kaap insluit. Die ramprojek is een van Suid-Afrika se suksesvolste transformasieprojekte.

**Ekonomiese intelligensie-eenheid: Suid-Afrikaanse Reserwebank**
Netwerkverhoudings bly steeds belangrik en word op verskeie wyses bevorder ten voordeel van Suid-Afrikaanse landbou. Dié Sentrum van Uitnemendheid het 'n geleentheid gehad om met verteenwoordigers van die ekonomiese intelligensie-eenheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) te vergader. Hierdie eenheid is verantwoordelik vir die moniteringsbeleid van die bank en kyk na aangeleenthede wat verband hou met die landbou. Agri SA het die eenheid vertroud gemaak met uitdagings binne die landbou-omgewing en sal hulle ingelig hou namate nuwe kwessies na vore kom.

**Vergadering van belanghebbendes: Suid-Afrikaanse Reserwebank/Agri SA**
Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) skakel met sy belanghebbendes op 'n gereelde basis. As deel van hierdie proses het SARB Agri SA genooi om met sleutelbelanghebbendes te skakel ten einde die dinamika in dié sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie beter te kan verstaan. Hierdie sentrum was verantwoordelik vir 'n aanbieding oor die volgende:

- Die evolusie van die landbouwaardeketting oor die afgelope dekade;
- Hoe die bedryf die gehalte en prys van uitvoer versus plaaslike landbou beskou;
- Die bedryf se standpunte oor droogte en verwante aanduiders;
- Die gronddebat; en
- Die kort- en mediumtermynvooruitsigte vir belegging in die landbousektor en voedselprysverwikkelinge.

**Statistieke Suid-Afrika**
In die verlede het Agri SA sy affiliasies asook hulle lede aangemoedig om te voldoen en deel te neem aan opnames wat deur Statistieke Suid-Afrika uitgevoer word. Betroubare statistieke is waardevol om sinvolle kommentaar op wetgewing en beleidsveranderings te maak. Statistieke Suid-Afrika se jaarlikse landbou-opname versamel en verskaf statistieke oor die stand van die landbousektor. Dié statistieke help private en openbare instellings om te beplan en ingeligte besluite oor landbouverwante sake te neem. Agri SA sal weer eens as belangrike kommunikasiekanaal tussen Statistieke Suid-Afrika en die produsent dien.

**Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging**
Gedurende die verslagjaar het Agri SA ook 'n geleentheid gehad om met die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (Salga) te skakel oor handel- en beleggingsaktiwiteite by munisipaliteite. Die doel van die vergadering was om aangeleenthede van belang vir Agri SA en die landbousektor te bespreek en ook om ons verhouding met Salga as verteenwoordigende liggaam vir munisipaliteite uit te bou.

**Versekeringsinstituut van Suid-Afrika**
Agri SA en die Versekeringsinstituut van Suid-Afrika (Saia) het 'n geleentheid gehad om die proses vir en vordering met die ontwikkeling van multi-risiko-versekeringskema's vir opkomende boere te bespreek.

**Bank of America/Merrill Lynch's Country Risk Team**
Hierdie sentrum het 'n groep verteenwoordigers van die Bank van Amerika in Maart 2018 ontvang. Agri SA het die geleentheid gehad om die plaaslike landbou-ekonomie en die uitdagings wat die landbousektor ervaar aan die groep te verduidelik.

**Amerikaanse Ambassade**
Agri SA is genooi om 'n kort oorsig te gee van sy besigheidsfokus en om sommige van die uitdagings wat die landbousektor tans ervaar uit te lig en strategieë voor te stel om meer waarde tot landbouproduksie te voeg. Agri SA het ook sy insigte oor die onlangse droogte in die land, asook sy reaksie daarop, gedeel.

Die doel van hierdie vergadering was om aangeleenthede van belang vir Agri SA en die landbousektor te bespreek en verhoudinge met Amerika te bou.

**Diensleweringsforum-program**
Gedurende die verslagjaar het Agri SA 'n aanbieding gelewer oor die landbousektor se bydrae en verbintenis tot implementering van die minister se diensleweringsooreenkoms – vanuit 'n boerevereniging se perspektief.

**Portefeuljekomitees**
As deel van sy voortgesette oorsigmandaat om dienslewering aan landburgers te verseker, het die portefeuljekomitee vir water en sanitasie met 'n wye spektrum belanghebbendes geskakel oor die voortslepende droogte in die Wes-Kaap. Agri SA is genooi om toeligting te verskaf oor die uitwerking van die droogte op die kommersiële landbousektor in die Wes-Kaap asook oplossings en aanbevelings oor die ontwikkeling van kort-, medium- en langtermynstrategieë om die toekoms van die kommersiële sektor in Suid-Afrika aan te spreek.

**Produksie/Insetwerkgroep**
Agri SA is lid van die Graan SA-produksie/insetwerkgroep, wat op 'n gereelde basis vergader. 'n Uitgebreide agenda is deurgewerk gedurende die verslagjaar, insluitend probleme wat met die logistiek van landboumasjinerie wat nie gelisensieer kan word nie, elektrisiteit, water, koperdiefstal en die diefstal van insetkoste en produkte, sektorale vasstelling en die instelling van die nasionale minimumlone. Hierdie aangeleenthede vorm deel van die Sentrum van Uitnemendheid se werkterrein.

## PANEELBESPREKINGS

**Nasie in gesprek: Wat is die jeug se mening oor landbou in Suid-Afrika?**
Die paneel het verteenwoordigers saamgebring, met inbegrip van twee landbou-ekonome, twee jong boere, 'n politieke en ekonomiese ontleder en 'n akademikus in die landbou.

Gedurende die samesprekings is verskeie probleemgebiede uitgelig:

- Daar is nie genoeg opleidingsinstellings wat doeltreffend die vaardigheidsopleiding wat die landbou vandag benodig kan voorsien nie – die rede hiervoor is gedeeltelik die gebrek aan samewerking tussen die sektor en opleidingsinstellings;
- Daar is 'n groot behoefte aan platforms waar jong mense wat tot die bedryf wil toetree inligting en riglyne in hierdie verband kan bekom;
- Georganiseerde landbou moet betrokke raak by die bedryf van hierdie

opleidingsinstellings, sodat studente toepaslike kwalifikasies en direkte toegang tot die bedryf kan bekom. Dit word beskou as iets wat potensieel die pynlike verskynsel van afgestudeerdes wat nie in diens geneem kan word nie, aan kan spreek; en

- Jong mense met drome om toe te tree tot boerdery moet nie wag vir grond nie – hulle moet intussen probeer om toegang te verkry tot opleiding, sodat hulle beter toegerus is wanneer grond wel beskikbaar raak. In hierdie verband is dit die verantwoordelikheid van diegene met 'n passie vir die landbou om boere in die verskillende bedrywe direk te nader vir in-diens-geleenthede wat hulle die nodige boerdery-ervaring kan bied.

**Nasie in Gesprek: Frankryk en Suid-Afrika se standpunte oor besproeiingstegnologie en droogtebestuur**

Nasie in Gesprek dien as 'n platform waar landbou-aangeleenthede deur leiers in die onderskeie bedrywe bespreek kan word. Die Ekonomie en Handel Sentrum van Uitnemendheid is deel van die gesprekspaneel oor Frankryk en Suid-Afrika se standpunte rondom besproeiingstegnologie en droogtebestuur.

Die paneel het gefokus op die meer doeltreffende aanwending van Suid-Afrika se kosbare waterbronne deur gebruik te maak van nuwe tegnologieë, insluitend die prestasie van bespoeiingstelsels, die hergebruik van afvalwater in besproeiing, optimalisering van besproeiingstrategieë, die gebruik van onbemande toerusting (hommeltuie) vir 'n verbeterde waterbestuurstelsel en droogtebestande kultivars.

**Suid-Afrikaanse Reserwebank: Ekonomiese tafelronde-gesprek vir 2018**

Die tweede ekonomiese tafelronde van Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) vir 2018 was die eerste sodanige gesprek waarin 'n verteenwoordiger van Agri SA betrokke was. Deelname op hierdie platform as deel van die span ekonomiese kundiges is nie vrywillig nie – dit gebeur slegs op uitnodiging van die SARB. Die SARB-goewerneur tree gewoonlik op as voorsitter van hierdie tafelronde-gesprekke. Die tema vir die tweede tafelronde vir 2018 was "Die gronddebat in Suid-Afrika".

Agri SA se standpunt oor die debatsonderwerp is deur sy verteenwoordiger op hierdie platform bevestig, naamlik dat die eiendomsklousule nie 'n struikelblok vir grondhervorming is nie en dat veranderings aan artikel 25 van die Grondwet om billike en regverdige grondverdeling te bewerkstellig, onnodig is.

**Sentrum vir Ontwikkeling en Onderneming: Versnelde grondhervorming**

Die idee van bespoedigde grondhervorming is onderliggend aan die onlangse vertoë om die Grondwet te wysig. Die Sentrum vir Ontwikkeling en Onderneming (CDE) se tafelronde-gesprek fokus op die potensiaal van die landbousektor om ekonomiese groei en werkgeleenthede te skep en debatteer die mate waartoe kleinskaalse boere realisties kan bydra tot werkskepping en verhoogde voedselsekerheid. Hierdie aangeleenthede is nou belangriker as ooit tevore.

Die CDE, in die soeke na lewensvatbare oplossings, het 'n tafelronde-gesprek geloods oor landbougroei en werkskepping in die konteks van grondhervorming. Agri SA is ook genooi om in Junie 2018 daaraan deel te neem.

## BEDRYFS- EN KORPORATIEWE KONFERENSIE, 2018

Gedurende April 2018 het Agri SA se Bedryfs- en Koporatiewekamer 'n konferensie met die tema "Tansformation and Trade" in Pretoria aangebied.

> "Gedurende April 2018 het Agri SA se Bedryfs- en Koporatiewekamer 'n konferensie met die tema "Tansformation and Trade" in Pretoria aangebied."

Verskeie geleenthede bestaan vir Suid-Afrika vanweë 'n nuwe geslag verbruikers – met baie spesifieke behoeftes – wat die wêreldwye

voedselvraag dikteer, het een van die sprekers oor landbouhandel gesê.

Die konferensie het omvattende aandag gegee aan die smake van die verskillende generasies en daarmee saam die rigting waarin verbruikersvoorkeure beweeg. Dit is duidelik dat verbruikers belangstelling verloor in verwerkte kos en eerder voorbereide kos verkies, gesonde versnaperinge en voedsel wat vry is van allerhande "ongesonde" bestandele.

Daarbenewens neem aanlynkoop en geriefswinkels in gewildheid toe. Suid-Afrikaanse boere moet bewus wees van die integrering van gesondheid en voedsel en dat daar ook hernude belangstelling in funksionele voedsel is. Boere moet dus betrokke wees by die innovasie om voedsel "van die plaas tot by die vurk" te lewer.

Gedurende 'n paneelbespreking kon die belangrikheid van 'n mededingende voordeel in landbouhandel nie genoeg beklemtoon word nie. Boere moet 'n superieure produk teen 'n aantreklike prys lewer wat maklik beskikbaar en van hoë gehalte is. Mark-intelligensie moet deurlopend verhoog word en boere moet bedag wees daarop dat nismarkte 'n groot geleentheid aan Suid-Afrikaanse uitvoerders kan bied. Die konferensie is afgesluit met 'n sessie rakende tegnologie en hoe boere dit tot hul voordeel kan benut.



Dan Kriek, Agri SA: President, S Solly Msimanga, Tshwane Uitvoerende Burgermeester, Omri van Zyl, Agri SA: Uitvoerende Direkteur



# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

## Grond



*Ernest Pringle*

**Ernest Pringle dien as voorsitter en Sandy La Marque as onder-voorsitter van die sentrum van uitnemendheid en word bygestaan deur Annelize Crosby en Yolisa Mfaise.**

Gedurende die verslagperiode, naamlik Mei 2017 tot Junie 2018, was hierdie Sentrum van Uitnemendheid betrokke by die volgende aktiwiteite:

**Grondonteiening sonder vergoeding**

In Desember 2017 tydens sy jaarlikse beleidskonferensie, het die African National Congress (ANC) besluit om 'n beleid van onteiening sonder vergoeding te volg. Dit moet geskied sonder enige ontwrigting in die landbou-sektor of 'n nadelige invloed op voedselsekerheid in die land en mag ook nie ekonomiese groei en werkskepping ondermyn nie.

In Maart 2018 het die EFF die parlement versoek om 'n mosie te aanvaar vir die aanstelling van 'n ad hoc-komitee om die Grondwet te wysig. Die ANC het ten gunste van hierdie mosie gestem, onderhewig aan sekere wysigings aan die oorspronklike mosie. Dié wysigings sluit in dat die aangeleentheid na die Grondwetlike Hersieningskomitee eerder as 'n ad hoc-komitee verwys moet word; dat die impak daarvan op voedselsekerheid en die ekonomie in ag geneem moet word; en dat enige verwysing na staatsvoogdyskap van grond geskrap moet word.

Daarna het die parlement beveel dat die Grondwetlike Hersieningskomitee openbare konsultasies hou en voorleggings oorweeg oor die wenslikheid daarvan om artikel 25 van die Grondwet te wysig. Die komitee moes sy bevindinge aan die parlement voorsien teen die einde van Augustus 2018. Hierdie datum is later verander na 15 September 2018.

Agri SA het 'n aantal mediaverklarings uitgereik en deelgeneem aan verskeie televisie- en radio-onderhoude oor die aangeleentheid. Personeellede van Agri SA het ook artikels gepubliseer met die fokus op die impak wat onteiening sonder vergoeding op die ekonomie en die landbousektor sal hê en die wetlike implikasies van 'n wysiging van artikel 25 van die Grondwet.

Die organisasie het ook bygedra tot forums and samesprekings in hierdie verband.

> "Agri SA het 'n omvattende skriftelike voorlegging aan die Grondwetlike Hersieningskomitee gedoen, waarin hy die wysiging van artikel 25 teenstaan."

Tydens die sentrumvergadering in Maart het Agri SA sy strategie oor onteiening sonder vergoeding aangebied en het ook professor Elmien du Plessis genooi om 'n in-diepte-aanbieding hieroor te maak.

Agri SA het 'n omvattende skriftelike voorlegging aan die Grondwetlike Hersieningskomitee gedoen, waarin hy die wysiging van artikel 25 teenstaan.
Agri SA het met senior regslui beraadslaag en geskakel met verskeie belanghebbendes en ook gevra vir 'n geleentheid om die Hersieningskomitee toe te spreek.

Die Sentrum van Uitnemendheid vir Grond se werk in 2018 sal ongetwyfeld in 'n groot mate fokus op die kwessie van onteiening sonder vergoeding in die grond-hervormingsdebat.

**Grondoudit**
Die resultate van die grondoudit is op 1 November 2017 bekend gemaak. Die grondoudit wat gesamentlik deur Agri SA/ADS/ Landbouweekblad onderneem is, het wye mediadekking in Suid-Afrika sowel as internasionaal geniet. In Maart 2018 het die regering uiteindelik sy eie lank verwagte grondoudit bekend gemaak.

> "Die staat se oudit is uit verskeie oorde gekritiseer. Die staat se verslag bevat etlike foute in die teks en tabelle en slaag nie daarin om al die bewerings wat gemaak is te staaf nie."

Die staat se oudit is uit verskeie oorde gekritiseer. Die staat se verslag bevat etlike foute in die teks en tabelle en slaag nie daarin om al die bewerings wat gemaak is te staaf nie. Die Agri SA-oudit is gekritiseer deur professors Ben Cousins en Ruth Hall van die Universiteit van die Wes-Kaap omdat staatsgrond saam gegroepeer word met grond wat aangekoop is deur voorheen benadeelde individue. Agri SA het 'n gesprek gevoer met die twee professore en daarna die twee tipes eienaarskap van mekaar onderskei. Verdere werk word gedoen om die Agri SA-grondoudit te verfyn.

## WETGEWING

**Wetsontwerp op Landbougrondbesit**
In Maart 2017 het die minister van landelike ontwikkeling en grondhervorming 'n wetsontwerp gepubliseer wat poog om buitelandse besit van landbougrond te verbied en om die hoeveelheid landbougrond wat enige individu of regspersoon mag besit te beperk. Agri SA het in 'n skriftelike voorlegging sy kommer oor die implikasies van hierdie wetsontwerp uitgespreek.

Die organisasie het ook 'n voorlegging gedoen oor die sosio-ekonomiese impak-evaluasieverslag en deelgeneem aan die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidraad (Nedlac)-proses in verband met hierdie wetsontwerp. In Januarie 2018, halfpad deur die Nedlac-proses, het die regering besluit om die wetsontwerp te onttrek met die doel om dit volledig te herskryf.

**Wetsontwerp op Kommunale Grondbesit**
In Julie 2017 het die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming 'n wetsontwerp gepubliseer wat voorsiening maak vir die oordrag van kommunale grond en omskakeling daarvan na eienaarskap van grondregte, die oordrag van eienaarskap, asook titel tot en registrasie van kommunale grond. Agri SA het in 'n voorlegging oor die wetsontwerp sekere kommer uitgespreek en die ontsluiting van die potensiaal van landboubedrywighede in kommunale gebiede beklemtoon.

**Grondwaardasieregulasies**
Die kantoor van die waardeerder-generaal het regulasies uitgevaardig wat poog om duidelikheid te verskaf oor die vertolking van artikel 25(3) van die Grondwet. Artikel 25(3) vereis dat billike en regverdige vergoeding betaal word vir grond wat onteien word. Hierdie konsep van billikheid en regverdigheid was ingevoeg by die Wet op Eiendomwaardasie, wat vereis dat die staat die billike en regverdige waarde van eiendom moet uitbetaal wanneer sodanige eiendom deur die staat verkry word vir grondhervormingsdoeleindes. Die konsepregulasies stel voor dat die huidige gebruikswaarde van grond, tesame met die markwaarde, aangewend word om by 'n billike en regverdige waarde uit te kom.

Die kantoor van die waardeerder-generaal het op Agri SA se versoek werkwinkels in die provinsies gehou om die inhoud van die regulasies aan Agri SA-lede te verduidelik. Agri SA het in sy skriftelike kommentaar op die regulasies gemaan dat, terwyl dit noodsaaklik is om korrupsie en oordrewe grondwaardes te verhoed, dit ook belangrik is om te verseker dat grondeienaars nie benadeel word deur te vereis dat hulle grondhervorming moet befonds wat in die openbare belang is nie. Die koste van grondhervorming moet dus nie van grondeienaars wie se grond

vir grondhervormingsdoeleindes benodig word, verhaal word nie.

**Restitusie-wysigingswetsontwerp**

Nadat die vorige Restitusie-wysigingswet wat die eiseproses in 2014 heropen het, as ongrondwetlik verklaar is in 2016 en alle verdere eise opgeskort is, het 'n ANC-parlementslid 'n private wetsontwerp geformuleer en in 2017 ter tafel gelê. Hierdie wetsontwerp stel weer voor dat die grondeiseproses heropen word. Die portefeuljekomitee vir landelike ontwikkeling en grondhervorming het gevra vir voorleggings oor die wetsontwerp. Agri SA het in sy voorlegging gemaan teen die onbedoelde gevolge van die heropening van die eiseproses. Agri SA het ook gevra vir 'n geleentheid om die komitee toe te spreek tydens die openbare verhore wat sou volg.

**Wysigingswetsontwerp op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid**

'n Wysigingswetsontwerp is in 2017 in die parlement ter tafel gelê. Die wetsontwerp maak voorsiening vir grondregte-bestuurskomitees en 'n grondregte-bestuursraad, dit maak bemiddelling in uitsettingsake verpligtend en wysig sekere definisies in die wet. Dit bevat ook 'n klousule waarteen Agri SA gekant was, naamlik dat die hof nie 'n uitsettingsbevel mag uitreik in gevalle waar bewoners geen regsverteenwoordiging het nie. Agri SA het voorleggings gedoen aan die portefeuljekomitee vir landelike ontwikkeling en grondhervorming sowel as die gekose komitee vir grond en mineraalhulpbronne.

## LITIGASIE

**Msiza-saak**

Dié saak gaan oor die berekening van regverdige en billike vergoeding aan eienaars vir grond wat aan huurarbeiders toegestaan is. Agri SA het as *amicus curiae* voorleggings aan die Appèlhof gemaak oor die oorweging van markwaarde in die bepaling van billike en regverdige vergoeding ingevolge artikel 25 van die Grondwet.

In September 2017 het die Appèlhof 'n bevel uitgereik ten gunste van die appèllante, naamlik 'n verhoging van die vergoedingbedrag betaalbaar aan grondeienaars, soos bepaal deur die Grondeisehof. Die hof het bepaal dat geen arbitrêre aftrekkings van markwaarde toegelaat mag word nie. Die hof het ook bevind dat daar geen feite bestaan wat die aftrekking van die bedrag van R300 000 (die arbitrêre bedrag wat die Grondeisehof van die markwaarde afgetrek het vir grondhervormingsdoeleindes) te regverdig nie. Die Grondeisehof het arbitrêr besluit op hierdie bedrag sonder enige rasionele grondslag. Die berekening was dus ongegrond en nie houdbaar nie.

## INTERAKSIE MET EKSTERNE BELANGHEBBENDES

**Grondrestitusie**

Die restitusiekommissie het Agri SA gevra om in Augustus 2017 deel te neem aan 'n werkwinkel oor volhoubare restitusievestigingsmodelle in Oos-Londen. Agri SA het 'n skriftelike inset gelewer. Die kantoor van die hoofgrondeisekommissaris is in November 2017 gevra om verdere toeligting hieroor aan sy affiliasies tydens 'n sentrumvergadering te verskaf. Sodanige toeligting was waardevol vir affiliasies omdat hulle 'n geleentheid gehad het om spesifieke uitdagings wat hulle ervaar ten opsigte van restitusie-aangeleenthede in hul provinsies, uit te lig.

**Toegang tot grafte op plase**

In April 2018 is Agri SA genooi om 'n voorlegging te doen tydens die openbare verhore van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van Kulturele en Linguistiese Regte (CRL-kommissie) oor toegang tot grafte op plase. Die verhore was die gevolg van klagtes wat die kommissie ontvang het van gemeenskappe wat na bewering dikwels toegang geweier word tot grafte op plase waar hul familielede begrawe is. Die Agri SA-voorlegging het aanbevelings ingesluit wat gunstig deur die kommissie ontvang is.


**Nelson Mandela-stigtingsprojek**

Met die besef dat inisiatiewe addisioneel tot dié van die regering noodsaaklik is om

hongersnood in Suid-Afrika uit te wis, huldig Agri SA asook die ander stigtingsvennote[2] 'n visie van stabiele, dinamiese en inklusiewe landelike gemeenskappe wat in harmonie leef en waar armoede en hongersnood iets van die verlede is. Die vennote erken verder dat kleinskaalse gemeenskapsboerdery 'n noodsaaklike rol speel in die bevordering van volhoubare grondhervorming en 'n volhoubare landelike bestaan.

In reaksie op Agri SA se versoek aan belangegroepe is nege voorstelle ingedien waaruit vier projekte gekies is. Ná afloop van die kortlysingsproses het die stigtingsvennote besluit om perseelbesoeke af te lê by die KwaZulu-Natal-projekte onder leiding van Kwanalu. Die doel van die besoeke was om 'n beter begrip te verkry van die drie projekte in die Kwanalu-voorstel en om te bepaal watter ingrypings nodig is.

Die besoeke is in Julie 2018 onderneem. Die algehele gebrek aan begroting vir die bedrywighede van die taakspan sowel as die implementering van ingrypings bly steeds 'n groot probleem.



[2] Stigtingsvennote sluit in Earthrise Trust, Agri SA, Afrigrow NPC en die Seriti-instituut. Die Nelson Mandela-stigting het die inisiatief aangebied onder leding van voormalige president Kgalema Motlanthe. Saam vorm die vennote die JOTT.



# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

## Landelike Veiligheid



*Kobus Breytenbach*

**Kobus Breytenbach is die voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid, ondersteun deur Boeta du Toit as ondervoorsitter en Uys van der Westhuijzen as dagbestuurslid. Kobus Visser is die hoof van dié Sentrum van Uitnemendheid.**

Die Sentrum van Uitnemendheid se werksaamhede is toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op boerdery-gemeenskappe se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid.

Die Sentrum van Uitnemendheid fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die Sentrum van Uitnemendheid word ondersteun deur die polisie, weermag, korrektiewe dienste, Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat gereeld vergaderings van die Sentrum van Uitnemendheid bywoon en insette maak tot die besprekings.

### POLISIE-AANGELEENTHEDE

Die Sentrum van Uitnemendheid het verskeie aspekte rakende polisiëring gedurende die verslagtydperk gehanteer, wat die volgende insluit:

- **Gesprek met minister van polisie**

Op 20 September 2017 het 'n afvaardiging van Agri SA die minister van polisie ontmoet en tekortkominge met die effektiewe implementering van die landelikebeveiligingstrategie, beskikbaarheid en diensbaarheid van voertuie, reserviste en hulpbronbehoeftes van landelike polisiestasies, bespreek. 'n Taakspan is daarna saamgestel om die uitkoms van die gesprek in 'n aksieplan saam te stel.

Met die aanstelling van die nuwe nasionale kommissaris van polisie het hy besluit dat die landelikebeveiligingstrategie hersien moet word en dat die bevindinge van die taakspan ingesluit moet word by die hersiene strategie.

- **Vuurwapenwetgewing**

Om te verseker dat die hernuwingsproses vir vuurwapenlisensies so glad moontlik verloop, moet almal wie se lisensies verval ten minste 90 dae voor die vervaldatum met die hernuwingsproses begin. Die geldigheidsduur van 'n bevoegdheidsertifikaat is gekoppel aan die langs geldende vuurwapenlisensie. In die gesprek met die minister van polisie is 'n versoek gerig dat 'n amnestieperiode oorweeg word vir diegene wat nie voldoen het aan die 90 dae-periode waarbinne lisensies hernu moes word nie.

Die versoek is nie ondersteun nie, weens die appélsaak waarin die polisie betrokke was. Die minister het egter tydens sy begrotingsdebat 'n amnestieperiode bevestig wat ten doel het om onwettige vuurwapens uit die samelewing te verwyder.

- **Witskrifte oor onderskeidelik Polisiëring en Veiligheid en Sekuriteit**

Beide die witskrifte is gedurende April 2016 deur die kabinet aanvaar. Die siviele sekretariaat van polisie is besig met die ontwikkeling van implementeringsplanne vir beide witskrifte. Die sekretariaat ontwikkel 'n "Crime and Violence Prevention Strategy" in ooreenstemming met die Witskrif oor Veiligheid en Sekuriteit. In terme van die Witskrif oor Polisiëring

word beleid ontwikkel oor gemeenskapspolisiëringsforums, die "National Policing Board Framework", 'n besprekingsdokument oor die vestiging van 'n enkele polisiediens en navorsing oor demilitarisering en professionalisering van polisiëring. Agri SA sal daarop reageer wanneer die beleide ontwikkel is en vrygestel word vir kommentaar.

- **Reservistebeleidsraamwerk**

'n Goed funksionerende reservistestelsel, ondersteun deur toepaslike opleiding, is 'n voorvereiste vir die landbougemeenskap om daarby betrokke te raak. Klem word in die hersiene landelikebeveiligingstrategie geplaas op die belangrike rol wat reserviste sal speel om momentum te gee aan die implementering van die strategie. Daar is belangstelling by boerelede om daaraan deel te neem, maar implementeringsprobleme moet so spoedig moontlik uitgeklaar word.

Persone wat as reserviste oorweeg wil word, sal aan streng kriteria onderwerp word en sal uit die gemeenskap waar hy/sy woon gewerf en aangewend word, hetsy vir funksionele polisiëring of gespesialiseerde operasionele ondersteuning. Reserviste vorm 'n belangrike element van landelike beveiliging en daarom sal Agri SA voortgaan om op die hoogste vlak met die polisie te skakel oor die effektiewe ontwikkeling en implementering van die stelsel, om dit toeganklik te maak vir boerelede.

- **Sektorpolisiëring**

Sektorpolisiëring dien as voertuig vir die polisie om gemeenskapsbetrokkenheid by misdaadbekamping en -voorkoming te bevorder. Die navorsing oor die moontlike impak wat sektorpolisiëring op misdaadbekamping het, is afgehandel, maar nog nie deur die nasionale kommissaris van polisie vrygestel nie. 'n Versoek is aan die kommissaris gerig om die navorsing te openbaar en 'n kopie daarvan aan Agri SA beskikbaar te maak.

- **Herindeling van polisieklusters**

Die doel met die herindeling van polisieklusters was vir die polisie om te bepaal of hulle hul doelwitte met polisiëring bereik het en, indien daar spesifieke implementeringsprobleme by 'n stasie of kluster voorgekom het, dit as deel van die proses gehanteer sou word. Die polisie is tans besig met die monitering en evaluering van die geïmplementeerde kluster-strategie. 'n Versoek is tot die polisie gerig om by die volgende vergadering terugvoering te verskaf oor die vordering wat gemaak word met die implementering van die nuwe strategie.

- **Grondbesettings**

Dit is hoofsaaklik die "Black First, Land First" (BFLF) en "Economic Freedom Fighters (EFF)" wat betrokke is by die organisering van aksies wat lei tot grondbesettings. In baie gevalle word mense aangery om aan onwettige bedrywighede deel te neem en die plaaslike gemeenskap is nie ten gunste van grondbesetting-aksies nie. Beide die organisasies manipuleer die besluit van die parlement oor onteiening sonder vergoeding op plaaslike vlak om besetting-aksies te inisieer.

Private persone rapporteer toenemend gevalle van besettings en in die meeste gevalle is dit grond wat aan mynmaatskappye of die staat behoort. Dit is die Sentrum van Uitnemendheid se mening dat grondbesettings die gevolg van onverantwoordelike politieke en populistiese uitsprake is en dat dit 'n negatiewe effek op die landbou het. Betreding op onbewoonde en ongebruikte grond lei gewoonlik tot grondbesettings, met 'n uitkringende negatiewe veiligheidsimpak op die omliggende landbougebied.

> "Private persone rapporteer toenemend gevalle van besettings en in die meeste gevalle is dit grond wat aan mynmaatskappye of die staat behoort."

Op versoek van Agri SA het die polisie in Maart 2017 omvattende riglyne en in Julie van dieselfde jaar 'n Nasionale Instruksie, 7 van 2017, uitgereik wat riglyne aan polisielede gee oor hoe om betreding en grondbesettings effektief te hanteer. Dit verskaf ook riglyne aan boerelede oor hoe om sulke sake met die polisie te hanteer.

- **Voertuigtekorte**

Die beskikbaarheid van voertuie op stasievlak bly 'n deurlopende debatspunt, aangesien die ervaring op plaaslike vlak verskil van dit wat op nasionale vlak ervaar word. Klagtes word deurlopend ontvang dat voertuie nie beskikbaar is op stasievlak nie, weens herstelwerk en dienste wat 'n lang tydperk neem.

Wanneer gesprekke op nasionale vlak gevoer word, bevestig die polisie dat voldoende diensbare voertuie beskikbaar is. Dit wil egter voorkom asof daar 'n kommunikasiegaping tussen stasievlak en die hoofkantoor in dié verband bestaan. Die Sentrum van Uitnemendheid verwelkom die oudit rakende hulpbronbehoeftes wat die polisie van voorneme is om op stasievlak te onderneem, wat 'n beter aanduiding van die beskikbaarheid van voertuie kan gee.

## LANDELIKEBEVEILIGING

### Landelikebeveiligingstrategie

Die landelikebeveiligingstrategie is sedert Julie 2011 in werking. Die tyd het aangebreek dat die strategie hersien moes word en in die proses is Agri SA en ook die Sentrum van Uitnemendheid geraadpleeg om insette tot die hersiene strategie te maak. Die strategie gee erkenning dat die regering die veiligheid en sekuriteit van landelike gemeenskappe as 'n prioriteit ag. Die erns van die voortdurende dade van geweld teen die landelike gemeenskap, hoë vlakke van veediefstal en die vernietiging van infrastruktuur word in die strategie erken en daarvoor is 'n strategie nodig om 'n veilige landelike omgewing te vestig en voedselsekerheid te handhaaf.

Die Sentrum van Uitnemendheid het skriftelike kommentaar aan die polisie voorsien rakende die strategie en ook die implementeringsplan wat die strategie moet ondersteun. Die nuwe benadering word geloof as 'n belangrike stap in die regte rigting om die strategie meer effektief te implementeer. Die polisie is versoek om in samewerking met Agri SA 'n sub-strategie te ontwikkel wat van toepassing sal wees op boerderygebiede, sodat hulle unieke veiligheidsituasie spesifiek gehanteer word.

### Ooreenkoms met AfriForum

'n Ooreenkoms is met AfriForum bereik. Dit maak voorsiening vir die vestiging van kommunikasiekanale, die uitskakeling van duplisering en 'n onderneming om nie mededingende strukture te vestig nie. Die Sentrum van Uitnemendheid monitor die implementering van die ooreenkoms en 'n beroep is op provinsiale affiliasies gedoen om dit te gebruik om verhoudinge met AfriForum op plaaslike vlak te bestuur.

Nieteenstaande die ooreenkoms, ervaar verskeie provinsiale affiliasies dat AfriForum voortgaan met die skep van mededingende strukture op plaaslike vlak, wat uitdruklik deur die strategie verbied word. Agri SA voer van tyd tot tyd gesprek met AfriForum om dié en ander kwessies te hanteer.

### Plaastoegangprotokol

Die landelikebeveiligingstrategie bepaal dat 'n protokol vir toegang tot plase toegepas kan word ter bevordering van landelike veiligheid. Agri SA se protokol in dié verband word wyd aanvaar as 'n geskikte protokol vir die doel. Gedurende die verslagjaar is wysigings aan die protokol gedoen, wat 'n gedeelte oor toegang tot grensplase deur die weermag insluit.

### Misdaadbeslagleggingsrekening

Die Sentrum van Uitnemendheid het die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad (Poc Act), bespreek en hoe dit voorsiening maak vir 'n misdaadbeslagleggingsrekening (Criminal Asset Recovery Account - Cara), wat bestuur word deur 'n komitee bestaande uit die departemente van justisie, polisie en finansies. Die fonds is tot die beskikking van wetstoepassingsdepartemente in

die staat, waar aansoek gedoen kan word vir befondsing van spesifieke items.

Om in aanmerking te kom vir toekennings uit die fonds moet 'n omvattende versoek gerig word met gedetailleerde besonderhede oor waarvoor die fondse aangewend sal word. Die versoek word dan aan die kabinet voorgelê vir oorweging en die goedgekeurde fondse moet gereserveer word vir die doel waarvoor dit aangevra is. Daar moet ook terugvoer aan die kabinet verskaf word oor die aanwending daarvan. Sedert die bestaan van die Cara-fonds is slegs drie toekennings uit die fonds goedgekeur. Dit blyk egter dat departemente huiwerig is om aansoek te doen, aangesien hulle probleme kan kry indien hul eie begrotings nie ten volle gebruik is nie en daar vir addisionele befondsing aansoek gedoen word.

**Tweedehandse Goedere- en Strafregwysigingswet, 2015**
'n Versoek is tot die polisie se regsafdeling gerig vir die insluiting van besproeiïngstoerusting asook omheiningsmateriaal soos ysterpale onder skedule 1 van die Tweedehandse Goederewet. Volgens die polisie is hulle en die siviele sekretariaat van polisie besig met die hersiening van verskeie aspekte van die wet, asook skedule 1 daarvan. In 'n gesamentlike gesprek met die polisie, departement van justisie en die nasionale vervolgingsgesag is Agri SA se versoek vir insluiting van bogenoemde items gunstig ontvang en sal die hersiene wetgewing, wanneer dit beskikbaar is, aan Agri SA voorsien word vir verdere insette.

'n Verdere versoek is tot die departement van justisie gerig vir die insluiting van voedselproduksie as 'n basiese diens aan die publiek en besproeiingstelsels as noodsaaklike infrastruktuur, in die onderskeie definisies van die wet. Volgens terugvoering van die departement van justisie is Agri SA se versoek verwys na die staatsregsadviseurs wat met die wet handel. Tydens bovermelde gesprek was daar begrip vir Agri SA se versoek, maar aanvullende inligting is nodig om die versoek gemotiveerd aan die minister van justisie vir oorweging voor te lê. In die proses is provinsiale affiliasies genader om behulpsaam te wees met die toepaslike inligting.

**Gemeenskapsveiligheidsforums**
Die gemeenskapsveiligheidsforums (CSF) is verantwoordelik vir die fasilitering van 'n multi-sektorale regeringsbenadering vir veiligheid in die gemeenskap. Die CSF se benadering is breër as die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) deurdat dit die departemente in die JCPS-cluster insluit. Die GPF is beperk tot die polisiestasiegebied en fokus op polisiëring en verwante sake, terwyl die CSF 'n meer inklusiewe benadering volg en 'n wyer aanwendingsrol het.

Die CSF se doel is om alle veiligheidsaangeleenthede wat die betrokke gemeenskap raak in te sluit, wat mense veiliger laat voel op straat, in hulle huise en werkplek. Die oorspronklike doel van die CSF was om aan alle sake wat tradisionele polisiëring nie kon hanteer nie, aandag te gee. Die polisie is versoek om georganiseerde landbou in die strategie in te sluit as deel van die burgerlike samelewing.

**Koste van misdaad**
Agri SA se direksie het fondse beskikbaar gemaak om navorsing te doen oor die koste wat misdaad vir die landbou inhou. Navorsing wat deur Statistieke SA in 2002 in dié verband gedoen is, kan as basis gebruik word om te bepaal hoe die prentjie verander het tot en met 2017. Unisa se Buro vir Marknavorsing is gekontrakteer om dié navorsing te doen. Die insameling van die inligting is by wyse van die elektroniese media gedoen en die vraelyste is met die ondersteuning van provinsiale affiliasies aan hulle lede versprei vir voltooiing. Ná afhandeling van die studie sal Unisa 'n verslag oor hulle bevindings van die navorsing aan Agri SA beskikbaar maak.

> "Agri SA se direksie het fondse beskikbaar gemaak om navorsing te doen oor die koste wat misdaad vir die landbou inhou."

### KORREKTIEWE DIENSTE

Die minister het aan die einde van 2015 'n taakspan aangestel om die paroolstelsel te ondersoek en aanbevelings te maak vir 'n nuwe hersiene paroolstelsel. Die taakspan het in Januarie 2017 aanbevelings aan die mnister voorgelê wat in April 2017 met die huidige paroolrade gekonsulteer is. Nadat enkele wysigings aan die voorstelle gemaak is, is die aanbevelings weer in Junie 2017 aan die minister voorgelê. Die minister het die aangeleentheid toe na die Nasionanele Raad vir Korrektiewe Dienste (NCCS) verwys vir advies.

Enige veranderinge aan die paroolstelsel sal waarskynlik wetswysigings vereis en sal volgens voorgeskrewe prosedures met alle belangegroepe gekonsulteer word. Hierbenewens moet voorgestelde wetgewing ook in die staatskoerant gepubliseer word vir publieke konsultasie.

Die Sentrum van Uitnemendheid is ook ingelig dat die huidige paroolrade se kontrakte aan die einde van Junie 2018 verval en dat die poste geadverteer sal word. Na alle verwagting sal nuwe paroolraadlede vanaf 1 Julie 2018 aangestel word.


### NASIONALE VERVOLGINGSGESAG

Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het die Sentrum van Uitnemendheid ingelig dat 87 staatsaanklaers die afgelope jaar opleiding by die kollege ondergaan het in die hantering van veediefstalsake. Dit het goeie resultate in die howe tot gevolg gehad. Daar is ook opleiding aan vyf staatsaanklaers uit Botswana verskaf.

Rakende indiensopleiding meld die NVG dat daar nie 'n nasionale instruksie bestaan wat bepaal dat die NVG opleiding moet verskaf nie. Dit hang egter af van die samewerking wat binne elke provinsie bestaan. Erkenning word aan die NVG gegee rakende die opleiding wat vir staatsaanklaers aangebied word en dat die sukses daarvan reeds in verskeie provinsies waarneembaar is.

### Plaasaanvalle en -moorde

*Nasionale vergelyking: 1996/1997 – 2017/2018*




Source: SAPS

## PLAASAANVALLE

Die basis vir die versameling van plaasaanvalstatistieke is die definisie in die landelikebeveiligingstrategie wat alle geweld insluit teen persone wat op plase en kleinhoewes woon, asook persone wat daar werk of persone wat die persele besoek. Dit sluit misdade in soos moord, verkragting en roof, wat liggaamlike skade veroorsaak. Addisioneel hiertoe sluit dit ook alle geweld teen die plaas-infrastruktuur en eiendom in met die oog daarop om wettige landbou-aktiwiteite te ontwrig. Teen dié agtergrond sluit plaasaanvalstatistieke nie net misdade teen kommersiële boere in nie, maar ook kleinhoewe-eienaars wat 'n landbou-aktiwiteit bedryf, opkomende boere, plaaswerkers, gesinslede en besoekers.

In die tydperk 2001/2002 is die hoogste voorkoms van plaasaanvalle in die geskiedenis geregistreer, met 1 069 aanvalle wat in die betrokke jaar voorgekom het. Die hoogste voorkoms van moord was in die 1997/1998-tydperk, naamlik 153 moorde.

Wanneer statistieke van die polisie, soos in die parlement bekend gemaak is vir die afgelope ses jaar, van nader beskou word, het plaasaanvalle toegeneem en moorde op 'n jaar-tot-jaar-basis afgeneem. Oor die afgelope 19 jaar, van 1996/1997, het 12 567 aanvalle en 1 730 moorde voorgekom, met 'n gemiddeld van 661 aanvalle en 91 moorde per jaar. Die syfers spreek boekdele oor die omvang van plaasaanvalle en die veiligheidsbedreiging wat die gemeenskap daagliks moet trotseer.

> "Wanneer statistieke van die polisie, soos in die parlement bekend gemaak is vir die afgelope ses jaar, van nader beskou word, het plaasaanvalle toegeneem en moorde op 'n jaar-tot-jaar-basis afgeneem."

## VEEDIEFSTAL

- **Veediefstaleenheid se werksaamhede**

Volgens die Nasionale Veediefstaleenheid is die provinsies wat die meeste geraak is deur die aantal beeste wat gesteel is, KwaZulu-Natal, Vrystaat en Noordwes. Die meeste skape word gesteel in die Oos-Kaap, Vrystaat en Noord-Kaap.

Vyf van die brandpunt-polisiestasies kom in die Oos-Kaap voor, drie in KwaZulu-Natal en een elk in Mpumalanga en die Vrystaat.

Die volgende inligting is met die Sentrum van Uitnemendheid gedeel:

- Goeie vonnisse word vir veediefstaloortredings in sommige provinsies opgelê, terwyl in ander opgeskorte vonnisse opgelê word wat nie in ooreenstemming is met die erns van die oortreding wat begaan is nie. Dié aspek word deurlopend met die Vervolgingsgesag opgeneem;
- Wat renosterstroping betref, het 'n daling gedurende 2017 voorgekom. Kommer bestaan egter oor die toenames in die Vrystaat, Noord-Kaap, Noordwes en veral KwaZulu-Natal;
- In die Krugerwildtuin word goeie suksesse behaal in die voorkoming van renosterstroping deur hulle veldwagters;
- 'n Toename in 2017 is ook ervaar in die stroping van olifante en leeus. Dit is veral in die Vrystaat waar 'n toename in die stroping van leeus voorgekom het. Daar is magtiging dat 'n sekere aantal leeus per jaar uitgevoer mag word en in dié stadium word leeus hoofsaaklik doodgemaak vir die "muti"-bedryf;
- Wettige permithouers het in die verlede renosterhorings verkoop en daarna 'n saak van inbraak by die polisie geopen. Nadat daar teen dié gebruik opgetree is, het die voorkoms daarvan afgeneem; en
- Die meeste veediefstalsake is gewone misdaad en analises om die georganiseerdheid daarvan te bepaal, is nie in die onlangse verlede gedoen nie.

## WEERMAG-AANGELEENTHEDE

Die Suid-Afrikaanse nasionale weermag het die Sentrum van Uitnemendheid ingelig rakende hulle aktiwiteite aan die internasionale grens vir die tydperk van 1 Januarie 2017 tot einde Februarie 2018.

Die volgende suksesse is deur die weermag behaal:

- Vyftien sub-weermag-eenhede bestaande uit 2 754 manskappe is aan die internasionale grens ontplooi, wat gedurende Maart tot April 2018 geroteer sou word;
- 15 788 ongedokumenteerde persone is gearresteer;
- Onwettige goedere ter waarde van R23 miljoen is gekonfiskeer;
- 29 wapens is teruggevind;
- 18 ton dagga ter waarde van R60 miljoen is gekonfiskeer;
- ’n Totaal van 1 297 lewendehawe is teruggevind;
- 164 voertuie is teruggevind;
- 263 gesoekte misdadigers is gearresteer;
- Die weermag is ook besig met die implementering van mobiele pakkette, wat insluit voertuie aan die KwaZulu-Natal-, Mpumalanga-, Limpopo- en Oos-Kaap-grense;
- Die departement van openbare werke is verantwoordelik vir die infrastruktuur aan die grens om die weermag in staat te stel om die grens effektief te patrolleer. Hiervoor word kontrakteurs aangestel vir die implementering van ’n stelsel wat bestaan uit heinings, observasieposte, patrolliepaaie en mobiele ontplooiings;
- Die KwaZulu-Natal/Ndumo-grens sal voorkeur kry, veral omdat die gebied gebruik word vir die uitneem van gesteelde voertuie;
- Wat eksterne operasies betref, is die weermag in samewerking met die Kenia-weermag aktief betrokke in die Mosambiek-kanaal met operasies teen seerowery; en
- In die Demokratiese Republiek van die Kongo is die weermag betrokke met 1 143 personeellede in Operasie Mistral.

**Beveiligingstelsel**
Onderhandelinge is tans onderweg met Fidelity, rakende die verskaffing van ’n beveiligingstelsel aan die landelike landbougemeenskap. Gesprekke word tans gevoer om die volgende dienste tot die beskikking van die boerderygemeenskap te stel:

- Gewapende reaksie en tegniese ondersteuning;
- Die monitering van alarmstelsels landwyd;
- Taktiese intervensiespanne;
- Gespesialiseerde dienste, wat insluit gewapende reaksie, forensiese ondersoeke en bestuur van protesoptogte;
- Taktiese lugondersteuning;
- Ondersoeke, die neem van verklarings, saamstel van dossiere, skakeling met die polisie en spesialiseenhede om arrestasies en vervolging te verseker;
- Informasie-prosessering;
- Beskikbaarmaking van gespesialiseerde ondersoekers om in private vervolgings op te tree namens kliënte; en
- Optrede namens die kliënt in die hof om te help met opponering van borg, die saamstel van klagstate en die monitering van vordering van sake op die hofrol.

Die doel met die beveiligingstelsel is om elke plaas in te skakel by ’n huisalarmstelsel wat op ’n effektiewe basis gemonitor kan word en waarvandaan hulp ontbied kan word. Sodra die stelsel gefinaliseer is, sal dit met die ondersteuning van provinsiale affiliasies bekend gestel word.

## INTERNASIONALE MISDAADKONFERENSIE

’n Internasionale misdaad-konferensie is op 27 September 2017 gehou, waartydens internasionale sprekers van Amerika, Australië en Kenia voorleggings gemaak het. Die konferensie is deur Unisa gereël, in samewerking met Agri SA en die Rooivleis Produsente Organisasie.

Van die belangrikste aspekte wat tydens die konferensie geïdentifiseer is, was die volgende:

- Die belangrike rol wat georganiseerde landbou

speel in beleidsformulering en gevolglik daarmee moet voortgaan;
- Die belang van misdaad-intelligensie in die voorkoming van plaasgeweld;
- Die behoefte aan eenheid binne georganiseerde landbou in die hantering van die landelike misdaadprobleem; en
- Die vestiging van 'n Sentrum vir Navorsing oor landelike misdaad.

Uit die onderskeie aanbiedinge was dit duidelik dat boere wêreldwyd deur misdaad geteister word. In Suid-Afrika is die verskil egter dat die boerderygemeenskap ook nog te make het met plaas-aanvalle – iets wat die res van die wêreld se boere nie ken nie.

> "Uit die onderskeie aanbiedinge was dit duidelik dat boere wêreldwyd deur misdaad geteister word. In Suid-Afrika is die verskil egter dat die boerderygemeenskap ook nog te make het met plaasaanvalle – iets wat die res van die wêreld se boere nie ken nie."

## VERGADERING VAN BELANGSTELLENDES

Agri SA was op 2 November 2017 betrokke by 'n vergadering van belangstellendes om oor die vlaag plaasaanvalle wat in daardie tyd voorgekom het, gesprek te voer en moontlike oplossings daarvoor te oorweeg.

Van die besluite wat tydens die geleentheid geneem is, sluit die volgende in:

- Dat die Agri-sector Unity Forum (Asuf) versoek word om 'n inklusiewe sub-komitee daar te stel om 'n koördineringsrol te speel waarby ingesluit word verteenwoordigers van landelike bewoners, diensverskaffers en ander geïdentifiseerde betrokkenes;
- Dat die struktuur inklusief moet wees en daadwerklik nagestreef moet word;
- Die boodskap van die plattelandse bewoner moet provinsiaal, nasionaal en internasionaal oorgedra word, waartydens die belangrike rol uitgewys word wat die landbou in die ekonomie en voedselsekerheid speel asook sy bydrae tot stabiliteit in die land;
- Die vergadering moet op 'n dringende basis saamgeroep en gefasiliteer word; en
- Dat die Agri Securitas Trustfonds die nodige finansiële ondersteuning behoort te kry om voort te gaan met sy werksaamhede.

**Erkenning**

Lede van die boerdery-gemeenskap, provinsiale affiliasies, asook veiligheids-verteenwoordigers, wat op verskeie vlakke bydraes lewer om die veiligheid van landelike gemeenskappe te verseker, verdien erkenning en waardering.

'n Besondere woord van dank aan die Suid-Afrikaanse nasionale weermag (SANW), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Nasionale Vervolgingsgesag, Korrektiewe Dienste, en die Instituut vir Sekerheidstudies vir hulle ondersteuning aan die Sentrum van Uitnemendheid in sy poging om landelike veiligheid te bevorder.



# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

## Natuurlike Hulpbronne



*Wayman Kritzinger*

**Wayman Kritzinger dien as voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid vir Natuurlike Hulpbronne, bygestaan deur Willem Symington as ondervoorsitter, Cornie Swart as addisionele lid en Janse Rabie as funksionaris.**

### WATERSAKE

**Rouwatertariefbedeling**

Die departement van water en sanitasie (DWS) se goedgekeurde watertariefbedeling vir 2018/19 is aan die affiliasies gesirkuleer. Die persentasie styging in die waterhulpbroninfrastruktuur-tarief (WRI) het aanvanklik die ooreengekome maksimum van 17% (7% PPI plus 'n verdere 10%, afhangend van die vlak van onderverhaling van koste deur die staatswaterskema) oorskry. Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die aangeleentheid met die DWS opgeneem, waarna die nodige aanpassings gemaak is.

**Hersiening van die nasionale waterbeleid en -wetgewing**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid was aan die voorpunt van die hersiening van nasionale waterbeleid. Belangrike beleids- en wetswysigings ten opsigte van waterbeheer in Suid-Afrika sluit die volgende in:

- **Nasionale Waterhulpbronstrategie**

Die vereiste vir 'n Nasionale Waterhulpbronstrategie (NWRS) is 'n bepaling ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWA). Die NWRS is 'n strategiese beleidsdokument wat handel oor die algehele bestuur van Suid-Afrika se waterhulpbronne.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het deelgeneem aan die voorgestelde opdatering van die NWRS. Daar was belangrike verwikkelinge wat na verwagting 'n direkte invloed sal hê op verdere interaksies oor die NWRS. 'n Amptelike konsepweergawe van die NWRS sal na verwagting in Augustus/September 2018 gepubliseer word.

- **Nasionale Water- en Sanitasiemeesterplan**

Die Nasionale Water- en Sanitasiemeesterplan (NW&SMP) spruit voort uit die NWRS en behels in werklikheid die implementeringsplan van die NWRS. Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die DWS voorsien van breedvoerige kommentaar oor die NW&SMP. Hierdie kommentaar is aan al ons lede gestuur vir kennisname.

Die NW&SMP word tans gefinaliseer en verdere skakeling in hierdie verband sal in die tweede helfte van 2018 geskied.

- **Nuwe Water- en Sanitasiewet**

Die DWS is van voorneme om teen die middel van 2018 'n Konsep-Nasionale Wetsontwerp op Water en Sanitasie vir kommentaar te publiseer.

Die konsepwetsontwerp is veronderstel om die bestaande NWA en die Waterdienstewet, 1997 (Wet 108 van 1997) te konsolideer en om 'n enkele wet wat handel met beide watertoevoer en munisipale water- en sanitasiedienste in Suid-Afrika daar te stel.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid sal aan die voorpunt wees van deelname aan verwikkelinge rondom die konsepwetsontwerp (middel-2018).

- **Enkele opvanggebied-bestuursagentskap**

Die DWS het openbare werkwinkels gehou wat gehandel het oor die instelling van 'n enkele

opvanggebiedbestuursagentskap (CMA) (in plaas van nege) teen die tweede helfte van 2017. Op 15 Desember 2017 het die DWS gevra vir skriftelike kommentaar oor die Voorstel en konsep-besigheidsaak vir ‘n enkele CMA.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het deelgeneem aan die spesialis-werkwinkels oor die daarstelling van ’n enkele CMA en het omvattende skriftelike kommentaar op die konsep-besigheidsaak gelewer (afskrifte waarvan aan ons lede gestuur is vir kennisname). Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid was ook lid van ’n paneel van kundiges wat namens die DWS deur die Waternavorsingskommissie (WNK) aangestel is om die implikasies van ’n enkele CMA aan te spreek.

Die voorgestelde enkele CMA is sedertdien onbepaald uitgestel deur die DWS.

- **Onafhanklike Ekonomiese Reguleerder**

In Desember 2017 het die DWS ’n konsep-besigheidsaak vir die daarstelling van ’n onafhanklike ekonomiese reguleerder vir Suid-Afrika gepubliseer.

Die konsep-besigheidsaak stel voor dat ’n entiteit wat geheel en al afsonderlik van die DWS, is geskep word om onder meer met die volgende te handel:

- Onvoldoende belegging in onderhoud, opknapping en vervanging van infrastruktuur;
- Swak bestuur van dienste – onderbroke voorsiening, watergehalte, ens;
- Hoë vlakke van watergebruik waarvoor daar geen verklaring is nie – diefstal, vermorsing, ongefaktueerde gebruik;
- Gebiede wat steeds nie bedien word nie, veral sanitasie;
- Swak tariefstelling en -fakturering;
- Waarde vir geld in die aanwending van die Municipal Infrastructure Grant en Equitable Share; en
- Hoë skuldvlakke: nasionale en provinsiale regering aan plaaslike regeringswaterdienste (tussen plaaslike regering aan waterrade; waterrade aan die DWS) en tussen die DWS en die rouwatergebruikers.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die DWS voorsien van breedvoerige skriftelike kommentaar oor die konsep-besigheidsaak, afskrifte waarvan aan ons lede gestuur is vir kennisname. Verdere verwikkelings oor die voorgestelde daarstelling van ’n onafhanklike ekonomiese reguleerder sal fyn dopgehou word deur Agri SA en ons sal ons lede en geaffilieerde organisasies op hoogte hou in hierdie verband.

- **Oordrag van watergebruiksregte**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is deur die DWS voorsien van ’n interne omsendbrief oor die vertolking van artikel 25 van die NWA. Volgens hierdie omsendbrief is die DWS van mening dat artikel 25 van die NWA nie vertolk kan word as voorsiening vir private handel in watergebruiksregte nie.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is voorsien van ’n afskrif van ’n regsmening verkry van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Watergebruikersverenigings (SAAFWUA), wat die vertolking van artikel 25 van die NWA ingevolge die omsendbrief bevraagteken. Volgens die regsmening behoort die DWS sy omsendbrief te onttrek, by versuim waarvan ’n Hoërhof-regsgeding teen die departement aanhangig gemaak kan word.

Agri SA is van plan om hierdie aangeleentheid na die Hoërhof te verwys (onafhanklik of tesame met die SAAFWUA).

- **Verifiëring- en validasieproses**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is van mening dat die verifiëring en validasie van bestaande wettige watergebruiksregte noodsaaklik is met betrekking tot enige strategie of beleid binne die watersektor van Suid-Afrika.

Die DWS se huidige verifiëring- en validasieproses is oral in Suid-Afrika in verskillende stadiums van voltooiing.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is aktief besig om die DWS se vordering met die finalisering van die verifiëring- en validasieproses te moniteer en om druk op die departement uit te oefen in hierdie verband. Nadat die DWS die afsluitingsverslae vir die bogenoemde gebiede/ projekte voltooi het, sal hulle begin met 'n skakelingsproses om Agri SA te voorsien van behoorlike terugvoering oor die implementering van hierdie projekte.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid sal voortgaan om druk op die DWS uit te oefen in dié verband.

- **Watermetingvereistes**

Op 23 Februarie 2018 het die DWS in Staatskennisgewing 141 'n versoek gerig aan besproeiingsrade en watergebruikersverenigings (WGV's) om watermetingsapparate te installeer vir water wat onttrek word vir besproeiingsdoeleindes en om nakoming van die regulasies wat vereis dat sodanige water gemeet, aangeteken en gerapporteer word, te moniteer.

Ingevolge Staatskennisgewing 141 moes besproeiingsrade en WGV's wat magtiging het om water vir besproeiingsdoeleindes te onttrek, die nodige watermetingsapparate teen 23 Maart 2018 installeer.

Agri SA het deurgaans beweer dat die implementeringstydperk soos volgens die Staatskennisgewing onvoldoende is. Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het sy besware in hierdie verband aan die DWS voorgelê. Agri SA sal voortgaan om sy lede in te lig oor watergebruiksmeting en -rapportering ingevolge bestaande regeringsvereistes.

Agri SA het 'n beroep gedoen op sy geaffilieerde lede om kennis te neem van die watermetingvereistes en om watergebruikers in die landbousektor te maan om die metingsvereistes, soos redelikerwys voorgeskryf mag word, na te kom.

**Onwettige watergebruik**

Die onwettige gebruik van water is sorgwekkend en veroorsaak konflik en ongelykheid onder besproeiers.

Agri SA huldig steeds die standpunt (soos aanvaar deur sy kongres) dat hy geensins onwettige watergebruik deur sy lede kan of sal goedkeur, onderskryf of op enige wyse steun nie.

Derhalwe glo Agri SA dat die verifiëring- en validasieproses van waterregte bespoedig moet word en dat die uitslae in die onderskeie opvanggebiede beskikbaar gestel moet word vir openbare insae.

Kommentaar in hierdie verband moet dan geëvalueer word ten einde 'n databasis saam te stel wat so akkuraat moontlik is.

"Derhalwe glo Agri SA dat die verifiëring- en validasieproses van waterregte bespoedig moet word en dat die uitslae in die onderskeie opvanggebiede beskikbaar gestel moet word vir openbare insae."

Agri SA glo dat plaaslike CMA's in staat is om onwettige watergebruik stop te sit.

**Verswakkende watergehalte**

Daar is toenemend kommer oor die uitwerking van verswakkende watergehalte op die landbousektor. Die besoedeling van waterhulpbronne, oppervlakte- sowel as ondergrondse water, het in só 'n mate toegeneem dat landbouproduksie skade kan ly. Hoewel besoedeling op verskeie vlakke geskied, is munisipaliteite sleutelrolspelers in hierdie verband.

Agri SA het oor tyd verskeie benaderings gevolg om swak watergehalte aan te spreek. Dit sluit in die verkryging van senior regsadvies oor watergebruikers se regsposisie met betrekking tot die DWS se aanspreeklikheid.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is van mening dat watergehalte in opvanggebiede gemoniteer moet word op provinsiale vlak. Hierdie aangeleentheid behoort in

die interdepartementele C-SAW-strukture, asook waar die CMA's reeds funksioneel is, geopper word. Probleme in hierdie verband moet na Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid verwys word vir opvolging.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is bewus van die DWS se plan om 'n geïntegreerde nasionale watergehaltebeleid en -strategie te ontwikkel en sal daarop kommentaar lewer nadat dit gepubliseer is.

**Waterbeperkings**
Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is bekommerd oor die DWS se onvermoë om waterbeperkings soos afgekondig in die staatskoerant te moniteer en toe te pas. Dit blyk ook asof vooraf-beraadslaging nie bevredigend is nie. Dit kan die akkuraatheid van die berekeninge beïnvloed.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het aangedui dat doeltreffende waterbeheer slegs moontlik is waar WGV's en opvanggebiedbestuurstrukture, toegerus met die nodige vaardighede, in plek is.

Daar is steeds kommer oor die vertolking van die DWS se operasionele reëls vir implementering en opheffing van waterbeperkings. Voldoende reënval behoort te lei tot die onmiddellike opheffing van waterbeperkings.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die probleme wat ervaar word met die vertolking van operasionele reëls in verband met die instelling en opheffing van waterbeperkings, met die DWS opgeneem.

**Bou van nuwe damme en opgradering van bestaande damme**
Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die DWS gevra vir inligting oor die departement se beplanning rondom die bou van nuwe damme en opgradering van bestaande damme.

Die DWS het die volgende inligting voorsien:

- **Wes-Kaap**

Werk sal na verwagting binnekort begin om die Clanwilliamdamwal te verhoog. Die kanale sal ook vervang en opgegradeer word. Dit sal watertoevoer stabiliseer en die besproeiingspotensiaal vir opkomende boerdery-bedrywighede matig verbeter. Die Wes-Kaap se departement van landbou is aktief betrokke by hierdie projek.

> "Werk sal na verwagting binnekort begin om die Clanwilliamdamwal te verhoog. Die kanale sal ook vervang en opgegradeer word."

'n Projek om surplus winterwater vanaf die Bergrivier na die Voëlvleidam te pomp om die watertoevoer vanuit die dam te verbeter, sal binnekort 'n aanvang neem. Hierdie water sal hoofsaaklik gebruik word om huishoudelike water vir Kaapstad en Saldanha aan te vul.

Geen verdere damme word tans oorweeg nie.

- **Oos-Kaap**

Die Mzimvuburivier-ontwikkeling behels die bou van twee damme. Hoewel landbou deel uitmaak van die motivering, word die bekostigbaarheid van die water bevraagteken. Die bou van verdere damme – iets wat wel oorweeg word – fokus nie primêr op die landbou nie, met die uitsondering van kleinskaalse boere in sekere omstandighede.

Daar is verskeie groot damme in die voormalige Transkeigebied wat gebou is met die oog op landbou-ontwikkeling, maar dit was slegs tot 'n beperkte mate geïmplementeer. Voorbeelde is die Xonxa-, Lubisi- en Ncora-damme. Besproeiing vanuit die Doringrivierdam by Indwe het ook tot stilstand gekom. Tans verskaf die dam slegs water vir huishoudelike gebruik.

- **Sentraal**

In hierdie stelsel, wat die Oranje- en Vaalrivieropvanggebiede insluit, moes die tweede fase van die Lesotho Hooglandwaterprojek, naamlik die bou van die

Podihaledam, reeds begin het. Dit is uitgestel.

- **KwaZulu-Natal**

Verskeie groot projekte is onderweg of in die ondersoekstadium, maar slegs vir stedelike watertoevoer.

- **Limpopo**

Gegewe die eise wat ander sektore en stede maak op beskikbare water, is die moontlikheid van verdere besproeiing in die provinsie uiters skraal.

**Onwettige lisensiëring van watergebruik**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid raak toenemend bewus van onreëlmatighede in die wyse waarop die DWS se streekskantore in sekere dele van Suid-Afrika landbouwatergebruikslisensies uitreik.

Hierdie is 'n bron van diep kommer vir Agri SA. Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die aangeleentheid na die organisasie se regskomitee verwys sodat die komitee dit na 'n behoorlik ervare prokureur kan verwys.

**Toewysing van 'n Agri SA-watersentrum**

Agri SA het in 2018 vir Gregory Smith permanent aangestel om 'n watersentrum binne Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid te vestig en te bestuur. Die Agri SA-watersentrum is op 2 Mei 2018 van stapel gestuur.

Die Agri SA-watersentrum sal onder meer fokus op waterbeleid en wetgewende voorstelle soos die Konsep-Nasionale Water- en Sanitasiemeesterplan en die Nasionale Waterhulpbronstrategie.

Die huidige wysigings aan die Nasionale Waterwet, byvoorbeeld, sal die koste van water vir landbougebruikers bepaal, daarom is dit nodig om vanaf die begin met die regering en ander sleutel-belanghebbendes te skakel en saam te werk met die oog op 'n billike uitkoms. Die Agri SA-watersentrum sal ook insette aan die Waternavorsingskommissie (WNK) lewer oor navorsings-prioriteite en sal dien as 'n forum vir top-kundiges om hul insigte op 'n sinvolle wyse te deel.

In Mei 2018 het Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid 'n spesialistaakspan bestaande uit water- en regulatoriese kundiges aangestel wat, tesame met Agri SA, in die proses is om Agri SA se sleutelprioriteite vir die Agri SA-watersentrum te verfyn.



## OMGEWINGSAKE

**Skaliegas-ontwikkeling**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid staan aan die voorpunt van weerstand teen die voorgestelde vestiging van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika. Agri SA het deurgaans beweer dat hy, in die afwesigheid van inligting oor die beskikbaarheid van water en besonderhede oor hoe daar gehandel sal word met besmette grond en water, nie die voorgestelde ontwikkeling van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika kan onderskryf of ondersteun nie.

Agri SA het appèlle aangeteken teen die omgewingsmagtigings vir eksplorasiebedrywighede wat aan Rhino Oil & Gas in Noordwes, die Vrystaat, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap toegestaan is. Die uitslag van die appèlle word teen middel-2018 verwag.

> "Agri SA het verneem dat Shell beoog om sy pogings rondom skaliegasontwikkeling in Suid-Afrika beduidend af te skaal."

Agri SA het verneem dat Shell beoog om sy pogings rondom skaliegasontwikkeling in Suid-Afrika beduidend af te skaal. Omdat Shell egter versuim om sy aansoeke vir explorasieregte in die Karoo te onttrek, sal Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid voortgaan om 'n waaksame oog oor Shell en ander betrokke partye te hou.

**Memorandum van Verstandhouding – Kamer van Mynwese**

Agri SA en die Kamer van Mynwese is partye tot 'n Memorandum van Verstandhouding wat onder meer voorsiening maak vir 'n kommunikasieplatvorm oor sake van wedersydse belang. Ingevolge die Memorandum van Verstandhouding het Agri SA en die Kamer van Mynwese 'n eksterne konsultant aangestel om areas waar landbou en mynbou kan saambestaan, te ondersoek en te evalueer. Die partye beoog om 'n atlas voor te berei wat veronderstel is om deur die departement van mineralehulpbronne gebruik te word wanneer daar besluit word of mynbedrywighede in sekere hoëwaarde-landbougebiede toegelaat moet word.

Agri SA sal voortdurend sy verhouding met georganiseerde mynbou evalueer en herevalueer. Indien daar bevind word dat die huidige Memorandum van Verstandhouding nie die landbousektor bevoordeel nie, sal Agri SA sy verhouding met die Kamer van Mynwese herevalueer.

**Wet op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond**

Die proses rondom die Konsepwetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond (PDALB) het tot stilstand gekom.

Die doel van die PDALB is om hoëpotensiaal-landbougrond te beskerm en te behou vir landboudoeleindes. Hierdie grond word tans bedreig deur mededingende eise soos dié van die mynbedryf. Bestaande wetgewing bied nie vir die landbou 'n genoegsame regsbasis in hierdie verband nie.

Die Kamer van Mynwese stem nie saam met landbou-belanghebbendes binne Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) rakende die grondwetlikheid van die PDALB nie. Die menings-verskil hou hoofsaaklik verband met die vetoregte van die betrokke ministers en die magte van die onderskeie regeringsvlakke. Die Kamer van Mynwese het 'n regmening in hierdie verband verkry.

Agri SA moniteer die proses en sal, indien nodig, self regsmenings inwin.

**Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Biodiversiteit – Lyste en Regulasies van Uitheemse en Indringer-spesies**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het breedvoerige kommentaar gelewer op die voorgestelde Uitheemse en Indringerspesielyste en Uitheemse en Indringerspesieregulasies, wat in Februarie 2018 deur die departement van omgewingsake (DEA) uitgereik.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid

is bekommerd oor die DEA se geneigdheid tot oorregulering waar geen ooglopende ernstige omgewingsagteruitgang geskied nie.

'n Riglyndokument in hierdie verband, wat vroeër deur Agri SA voorberei is, is tot affiliasies se beskikking.

**Teenstrydige statutêre vereistes: Omgewingsimpakregulasies tot die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, saamgelees met die Wet op die Bewaring van Landbou-hulpbronne**

Die Omgewingsimpakstudie (EIA) regulasies plaas 'n regulatoriese en finansiële las op boere aangesien 'n basiese studie vereis word vir sekere aktiwiteite wat deel vorm van roetine-plaasbestuur. Sekere gelyste aktiwiteite, insluitend voorkoming van erosie, vereis EIA's. Dit hou weer koste-implikasies in vir die betrokke boere.

Daar is ook 'n regsdilemma deurdat die Nasionale Omgewingsbestuurwet (NEMA) en die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (CARA) teenstrydige verpligtinge op die grondeienaar plaas met betrekking tot bosindringing. Hierdie teenstrydighede maak dit onmoontlik vir boere om aan beide stelle wetgewing te voldoen.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) genader vir duidelikheid rondom die vertolking van sekere gelyste aktiwiteite wat onderhewig is aan omgewingsimpakstudies ingevolge NEMA maar teenstrydig is met die CARA-wetgewing.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid is tans betrokke by twee sub-werkgroepe onder die leiding van Daff om hierdie aangeleentheid aan te spreek.

**Migrerende plae – muggiebeheer**

Agri SA het vertoë gerig aan Daff om goedkeuring te verkry vir 'n nasionale beheerbeleid op ministeriële vlak vir muggies en quelea, soortgelyk aan die springkaanbeheerbeleid. Volgens terugvoering wat van Daff ontvang is, is die departement in die proses is om alle migrerende plaagbeheerbeleid te hersien ten einde dit in ooreenstemming te bring met die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002. Belanghebbendes, insluitend Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid, sal betrokke wees by die proses.

'n Navorsingsprojek word tans onderneem deur die WNK en is gemik op muggiebeheer. Die Rooivleis Produsente Organisasie is hierby betrokke.

Vertoë is aan Daff gerig om die herfskommandowurm in te sluit by die lys van migrerende plae.

**Bodembeskerming**

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het met Daff saamgewerk in inisiatiewe om grondagteruitgang te bestry. Dit sluit in die formulering van 'n omvattende strategie om slangbos-infestering oral in Suid-Afrika te bestry, asook om Daff te help met die formulering van 'n bewaringslandboubeleid.

Agri SA se Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid het ook breedvoerig kommentaar gelewer op, byvoorbeeld, die Konsep-Uitheemse en Indingerspesielyste en -regulasies soos deur DEA in Februarie 2018 gepubliseer, en DEA se voorgestelde Nasionale Wysigingwetsontwerp op Omgewingswette, met inbegrip van beduidende wysigings tot NEMBA.

In Mei 2018 het Agri SA se hoof van Natuurlike Hulpbronne deelgeneem aan 'n studietoer na Europa met die tema: *Soil information for sustainable development, agricultural, conservation and land use policies in South Africa*, onder leiding van die Landbounavorsingsraad, in samewerking met die Universiteit Stellenbosch en Daff. Die projek is geheel en al deur die EU-SA Dialoogfasiliteit befonds en sal behulpsaam wees in die daarstelling van 'n grondinligtingbestuurstelsel vir landbou in Suid-Afrika.



# AGRI SECURITAS TRUSTFONDS



*Japie Grobler*

**Die Raad van die Agri Securitas Trustfonds funksioneer onder voorsitterskap van Japie Grobler, met Kobus Visser as die funksionaris.**

**Inleiding**

Die Agri Securitas Trustfonds beywer hom vir 'n veiliger landelike omgewing deur plaaslike beveiligingsprojekte te ondersteun. Verbandhoudende projekte is gerig op voorkomende maatreëls sowel as nasorg.

Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

'n Belangrike aspek met die oorweging van die befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike raamwerk en institusionele werkwyse bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

**Ontstaan van die Trustfonds**

Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 deur Agri SA, in die lewe geroep.

> "Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 deur Agri SA, in die lewe geroep."

**Trustakte**

Die Trustakte maak voorsiening vir 'n Raad van Trustees wat uit nie meer as 12 lede mag bestaan nie. As 'n algemene riglyn by die aanstelling van trustees word die bestaande professionele werkstatus van kandidate in ag geneem.

Gedurende die verslagjaar, het Johannes Möller as trustee bedank. Tydens die laaste vergadering van die jaar, het die Raad besluit om oorweging te gee aan die vulling van vakatures. Verskeie individue is geïdentifiseer en genader om te verneem of hulle belang sou stel om as 'n trustee te dien. Die aanstelling van die nuwe trustees sal in die nuwe jaar verdere aandag geniet.

Die Raad het die Trustakte gewysig om voorsiening te maak vir 'n aangepaste werkwyse en om die Akte te vernuwe. Nadat die gewysigde Akte eenparig goedgekeur is, is dit deur die trustees onderteken, waarna dit voorgelê sal word aan die Meester van die Hooggeregshof, vir goedkeuring.

**Finansiële verslagdoening**

Die Trustfonds het 'n ongekwalifiseerde verslag van sy ouditeure ontvang.

Die Raad is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state. Die Ouditkomitee, onder die voorsitterskap van dr Chris Wentzel, het hom daarvan vergewis dat die Trustfonds as 'n lopende onderneming kan voortgaan. Die Raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die state en het sy waardering teenoor die Ouditkomitee uitgespreek. Die Ouditkomitee, na die verstryking van die huidige termyn, is hersaamgestel vir 'n periode van twee jaar en bestaan uit Kiewiet Ferreira (voorsitter), Johannes Möller en Hans van der Merwe.

## PROJEKTE DEUR DIE TRUSTFONDS GEFINANSIER

Die Trustfonds was sedert sy ontstaan by die finansiering van verskeie projekte betrokke, wat die volgende insluit: kamerastelsels, voorsiening van radiokommunikasiestelsels, oprigting van valhekke, verskaffing van landelikebeveiligingstoerusting, befondsing van navorsing oor motiewe vir plaasaanvalle, ondersteuning aan veiligheidslessenaars wat deur provinsiale organisasies bedryf word, aankoop van hommeltuie en traumaberading.

Gedurende die verslagtydperk het die Trustfonds die volgende projekte finansieel ondersteun:

## NASIONAAL

**Reformanda Beradingsdienste:** Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope elf jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwye beradingsdienste aan landbougemeenskappe. Individuele beradingsessies vind ook ná afloop van werkwinkels plaas.

Daar word telkemale dank uitgespreek teenoor die Trustfonds vir die finansiële ondersteuning vir die inisiatief wat geneem word om die landbougemeenskap te help om tersaaklike trauma te verwerk. Die sukses van die traumawerkwinkels is daarin geleë dat landbougemeenskappe wat nie naby ondersteunende dienste is om hul emosionele probleme aan te spreek nie, nou van die dienste van Reformanda gebruik kan maak.

**Sentrum van Uitnemendheid vir Landelike Veiligheid:** Die sentrum se beleidsoptrede is daarop gemik om die veiligheidposisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boerderygemeenskappe te bevorder. Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien omstandighede, insluitend die veiligheidsomgewing, bevorderlik is vir die daarstelling van 'n winsgewende en veilige landbousektor. Die Sentrum van Uitnemendheid vir Landelike Veiligheid fokus op 'n beleidsomgewing waarbinne landelike veiligheid bevorder kan word. Die Trustfonds maak 'n finansiële bydrae tot die funksionering van die werksaamhede van die sentrum.

> "Die sentrum se beleidsoptrede is daarop gemik om die veiligheidposisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boerderygemeenskappe te bevorder."

**Agri SA Transformasie-kommunikasieprojek:** Agri SA het 'n verantwoordelikheid om op die gebied van transformasie sy insette te verbreed. Dit is nie slegs noodsaaklik, uit 'n politieke, ekonomiese en maatskaplike oogpunt nie, maar ook omdat Agri SA se affiliasies – en veral bedryfsorganisasies – betekenisvolle verteenwoordiging van swart boere in hul ledebasisse het. Die Raad het toeligting van Agri SA ontvang oor die werk wat met die Transformasie-hub bereik word, asook die welslae wat behaal word met boerontwikkeling en mentorskapprogramme van bedryfsorganisasies. Die werk sluit ook ten nouste aan by die behoefte van die Raad om die werk wat kommersiële landbou doen as vertoonvenster te gebruik, om landelike veiligheid te bevorder.

Om 'n meer gefokusde benadering tot die projek te volg en die werk van die Transformasie-hub uit te dra, het Agri SA besluit om 'n kommunikasiebestuurder aan te stel vir die doel wat moontlik gemaak word met die finansiële ondersteuning van die Trustfonds.

Die Trustfonds se bydrae tot transformasie-kommunikasie sal dus Agri SA in staat stel om deur die kommunikasiebestuurder die goeie werk wat kommersiële landbou doen ten opsigte van transformasie, verder bekend te stel.

## PROVINSIALE PROJEKTE ONDERSTEUN

Die afgelope jaar is die volgende projekte na aanleiding van versoeke deur provinsies finansieel ondersteun:

## KWAZULU-NATAL

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Underberg Boerevereniging, kamerastelsel:** Om die misdaadprobleem, wat plaasaanvalle, diefstal van infrastruktuur en veediefstal insluit die hoof te bied, het die boerevereniging 'n kameranetwerk opgerig om die gebied te monitor.
- **Boston Boerevereniging, kamerastelsel:** Veediefstal is 'n ernstige probleem, asook algemene diefstal en huisinbrake. Die kamerastelsel sal gebruik word om verdagte voertuie te monitor en as afskrikmiddel te dien.

## VRYSTAAT

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Bothaville Distrikslandbou-unie, aankoop van 'n hommeltuig:** Misdaad is in die algemeen aan die toeneem in die gebied, spesifiek veediefstal, kabel-, sonpaneel-, diesel- en voertuigdiefstal. 'n Hommeltuig is aangekoop wat met infrarooi-kameras toegerus is, wat in landelike beveiligingoperasies gebruik sal word om die misdaad te help bekamp.
- **Vrystaat Landbou Veiligheidslessenaar:** 'n Veiligheidslessenaar is op die been gebring om kritiese veiligheidsinligting in te samel, misdaadtendense te bepaal, die implementering van die Landelikebeveiligingstrategie te monitor en die persoonlike veiligheid van lede te bevorder.
- **Trompsburg Boerevereniging, kamerastelsel:** Die gebied het reeds plaasaanvalle ervaar met veediefstal wat gereeld voorkom. Die kamerastelsel word gevestig om 'n datanetwerk met behulp van kameras daar te stel, wat aan 'n beheerkamer gekoppel sal wees om verdagte voertuie op te spoor.

## OOS-KAAP

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Albany Bathurst League Distrikslandbou-unie, kamerastelsel:** 'n Ontleding van die misdaadpatrone in die gebied wat hoofsaaklik bestaan uit veediefstal, wildstropery en huisinbrake het aangedui dat voertuie gebruik word in die uitvoering van die misdade. Die kamerastelsel sal deur 'n beheerkamer gemonitor word en relevante inligting oor misdaadaktiwiteite wat uit die stelsel verkry word, sal met die polisie gedeel word.

## NOORDWES

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Tosca Boerevereniging, kamera- en radiostelsel:** Die algemeenste misdade in die gebied is huisinbrake, veediefstal en renosterstropery. Weens 'n toename in verkeersvloei uit en na Botswana, sal die toerusting gebruik word om toegangsroetes in die gebied te monitor.
- **Agri Soetdoring, aankoop van landelike beveiligingstoerusting:** Die gebied het deurgeloop onder onluste, waartydens landerye en plaaswonings afgebrand is en die diefstal van omheiningsmateriaal en vee kom voor. Met die toerusting word beoog om die effektiwiteit van die gemeenskap se veiligheidsinisiatiewe te verbeter, kommunikasie- en reaksietye te bevorder.

## NOORD-KAAP

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Van Zylsrus Boerevereniging, kamerastelsel:** Die prioriteit-misdade wat in die gebied voorkom is veediefstal, onwettige jag, aanrandings en smokkelary. Die oprigting van 'n kamerastelsel op strategiese plekke behoort 'n bydrae te maak om die gebied te beveilig en te help beskerm.

- **Richmond Boerevereniging, oprigting van herhaler:** Deur die implementering van ’n radio-kommunikasiestelsel word gepoog om noodkommunikasie in die gebied te bevorder en om die effektiwiteit daarvan te verhoog, is ’n herhaler opgerig.

## GAUTENG

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Cullinum Boere-unie, aankoop van hommeltuig:** Algemene misdade in die gebied is plaasaanvalle, inbrake by wonings, diefstal van boorgatpompe en voertuie. Dit is ’n dig bebosde gebied en die hommeltuig sal gebruik word om misdadigers makliker op te spoor.

## LIMPOPO

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Potgietersrus Distrikslandbou-unie, nagsigtoerusting:** Misdaad het dramaties toegeneem, weens ’n toename in werkloosheid en die invloei van onwettige immigrante. Plaasaanvalle het voorgekom en renosterstropery het dramaties toegeneem. Die nagsigtoerusting sal gebruik word in misdaadvoorkomingoperasies.

## WES-KAAP

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Hex-Tafeldruifprodusente Vereniging, kameras en landelike beveiligingstoerusting:** Misdade in die area sluit in inbrake by wonings, moord, diefstal van landbouprodukte, asook boorgattoerusting. Die toerusting sal gebruik word in die bekamping van die diefstal van produkte en die monitering van toegangroetes.
- **Koue Bokkeveld Landbouvereniging, kamerastelsel:** Probleme word ervaar met verdagte voertuie uit die Ceres-omgewing, asook smokkelaars wat onwettig drank en dwelms in die gebied verkoop. Die kamerastelsel sal in samewerking met die polisie gebruik word om voertuigbeweging te monitor.
- **Agri Malmesbury, oprigting van herhalers:** Vee- en skrootmetaaldiefstal is ’n al groter wordende probleem en probleme word ervaar met smokkelhuise en dwelms in die gebied. Om die kommunikasiestelsel se effektiwiteit te verbeter, word herhalers opgerig, sodat noodkommunikasie beter kan plaasvind.

**Prestige Sportaand**
OFM en die onderskeie borge (Afgri, Senwes en NWK) van die Prestige Sportaand het besluit om nie gedurende die verslagjaar voort te gaan met die aanbied van die funksie nie. Die borge en OFM het besluit om hulle borgskap van die funksie direk aan die Trustfonds te bewillig. Die oorhandiging van die tjek het saamgeval met Agri SA se kongres in Oktober 2017.

**Landboujoernalis van die Jaar**
Die fokus van die kompetisie val op joernalistieke werk wat veral konsentreer op kommersiële boere se ondersteuning aan die ontwikkeling van swart opkomende boere. Die kompetisie word deur Landbouskrywers SA aangebied en word ondersteun deur die Agri Securitas Trustfonds. Santam Landbou was soos in die verlede die borg van die kompetisie.

Die kompetisie is vir die agtste keer aangebied en Nan Smith, ’n vryskutjoernalis, is as die wenner aangewys. Die kompetisie bestaan sedert 2010 en die vorige wenners was:

- 2017: Nan Smith (Vryskutjoernalis)
- 2016: Charl van Rooyen (Landbouweekblad)
- 2015: Nan Smith (Farmer’s Weekly)
- 2014: Denene Erasmus (Farmer’s Weekly)
- 2013: Martie Willemse (No-Line Produksies)
- 2012: Denene Erasmus (Farmer’s Weekly)
- 2011: Lindie van Rooyen (Farmer’s Weekly)
- 2010: Lisa Bohlmann (Dairy Mail)

**Fondsinsamelingsgeleenthede**
Die volgende fonds-insamelingsinisiatiewe is die afgelope jaar geloods:

”n Suksesvolle gholfdag met Senwes en NWK as hoofborge is gedurende Oktober 2017 in Parys gehou. Die dag het ’n surplus van nagenoeg R160 000 opgelewer.

Monsanto het tydens Agri SA se 2017-kongres mieliesaad ter waarde van R1 miljoen bewillig aan die Trustfonds. Onderhandelinge met ’n landboumaatskappy is tans onderweg om die saad oor te neem.

Santam Landbou het ‘n bedrag van R250 000 aan die Trustfonds geskenk.

Motorfietsentoesiaste, Bikers teen Plaasmoorde, van Gauteng het ’n byeenkoms gedurende September 2017 by die Hartbeespoortdam Vakansieoord gereël en ’n bedrag van R60 000 is by die geleentheid ingesamel om die boerderygemeenskap teen plaasaanvalle te beskerm.

**Die Trustfonds se vennote**
Sanlam, Alisom, Nissan SA, Sonfin en CrisisOnCall is die vennote van die Trustfonds. Hulle maak op ’n deurlopende basis finansiële bydraes tot die fonds. Hierdie strategiese vennootskappe stel die Trustfonds in staat om voort te gaan om ’n pro-aktiewe rol in landelike veiligheid te speel. Die voorsitter van die Trustfonds en medetrustees het besondere waardering vir hierdie maatskappye se meelewing en voortgesette betrokkenheid by die veiligheid van die boeregemeenskap.



# PERSONEEL


Die personeelkorps staan tans op 30 permanente werkers.

Leanne George het as kommunikasiebeampte aangesluit op 1 September 2017, maar het Agri SA se diens in Desember 2017 verlaat om haar studies voort te sit. Sy is opgevolg deur Melissa Tighy op 1 Junie 2018. Annemi Mennen het Agri SA se diens aan die einde van Mei 2018 verlaat en is as bemarkings-bestuurder opgevolg deur Aloise Fullex vanaf 1 Julie 2018. Yolisa Mfaise en Hamlet Hlomendlini het Agri SA se diens aan die einde van Julie 2018 verlaat. Jacob Ledwaba het aan die einde van 2017 afgetree, en is opgevolg deur Isaac Mkhize. Phumi Seopa is permanent as skoonmaker aangestel.

Jolanda Andrag is aangestel as sosio-ontwikkelingsamptenaar in die Transformasie Hub, ná voltooiing van haar internskap. Die besluit is ook geneem om die menslikehulpbronne-bestuursfunksie na Jahni de Villiers te verskuif, tesame met die bestuur van die Arbeid en Ontwikkeling Sentrum van Uitnemendheid.

Deur die finansiële ondersteuning van die Sasol Trust kon Agri SA vier internskappe skep, een elk by Arbeid en Ontwikkeling, die uitvoerende direkteur se kantoor asook Ekonomie en Handel. Mihlali Xhala het as intern aangesluit by Agri SA se Korporatiewe Aangeleenthede en Nel Coetzee het op 1 Julie 2018 as intern by Ekonomie en Handel aangesluit.






## ONDERSTEUNENDE FUNKSIES

**Jana Robinson:**
1. Dan Kriek
2. Phenias Gumede
3. Pierre Vercueil
4. Agri SA Direksie
5. Omri van Zyl

**Cynthia Mmela**
1. Ontvangs
2. Jahni de Villiers
3. Requier Wait
4. Annelize Crosby
5. Vlugreëlings

**Anneke Roux**
1. Kobus Visser
2. Janse Rabie
3. Annelize Crosby

## AANTAL PERSONEEL

| | |
|---|---|
| **Permanente personeel** | **30** |
| **Interns** | **4** |
| *** Kontrakteurs** | **1** |

# IN MEMORIAM

Agri SA bring hulde aan lede wat oor die afgelope jaar heengegaan het en betuig sy innige meegevoel met hulle naasbestaandes.

Agri SA wil spesiaal melding maak van landbouers, hulle gesinslede en plaaswerkers wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het. Die organisasie wil die naasbestaandes van sy opregte meegevoel verseker.



# ERETOEKENNINGS

**Erepresidente**

2009: Mnr L L (Lourie) Bosman
2005: Mnr J E (Japie) Grobler
2001: Mnr C J (Chris) du Toit
1996: Mnr J J (Boet) Fourie
1991: Mnr J (Nico) Kotzé
1989: Mnr J A (Kobus) Jooste
1985: Mnr J (Jaap) Wilkens
1973: Dr De la Harpe de Villiers
1956: Dr G J (Giepie) Rossouw

**Erevise-Presidente**

1980: Mnr A J (Albert) Basson
1972: Mnr J F (Jannie) van Wyk
1966: Mnr J G (Kobus) Grobler

**Eretoekennings by wyse van oorkondes**

2017: Mnr G (Gideon) Anderson
Mnr C (Charl) Senekal
Dr J H (Jan) Visser
Mnr J S (Johan) Pienaar
Mnr N M P (Nic) Opperman
Me H E (Elize) van der Westhuizen
2016: Mnr L S (Louw) Steytler
Mnr S F (Simon) Streicher
Mnr S (Salam) Abram
2015: Mnr C W P (Cor) Jansen van Vuuren
Mnr H B (Hennie) Laas
Mnr J H (Harry) Prinsloo
Prof M (Mohammad) Karaan
Mnr J F (Hans) van der Merwe
2014: Mnr P P J (Johan) van Rensburg
Mnr C K (Neels) Ferreira
Me L (Lillibeth) Moolman
Dr L (Leon) van Rooyen
Me N (Ntombi) Msimang – Postuum
2013: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr J A (Kosie) Loubser
Mnr A P (André) Botha
Mnr R K (Robert) Barnsley
2012: Mnr W J (Wessel) van der Merwe
Mnr A (Andries ) Beyers
Mnr J A (Koos) Pienaar
2011: Mnr C (Stoffel) Lombard
Mnr C J (Cerneels) Pietersen
2009: Mnr J E (Edward) Vorster
Mnr A C (Christof) Cloete
2008: Mnr H F (Koos) van Zyl
Mnr P J (Philé) van Zyl
Mnr J (Koot) Claassen
Sanlam
Vodacom
2007: Mnr P W (Pieter) Möller
Mnr W (Willie) Auret – Postuum
2006: Mnr H J (Bully) Botma
Dr J G (John) Williams
Mnr M W (Walter) Ntuli
Mnr P C P (Pieter) Meyer
Mnr A F (Riaan) van Wyk
Dr N (Neil) Theron - Postuum
2005: Mnr H J (Bully) Botma
Mnr I J (Izak) van der Merwe
Mnr W (Wilco) Beukes
Mnr J L (Jan) van der Walt
Barloworld Motor
2004: Mnr W A (Willie) Fourie
Mnr J J (Kiewiet) Ferreira
Vrystaat Landbou (Eeufeesjaar)
T&E FinOps
2003: Mnr H (Bokkie) van der Merwe
Mnr B P (Pieter) Erasmus
Mutual en Federal
Smartcom
Total SA
Land Bank
ABSA
Omnia
2002: Mnr J E (Japie) Grobler
Mnr C B (Bertie) van Zyl
Nissan SA
2001: Mnr G J (Giel) van Zyl
1998: Mnr C G (Charles) van Veijeren
Mnr C J (Cerneels) Claassen
Suid-Afrikaanse Droëvrugtekoöperasie (SAD)
1997: Transvaalse Landbou-unie (Eeufees)
1996: Mnr F J (Fanie) Hugo
Dr A I (Kraai) van Niekerk
1995: Mnr P H (Piet) Swart
Mnr G S (Gert) Bosch
1991: Mnr A B (Andries) van der Merwe
Dr A S (Japie) Jacobs
Natalse Landbou-unie (Eeufees)
1990: Mnr J E (Francis) Krone
1988: Mnr J J M J (Jan) van Vuuren
Mnr T D de K (Theunis) Pienaar
Dr A J (André) du Toit
1987: Mnr H J S (Hendrik) Schoeman
1985: Mnr D C (Donald) Sinclair
Mnr F P R (Frans) van Wijk
Mnr L C R (Louis) Bührman
Mnr C J P (Chris) Cilliers

**Eretoekennings by wyse van goue lapelwapen**

2017: Mnr C (Charl) Senekal
Dr J H (Jan) Visser
Mnr J S (Johan) Pienaar
Mnr N M P (Nic) Opperman
Me H E (Elize) van der Westhuizen
2016: Mnr L S (Louw) Steytler
Mnr S F (Simon) Streicher
Mnr S (Salam) Abram
2015: Prof M (Mohammad) Karaan
Mnr J F (Hans) van der Merwe
2014: Mnr P P J (Johan) van Rensburg
Mnr W (Wiehahn) Victor
Dr L (Leon) van Rooyen
Mnr C J (Chris) du Toit
Mnr J J (Boet) Fourie
2013: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr J A (Kosie) Loubser
Mnr A P (André) Botha
Mnr R K (Robert) Barnsley
2012: Mnr J D (Johannes) Möller
Mnr I (Izak) van der Merwe
Mnr C K (Neels) Ferreira
Mnr J E (Japie) Grobler
Mnr L L (Lourie) Bosman
Mnr W J (Wessel) van der Merwe
Mnr A (Andries) Beyers
Mnr J A (Koos) Pienaar

# SAMESTELLING VAN DIE KONGRES

Binne die struktuur van Agri SA berus die hoogste gesag by die kongres wat gedurende die verslagjaar soos volg saamgestel is:

## AMPSDRAERS

President
Adjunk-presidente
Voorsitter van Agri SA se Algemene Sakekamer
Voorsitter van Agri SA se Bedryfskamer

## AGRI SA ALGEMENE SAKEKAMER (69)

| | |
|---|---|
| Vrystaat Landbou | 13 |
| Agri Wes-Kaap | 12 |
| Agri Noord-Kaap | 11 |
| Agri Oos-Kaap | 10 |
| Kwanalu | 8 |
| Agri Noordwes | 7 |
| Mpumalanga Landbou | 3 |
| Agri Gauteng | 1 |
| Agri Limpopo | 2 |

## AGRI SA BEDRYFSKAMER (52)

### Akkerbou

| | |
|---|---|
| Graan Suid-Afrika | 14 |
| Suid-Afrikaanse Suikervereniging | 4 |
| Tabakinstituut van Suider-Afrika | 1 |
| Droëbone Produsente Organisasie | 1 |
| Katoen Suid-Afrika | 1 |
| Forestry South Africa | |
| Medium Grower's Group | 1 |

### Diereproduksie

| | |
|---|---|
| Melkprodusente-organisasie | 5 |
| Rooivleis Produsente Organisasie | 3 |
| Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika | 2 |
| SA Varkvleisprodusente-organisasie | 2 |
| Wildbedryf SA | 2 |
| Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer | 1 |
| Akwakultuur SA | 1 |

### Tuinbou

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse Vrugtebedryf | 2 |
| Vinpro | 3 |
| Suid-Afrikaanse Tafeldruifindustrie | 2 |
| Tamatieprodusente-organisasie | 2 |
| Suid-Afrikaanse Knoffelkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Subtropiese Kwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Piesangkwekersvereniging | 1 |

## KORPORATIEWE KAMER (34)

| | |
|---|---|
| ABInBev | 2 |
| Agri Tourism Africa | 2 |
| BASF | 2 |
| BATSA | 2 |
| DuPont Pioneer | 2 |
| Ernest & Young | 2 |
| Intelichem | 2 |
| Laeveld Agrochem | 2 |
| Nedbank | 2 |
| Obaro | 2 |
| Pro Agri Forum | 2 |
| RSA | 2 |
| Sanlam | 2 |
| Santam | 2 |
| Syngenta | 2 |
| Sonfin | 2 |
| Woolworths | 2 |

# STRUKTURE WAARIN AGRI SA VERTEENWOORDIGING GENIET

Agri SA het verteenwoordiging in talle amptelike strukture en strukture van die private sektor.

| AMPTELIKE STRUKTURE | VERTEENWOORDIGER(S) |
|---|---|
| **AgriSEB-handvesraad**<br>SEB Adviesraad | Christo van der Rheede<br>Jahni de Villiers |
| **AgriSETA** | Neil Hamman<br>Christo van der Rheede |
| **Departement in die Presidensie**<br>• Prestasiemonitering en evaluasie - Werkgroep oor Landelike-ontwikkeling (Uitkoms 6) | Omri van Zyl |
| **Departement van landbou, bosbou en visserye (Daff)**<br>• National Agriculture Disaster Risk Management Committee (NADRMCO)<br>• Nasionale Droogte-taakspan<br>• Fire Working Group<br>• Forum vir Hoof Uitvoerende Beamptes in die Landbou-sektor (CEO Forum)<br>• Landbouhandelsforum (LHF)<br>• Nasionale Landbounavorsingsforum (NARF)<br>• Nasionale Dieregesondheidsforum<br>• Nasionale Landbou-onderwys en Opleidingforum<br>• Minister se diensleweringforum<br>• Landbou Phakisa | Hamlet Hlomendlini<br><br>Hamlet Hlomendlini<br>Janse Rabie<br>Omri van Zyl<br><br>Hamlet Hlomendlini<br>Niël Joubert en Corné Louw<br>Martina Benadé<br>Dr Fanie Terblanche<br>Christo van der Rheede<br>Christo van der Rheede |
| **Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac)**<br>• Arbeidsmark- en Ontwikkelingskamer<br>• Handel-en-Nywerheidskamer | Jahni de Villiers<br>Hamlet Hlomendlini |
| **Nasionale Prioriteitskomitee oor Landelike Beveiliging (JOINTS)** | Kobus Visser |
| **Departement van samewerkende regering en tradisionele sake (CoGTA)**<br>• Nasionale Rampbestuur Adviesforum (NDMAF) | Hamlet Hlomendlini |
| **Waternavorsingskommissie (WNK)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |
| **Nasionale Minimumloon Kommissie** | Jahni de Villiers |

| PRIVAAT STRUKTURE | VERTEENWOORDIGER(S) |
|---|---|
| **Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa)**<br>• Direksie – alternatiewe direkteur<br>• Ekonomiese- en Handelsbeleidkomitee<br>• Maatskaplike Beleidskomitee en Subsektor Onderwys en Opleidingskomitee<br>• Omgewingsake-werkgroep | Omri van Zyl<br>Hamlet Hlomendlini<br>Jahni de Villiers<br>Janse Rabie |
| **Eskom**<br>• Landbou-tegniese werkgroep | Hamlet Hlomendlini |
| **Landbousektorvoorsorgfonds** | Jahni de Villiers<br>Pietman Roos |
| **Agri-sector Unity Forum (ASUF)** | Phenias Gumede |
| **Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel & Nywerheid (SACCI)**<br>• Koperdiefstal-werkgroep | Kobus Visser |
| **Nasionale Veediefstalforum** | Sarel Pretorius |
| **Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Besproeiing en Dreinering (SANCID)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |
| **Environmental Lawyers Association** | Janse Rabie |
| **Strategic Water Partners Network (SWPN)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |

| INTERNASIONALE STRUKTURE | VERTEENWOORDIGER(S) |
|---|---|
| **CAIRNS-Groep Boereleiers** | Dan Kriek<br>Omri van Zyl |
| **Suid-Afrikaanse-tak van die Internasionale Kamer van Koophandel & Nywerheid** | Omri van Zyl |
| **Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies (SACAU)** | Phenias Gumede |
| **World Farmers' Organisation (WFO)** | Dan Kriek<br>Omri van Zyl |



# Verkorte Finansiële State vir die jaar 2017/2018

## Staat van finansiële posisie op 30 April 2018

| | Aantekening | 2017/2018 | 2016/2017 |
|---|---|---|---|
| **Ekwiteit en Aanspreeklikhede** | | | |
| KAPITAAL EN RESERWES | 1 | 216 406 613 | 220 679 247 |
| | | **216 406 613** | **220 679 247** |
| **Aanwending van Kapitaal** | | | |
| NIE - BEDRYFSBATES | 2 | 45 787 392 | 42 097 625 |
| BELEGGINGS EN LENINGS | 3 | 168 158 658 | 177 750 921 |
| NETTO BEDRYFSBATES | | 2 460 563 | 830 701 |
| Bedryfsbates | 4 | 10 020 385 | 5 739 467 |
| Bedryfslaste | 5 | (7 559 822) | (4 908 766) |
| | | **216 406 613** | **220 679 247** |

### Aantekeninge tot die Finansiële State op 30 April 2018

| | 2017/2018 | 2016/2017 |
|---|---|---|
| **1 Kapitaal en Reserwes** | 216 406 613 | 220 679 247 |
| - Reserwes | 33 729 580 | 35 244 600 |
| - Opgehoopte inkomste | 182 677 033 | 185 434 647 |
| **2 Nie - Bedryfsbates** | 45 787 392 | 42 097 625 |
| Vaste eiendom | 44 870 900 | 41 102 270 |
| Motorvoertuie | 64 078 | 64 078 |
| Meubels en toebehore | 515 277 | 515 277 |
| Kantoortoerusting | 62 862 | 63 270 |
| Rekenaartoerusting | 162 121 | 205 875 |
| Elektroniese toerusting | 101 894 | 136 595 |
| Handelsmerk | 10 260 | 10 260 |
| **3 Beleggings en Lenings** | 168 158 658 | 177 750 921 |
| Sanlam | 149 650 | 141 534 |
| SA Reserwe Bank | 9 990 | 361 |
| Sanlam Multi Management Int | 167 999 018 | 177 609 026 |
| **4 Bedryfsbates** | 10 020 385 | 5 739 467 |
| Debiteure | 4 317 486 | 4 199 174 |
| Kontant en kontant-ekwivalente | 5 688 899 | 1 512 293 |
| Voorraad | 14 000 | 28 000 |
| **5 Bedryfslaste** | 7 559 822 | 4 908 766 |
| Krediteure | 3 117 741 | 3 602 001 |
| Voorsienings | 1 555 112 | 1 194 284 |
| Ander laste | 2 886 969 | 112 481 |

## Uitgebreide Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 April 2018

| | 2017/2018 | 2016/2017 |
|---|---|---|
| **AGRI SA ADMINISTRASIE** | | |
| Inkomste | 28 741 859 | 29 270 296 |
| Min: Uitgawes | (32 870 179) | (35 363 124) |
| Bedryfsurplus / (tekort) | **(4 128 320)** | **(6 092 828)** |
| **AGRI TYDSKRIF** | | |
| Inkomste | 5 012 331 | 4 731 971 |
| Min: Uitgawes | (4 627 043) | (5 013 017) |
| Bedryfsurplus / (tekort) | **385 288** | **(281 046)** |
| **INKWAZI GEBOU** | | |
| Inkomste | 5 129 567 | 4 440 792 |
| Min: Uitgawes | (4 144 150) | (3 790 703) |
| **Bedryfsurplus / (tekort)** | **985 417** | **650 089** |
| Inkomstebelasting terugbetaling | - | 676 413 |
| Herwaardasie van gebou | 3 768 630 | - |
| Netto surplus / (tekort) | **4 754 047** | **1 326 502** |
| **TOTALE SURPLUS / (TEKORT)** | **1 011 015** | **(5 047 372)** |

## Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig op 30 April 2018

| | | |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(2 908 590)** | **(5 316 006)** |
| Kontant ontvang van klante | 26 747 453 | 31 060 955 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | (37 416 517) | (43 893 783) |
| Kontant gebruik vir bedryfsaktiwiteite | (10 669 064) | (12 832 828) |
| Rente en dividende inkomste | 7 760 474 | 7 516 822 |
| Finansieringskoste | - | - |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **4 310 708** | **6 102 623** |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | - | (1 840) |
| Verkoop van eiendom, toerusting | 2 099 | 2 799 |
| Beweging in finansiële bates | 4 308 609 | 6 101 664 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Beweging in ander laste | 2 774 488 | (1 185 439) |
| Totale kontantbeweging vir die jaar | 4 176 606 | (398 822) |
| Kontant aan die begin van die jaar | 1 512 293 | 1 911 115 |
| **TOTALE KONTANT AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR** | **5 688 899** | **1 512 293** |

9 - 10 Oktober 2018

# Agri SA Kongres 2018

**PLEK**
Maslow Time Square
209 Aramistweg, Menlyn

# GROND

Die sleutel tot gedeelde
voorspoed in Suid-Afrika

**KONGRES NAVRAE:**
thea@agrisa.co.za | 012 643 3400

**BORG GELEENTHEDE:**
aloise@agrisa.co.za | 082 406 8208

AGRI SA

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

KINGJAMES 43709/A

# VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons ʼn wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou persoonlike en boerderybates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Santam. Regte, egte versekering.**

**Bel jou makelaar of gaan na www.santam.co.za/products/agriculture vir meer inligting.**

100 JAAR VAN REGTE, EGTE VERSEKERING

santam landbou

Santam is ʼn gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).



# BATSA se Opkomende Boere-Inisiatief verander die lewens van mense deur die ontwikkeling en bemagtiging van landelike gemeenskappe.








BATSA se Opkomende Boere-Inisiatief is een van die voorbeelde van hoe hierdie sektor die lewens van mense verander en sosiale ontwikkeling bevorder deur die bemagtiging van landelike gemeenskappe op 'n manier wat 'n werklike verskil maak.

Hierdie program het sedert 2011 die aanplant van meer as 800 ha tabak en meer as 1000 ha groentegewasse bewerkstellig. In die proses is 155 swart opkomende boere met meer as 3 900 afhanklikes onderhou. Dit is alles moontlik gemaak deurdat BATSA meer as R70 miljoen in die bedryf bele het.

BRITISH AMERICAN TOBACCO
SOUTH AFRICA

**www.batsa.co.za**



## GWK Trading

Ons kry vir elke produk ‘n mark. Nasionaal en internasionaal.



## GWK Farm Foods

Almal wil weet waar hul kos vandaan kom.
Ons produkte het hul oorsprong op die plaas.



## GWK Agri

Alles wat jy nodig het op die plaas om van
jou boerdery ‘n besigheid te maak.

**Ons mense voed mense**

Die ware toekoms van landbou is nie in die groei van plante en diere nie; dit is om ons boere se besighede te groei. Ons ondersteun elke besluit oor elke aspek van boerdery, hetsy dit op die plaas, tydens die verhandeling van produkte of die kos op jou bord is.

**Skakel ons by 053 298 8200**

gwk.co.za

GWK
innoveer landbou





# AgriSETA – your **partner** in agricultural training and development

At AgriSETA, the scope of our training and development programmes covers the **entire spectrum of agricultural activities**, from farming input services and actual farming activities through to farming-related handling and processing services.

**Therefore, our programmes cater to the needs of the following agricultural sectors:**

- All types of farming such as horticulture, animal husbandry, game, fish, crop and mixed farms
- Slaughtering and handling of meat and livestock products – red meat and poultry (including egg production)
- Processing of fibre, tea, coffee, macadamia nuts and tobacco
- Packing, drying, liquefying, exporting and importing fruit
- Milling, manufacturing, storage and handling of sugar, grain and starch products
- Animal feeds and pet foods
- Sale and distribution of agricultural raw materials and other farming inputs and requisites
- Agricultural research
- Pest control
- Seed production and marketing

In terms of the Skills Development Act, we are responsible for the **skills development** of learners, employed or unemployed, in the agricultural sector. We facilitate the implementation of learning through **learnerships**, **skills programmes**, **AET** and **tertiary studies** or **in-service training** through the allocation of grants. To ensure the quality provision of education and training, we are also responsible for **accrediting sector-specific training providers** and for monitoring the standard of training presented by them.

**Contact AgriSETA today to discover how we can broaden your professional horizons:**

012 301 5600
info@agriseta.co.za
012 325 1677
www.agriseta.co.za
PO Box 26024, Arcadia, 0007



AgriSETA

# A FARMER

## knows that seasons change, but growth lies in **cultivating partnerships**



## Leading agricultural finance bank since 1912

LAND BANK
We stand by you

Land Bank has been a proud partner to South African farmers since 1912. Our partnership with the agricultural sector has been built on the principles of respect, trust and commitment. Through partnerships, we are working together to enable technical support and skills transfer from established farmers to emerging farmers, offering the necessary financial support for them to grow to commercial scale.
Why not partner with us today?

**Tel: 0800 00 52 59 www.landbank.co.za Land Bank is a registered credit provider: Reg number NCRCP18**

# DEKALB®-innovasie ontsluit jou potensiaal



Die innoverende tegnologie en opbrengspotensiaal wat deel uitmaak van **DEKALB®**-genetika, verseker dat produsente kan uitsien na 'n mielie-oes om op trots te wees. Omdat ons kliënte vir ons belangrik is, word hierdie tegnologie en navorsing gerugsteun deur kundige advies en professionele diens om sodoende ons produsente se volle potensiaal te ontsluit.

DEKALB
PLANT JOU SUKSES

Kontak ons op: **011 790-8200** of **customercare.sa@monsanto.com**

Monsanto en **DEKALB®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

www.dekalb.co.za | DEKALB SA | @DEKALB_SA